Daar word van studente vereis om van die eerste assesseringsgeleentheid gebruik te maak vir alle modules wat in die Skool vir Geneeskunde aangebied word. Studente kan slegs kwalifiseer om aan 'n tweede geleentheid deel te neem indien hulle aan die eerste geleentheid deelgeneem het en daarvoor gekwalifiseer het.

(vi) Slaagvereistes

Sien Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat.

(vii) Bykomende Eksaminering

Sien Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat.

Die Algemene Reëls A53.4 is slegs van toepassing mits die student:



- (i) Wel toelating tot die assesseringsgeleentheid gehad het (dit wil sê 'n modulesyfer van minstens 40%).
- (ii) Minstens 30% in die ontbrekende module in die assesseringsgeleentheid behaal het.

Toeligting:

'n Student wat as geneeskundige fisikus by die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (RGBSA) wil registreer, sal benewens die graad BMedScHons nog praktiese ervaring in Kliniese Geneeskundige Fisika moet opdoen soos voorgeskryf deur die RGBSA.

Indien die honneursprogram voltyds gevolg word, word 'n addisionele indiensopleiding van twee jaar vereis, voordat registrasie by die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (RGBSA) kan geskied.

Indien die honneursprogram deelyds gevolg word en praktiese ervaring in Kliniese Geneeskundige Fisika terselfdertyd opgedoen word, word 'n addisionele indiensopleiding van een jaar vereis, voordat registrasie by die RGBSA kan geskied.

6. Geneeskundige Fisiologie Studiekode 8536

(i) Toelatingsvereistes

- (a) Die BMedSc/BSc of gelykwaardige kwalifikasie met Fisiologie as hoofdisipline.
- (b) Die Departementshoof selekteer studente ná 'n persoonlike onderhoud en assessering van akademiese meriete.

(ii) Kurrikulum

PHHG6808	Algemene Fisiologie	32 krediete
PHHC6808	<i>Capita Selecta</i> uit die dissiplinegebied Fisiologie	32 krediete
PHHS6808	Seminare uitgewerk oor Fisiologie	32 krediete
PHHP6808	'n Praktiese laboratoriumwerkstuk met 'n verslag of 'n seminaar oor die teorie van spesifieke biologiese laboratoriumtegnieke	32 krediete

(iii) Assessering

Deel I

PHHG6808

Die basiese aspekte van die hele dissiplinegebied of soos afgebaken deur die Departementshoof. (Een vraestel van drie uur)

Deel II

PHHC6808

Die bywoon van geskeduleerde nagraadse besprekings en die weergee van kennis aldaar opgedoen. (Een vraestel van drie uur)

Deel III

PHHS6808

Die veld oor Fisiologie wat deur die seminare gedek en deur die student uitgewerk is. (Een vraestel van drie uur)

Deel IV

PHHP6808

Die veld gedek deur praktiese laboratoriumwerk of die teorie van spesifieke biologiese laboratoriumtegnieke soos van toepassing. (Een mondeling van 30 minute)



Toeligting

- (a) Werkopdragte word deur die Departementshoof aan die student opgedra.
- (b) 'n Verslag en/of seminare moet in getikte vorm by die Departementshoof ingedien word, minstens een maand voor die assessering.

(iv) Slaagvereistes

Sien Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat.

7. Hematologie en Selbiologie (Dormant)	Studiekode 8537
--	------------------------

(i) Toelatingsvereistes

BMedSc of 'n gelykwaardige kwalifikasie met 'n toepaslike kurrikulum-samestelling.

(ii) Kurrikulum

Semester 1:

MHEM6810	Eritrosiet- en Leukosietafwykings en Ondersoeke	15 krediete
MHEH6810	Hemostase	15 krediete
MHEI6810	Immunohematologie en Hemolitiese Anemie	15 krediete

Semester 2:

MHEM6820	Eritrosiet- en Leukosietafwykings en Ondersoeke	15 krediete
MHEH6820	Hemostase	15 krediete
MHEI6820	Immunohematologie en Hemolitiese Anemie	15 krediete
MHEP6800	Hematologienavorsingsprojek	30 krediete

Leerplan

- (a) Basiese navorsingsbeginsels.
- (b) Indiening van 'n Navorsingsprojek wat in oorleg met die betrokke Departementshoof geskied.

Slegs een module mag per semester aangebied word, met uitsondering van MHEP6800 (Hematologieprojek) wat te eniger tyd ingedien kan word.

(iii) Assessering

Twee skriftelike vraestelle
Een praktikum
Een mondeling per semester

(iv) Slaagvereistes

Sien Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat.

8. Immunologie (Dormant)	Studiekode 8538
---------------------------------	------------------------

(i) Toelatingsvereistes

BMedSc of 'n gelykwaardige kwalifikasie met 'n toepaslike kurrikulum-samestelling.

(ii) Kurrikulum

MIMI6800	Immunohematologie	60 krediete
MIMH6800	Humorale en Sellulêre Immunologie	60 krediete
MIMC6800	Laboratorium- en Kliniese Immunologie	60 krediete
MIMP6800	Immunologieprojek	60 krediete

Leerplan

- (a) Basiese navorsingsbeginsels.



- (b) Indiening van 'n Navorsingsprojek wat in oorleg met die betrokke Departementshoof geskied.

Slegs een module mag per semester aangebied word, met uitsondering van MIMP6800 (Immunologieprojek) wat te eniger tyd ingedien kan word.

(iii) Assessering

(MIMI6800; MIMH6800; MIMC6800)

Twee skriftelike vraestelle

Een praktikum en

Een mondeling per semester

(iv) Slaagvereistes

Sien Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat.

9. Mediese Mikrobiologie/Virologie

Studiekode 8539

(i) Toelatingsvereistes

- (a) 'n BSc-graad of gelykwaardige kwalifikasie met 'n toepaslike kurrikulum wat Mikrobiologie insluit, verkieslik behaal met 'n minimum gemiddeld van 65% vir die eerste hoofvak op derdejaarsvlak. 'n Minimum gemiddeld van 65% in die tweede hoofdisipline sal voornemende aansoekers begunstig.
- (b) Toelating is onderhewig aan keuring en die aansoeker moet die Departement Mediese Mikrobiologie kontak vir aansoekvorms.
- (c) 'n Beperkte aantal studente per jaar sal gekeur word vir toelating tot die graad op grond van voorgraadse akademiese prestasie, beskikbaarheid van toesighoudende personeel en 'n onderhoud indien deur die departement aangevra.

(ii) Kurrikulum

Studente moet ses modules voltooi, wat vyf verpligte en een keusemodule wat in oorleg met die kursusleiers gekies word. MMKC6804 is 'n *Capita Selecta* module wat geneem mag word in die plek van een van die keusemodules in oorleg met en toestemming van die kursusleier van Mediese Mikrobiologie/Virologie. Die kursus begin op die datum soos deur die kursusleier bepaal.

Verpligte modules

MMKT6804	Navorsingstegnieke	16 krediete
MMKP6804	Navorsing: Projekvoorstel/Literatuurstudie	16 krediete
MMKR6800	Navorsingsprojek	40 krediete
MMKM6804	Nuwe navorsing in Mediese Bakteriologie	16 krediete
MMKV6804	Nuwe navorsing in Virologie	16 krediete

Keusemodules

MBGM6814	Diagnostiese Molekulêre Biologie	16 krediete
MBGI6814	Toepassing van Molekulêre Biologie en Immunologie	16 krediete
MMKC6804	<i>Capita Selecta</i>	16 krediete

(iii) Assessering

- (a) MMKT6804, MMKM6804, MMKV6804, MBGM6814, MBGI6814 en MMKC6804 word geassesseer volgens die individuele vereistes van elke module.
- (b) MMKP6804 word as 'n geskrewe projekvoorstel en 'n mondelinge voordrag geassesseer.
- (c) MMKR6800 word op grond van 'n geskrewe Navorsingsprojek en 'n mondelinge voordrag geassesseer.



(iv) Slaagvereistes

Sien Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat.

10. Mensgenetika

Studiekode 8540

(i) Toelatingsvereistes

- (a) BSc of BMedSc-graad met toepaslike kurrikulumsamestelling.
- (b) 'n Gemiddelde van minstens 60% vir elke hoofdissipline van die derde studiejaar word vereis.
- (c) Toelating is onderworpe aan keuring. Toepaslike voorgraadse dissiplines en akademiese prestasies sal onder andere in ag geneem word.

(ii) Kurrikulum

- (a) Module 1 - Skryf van wetenskaplike verslae
Module 2 - Kankergenetika
Module 3 - Molekulêre Biologie (lesings en praktika)
Module 4 - Mensgenetika – Sitogenetika
Module 5 - Mensgenetika – Sitogenetika Prakties
Module 6 - Mensgenetika – Molekulêre Genetika
Module 7 - Mensgenetika – Molekulêre Genetika prakties
Module 8 - Kliniese Genetika
Module 9 - Navorsingsprojek en Seminaar
- (b) Deelname aan die akademiese program van Mensgenetika en bywoning van lesings en seminare by ander departemente soos bepaal deur Mensgenetika, word vereis.

(iii) Modulesamestelling

MHGC6800	modules 4, 5 en 8	40 krediete
MHGM6800	modules 1, 2, 3, 6 en 7	40 krediete
MHGR6800	module 9	40 krediete

(iv) Assessering (MHGC6800, MHGM6800 en MHGR6800)

Twee skriftelike vraestelle (MHGC6800 en MHGM6800)

Navorsingsprojek, seminaar en mondelinge assessering (MHGR6800)

(v) Slaagvereistes

- (a) Behalwe waar 'n subminimum in bepaalde dissiplines deur die Universiteit goedgekeur is, is die slaagsyfer vir die graad BMedScHons 'n gemiddelde assessering-slaagsyfer van 50% in al die vraestelle.
- (b) Die graad BMedScHons word met onderskeiding toegeken indien 'n student 'n geweegde gemiddelde assesseringsyfer van minstens 75% behaal het.

11. Mensmolekulêre Biologie

Studiekode 8541

(i) Toelatingsvereistes

- (a) BMedSc, BSc of 'n gelykwaardige kwalifikasie met 'n toepaslike kurrikulum.
- (b) Toelating is onderworpe aan keuring en die aansoeker moet die vakhoof van Mensmolekulêre Biologie kontak.
- (c) Die honneursgraad in Mensmolekulêre Biologie sluit in drie verpligte modules (MBGT6804, MBGP6826 en MBGR6818) en drie keuse modules uit onderstaande lys, in oorleg met die vakhoof. 'n Eksamenvraestel van drie uur moet in elk van die keuse modules afgelê word. Vir MBGP6826 en MBGR6818 word 'n geskrewe wetenskaplike vraestel en mondeling voordrag vereis. MBGC6814 en MBGS6824 is



Capita Selecta-modules wat geneem kan word ná oorleg en toestemming van die vakhoof van Mensmolekulêre Biologie.

(ii) Kurrikulum

Die modules neem 'n aanvang op 'n datum soos deur die vakhoof bepaal.

Verpligte modules

MBGT6804	Navorsingstegnieke	16 krediete
MBGP6826	Navorsing: Literatuurstudie	24 krediete
MBGR6818	Navorsingsprojek	32 krediete

Keuse modules

MBGM6814	Diagnostiese Molekulêre Biologie	16 krediete
MBGI6814	Toepassing van Molekulêre Biologie In Immunologie	16 krediete
MBGH6814	Toepassing van Molekulêre Biologie In Hemostase	16 krediete
MBGC6814	<i>Capita Selecta</i>	16 krediete
MBGS6824	<i>Capita Selecta</i>	16 krediete

(iii) Assessering

- (a) MBGT6804 word geassesseer deur 'n mondelinge eksamen.
- (b) MBGP6826 en MBGR6818 word geassesseer deur 'n geskrewe wetenskaplike artikel asook 'n voordrag.
- (c) MBGM6814, MBGI6814 en MBGH6814 word geassesseer deur geskrewe opdragte en prakties soos voorgeskryf asook 'n skriftelike vraestel van drie uur.
- (d) MBGC6814 en MBGS6824 word geassesseer volgens die voorskrifte van die betrokke module.

(iv) Slaagvereistes

Sien Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat.



Reël MGH2 REËLS VIR DIE GRAAD MMed

'n Student moet aan sowel die bepalings van die Algemene Reëls vir Meestersgrade as aan die reëls van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe voldoen.

In oorleg met die reëls en regulasies van die RGBSA, vanaf 2014 moet alle kandidate die finale professionele eksamens (finale spesialis-eksamens) van die RGBSA slaag, soos tans aan die SA Kollege vir Geneeskunde(CMSA) gekontrakteer. Hierdie punt sal dan die finale uitkoms punt van die MMed-eksamens uitmaak. NAMB7900 sal steeds apart geëvalueer word en 'n persentasiepunt geallokeer word.

Die finale MMed-punt (vir pryse, onderskeidings, ens.) sal as volg bereken word:

70% = Finale uittreepunt van die RGBSA soos tans gekontrakteer aan die "CMSA" PLUS
30% = NAMB7900 en formatiewe assesserings, waarvan die gewig van die formatiewe komponent nie meer as 15% mag wees nie en soos deur elke individuele departement bepaal sal word.

Nagraadse studente word ná afloop van 'n keuringsproses aangestel soos neergelê en volgens riglyne soos van tyd tot tyd bepaal. Die toepaslike proses en riglyne is beskikbaar by die Nagraadse Administrasie-kantoor van die Fakulteit.

Reël MGH2.1 Dissiplines

Die graad kan in die volgende dissiplines verwerf word:

1. Anatomiese Patologie	11. Huisartskunde	21. Oftalmologie
2. Anesthesiologie	12. Interne Geneeskunde	22. Ortopediese Chirurgie
3. Chemiese Patologie	13. Kardiorakschirurgie	23. Otorinolaringologie
4. Chirurgie	14. Kerngeneeskunde	24. Pediatrie
5. Dermatologie	15. Kliniese Patologie	25. Pediatriese Chirurgie
6. Diagnostiese Radiologie	16. Mediese Mikrobiologie	26. Plastiese Chirurgie
7. Gemeenskapsgesondheid	17. Mediese Virologie	27. Psigiatrie
8. Geneeskundige Genetika	18. Neurochirurgie	28. Stralingsonkologie
9. Geregtele Geneeskunde	19. Neurologie	29. Urologie
10. Hematologie	20. Obstetrie & Ginekologie	

Reël MGH2.2 Toelatingsvereistes

Alvorens 'n student vir die MMed-graad mag registreer, moet hy/sy:

- Vir minstens drie jaar in besit wees van die MBChB-graad van hierdie Universiteit of 'n kwalifikasie wat deur die Universiteit as gelykwaardig geag word.
- Ten volle by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA) as geneesheer geregistreer wees vir onafhanklike praktykvoering volgens die Wet op Gesondheidsberoepe, Wet 56 van 1974.
- Nagraadse studente word ná afloop van 'n keuringsproses aangestel in 'n opleidingspos (kliniese assistent) soos neergelê en volgens riglyne. Die toepaslike proses en die riglyne is beskikbaar by die Nagraadse Administrasie-kantoor van die Fakulteit. Opleiding neem 'n aanvang nadat die kandidaat in bogenoemde pos aangestel is en 'n RGBSA-opleidingsposnommer by die Fakulteit se nagraadse kantoor ontvang het.

- (d) In geval van dissiplines waar die opleiding oor vyf jaar voltyds strek, uitgesonderd Geregtelike Geneeskunde, registreer 'n student in die eerste jaar van die MMed-program by die Universiteit as nagraadse student en word terselfdertyd aangestel as kliniese assistent in 'n toepaslike departement by die Akademiese Hospitaalkompleks.
- (e) In die geval van botallige aanstellings van buitelandse studente wat nie ten volle by die RGBSA geregistreer is nie, sal elke geval op meriete beoordeel word volgens voorskrifte van die RGBSA. Indien suksesvol, kan hierdie kandidate 'n graad ontvang, maar sal nie in staat wees om in Suid-Afrika te praktiseer nie sonder goedkeuring en registrasie by die RGBSA nie.

Toeligting:

- (i) Die student registreer in die eerste jaar van die MMed-program by die Universiteit as 'n nagraadse student en ontvang sodoende 'n studentenummer.
- (ii) In die geval van **vierjaarprogramme** registreer die student by die RGBSA as 'n kliniese assistent in opleiding en ontvang 'n raadsnommer. Die laaste twee jaar van die program moet sonder onderbreking voltooi word.
- (iii) In die geval van **vyfjaarprogramme** registreer die student nie as student in opleiding by die raad nie, maar as 'n onafhanklike mediese praktisyn, selfs al is hy/sy aangestel in 'n kliniese assistentpos by die werkgewer. Die rede hiervoor is dat by vyfjaarprogramme die Universiteit vyf jaar vir opleiding vereis terwyl die raad nie voorsiening maak vir vyfjaarprogramme nie, maar alle nagraadse programme as vierjaarprogramme beskou. Om hierdie veranderlike te bowe te kom, registreer die student wat 'n vyfjaarprogram volg eers van die tweede jaar af by die raad. By implikasie is 'n student wat 'n vyfjaarprogram volg dus nou vir vyf jaar by die Universiteit en vir vier jaar (vanaf die tweede studiejaar) by die raad geregistreer. Die laaste drie jaar van die program moet sonder onderbreking voltooi word.
- (iv) Hierna moet die student aan die begin van elke jaar as nagraadse student by die Universiteit, en as kliniese assistent by die RGBSA registreer soos verduidelik hierbo.
- (v) Indien die student nie in die pos van kliniese assistent aangestel word nie en die MMed-program staak, is geen terugbetaling van klasgelde ter sprake nie.
- (vi) In gevalle waar langverlof vir siekte of swangerskap toegestaan word, sal addisionele tyd aan die einde van die opleidingstyd bygevoeg word om toe te laat vir genoegsame opleiding en soos van tyd tot tyd voorgeskryf deur die RGBSA.

Reël MGH2.3 Erkenning van opleiding aan 'n ander erkende inrigting ontvang

1. Moontlike vrystelling, geheel of gedeeltelik, op grond van vergelykbare opleiding en ervaring wat in 'n ander erkende inrigting opgedoen is in 'n opleidingspos met 'n RGBSA-nummer, kan deur die Universiteit verleen word ten opsigte van die opleiding en werk.

Die maksimum toelaatbare tydperk van vrystelling aan 'n ander erkende inrigting is 24 maande.

2. Vir MMed-programme wat oor vyf jaar strek, kan vrystelling vir een jaar inwoning verleen word onderhewig aan die volgende voorwaardes:
 - (i) In spesiale merietegevalle;
 - (ii) Met bewys van genoegsame ondervinding; en
 - (iii) Met aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde en goedkeuring deur die Fakulteitsbestuur.



Toeligting:

- (i) Spesiale meriete verwys hier na tydperke van opleiding wat minstens oor 12 maande strek en minstens vir ses maande aaneenlopend in 'n geakkrediteerde inrigting, afdeling of departement deurloop is as Mediese Beampte. Die gemelde tydperke van opleiding moes binne die afgelope twee jaar voordat vir nagraadse studie ingeskryf is, plaasgevind het.
- (ii) Genoegsame ondervinding moet bewys word deur middel van 'n logboek en sertifisering van die hoof van die afdeling of departement waar die ondervinding opgedoen is. Bovermelde inligting van 'n huidige geregistreerde student moet dan deur die Departementshoof geassesseer en goedgekeur word as ekwivalent aan die eerste jaar van opleiding in die rigting as kliniese assistent.
- (iii) Aansoeke vir vrystelling van die inwoningstydperk moet binne die eerste 12 maande na inskrywing as nagraadse student ingedien word. Geen aansoeke sal na hierdie tyd hanteer word nie.

Reël MGH2.4 Duur van program

- (a) Die opleiding strek oor vier of vyf jaar voltyds, na gelang van die vereistes van die betrokke departement waaronder die hoofvak ressorteer (kyk Reël MGH2.6).
- (b) In uitsonderlike gevalle sal deeltydse studie toegelaat word met verrekening van die duur van die program.
- (c) Kliniese assistente moet by aanstelling, en daarna jaarliks aan die begin van die kalenderjaar, as student by die Universiteit en as kliniese assistent by die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika registreer.

Reël MGH2.5 Kliniese ondervinding

Slegs die pos van kliniese assistent word deur die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (RGBSA) as 'n opleidingspos erken.

Reël MGH2.6 Kurrikulum

Die kurrikulums vir die verskillende dissiplines waarin die graad MMed verwerf kan word, bestaan uit die verpligte modules vermeld in Reël MGH2.6.1, asook die dissipline-spesifieke kurrikulum se betrokke hoofvak, basiese vakke en byvakke soos uiteengesit in Reël MGH2.6.2.

Reël MGH2.6.1 Algemene kurrikulum verpligtend vir alle dissiplines

A. Navorsingskomponent	76 Krediete
-------------------------------	--------------------

Die navorsingskomponent van die MMed-program bestaan uit twee afdelings, naamlik Navorsingsmetodologie (NAMA7903) en Mini-verhandeling (NAMB7900):

NAMA7903 Navorsingsmetodologie

Toeligting:

- (i) 'n Minimum bywoningsyfer van 75% word vereis.
- (ii) 'n Student moet bevredigende vordering in NAMA7903 (Navorsingsmetodologie) toon om toegelaat te kan word tot NAMB7900 (Mini-verhandeling).
- (iii) 'n Kandidaat kan vrygestel word van NAMA7903 as 'n student reeds 'n nagraadse kwalifikasie verwerf het wat die skryf van toetse of eksamen oor die toepaslike mediese navorsingsmetodologie en statistiek behels.
- (iv) Die module NAMA7903 (Navorsingsmetodologie) moet **binne die eerste 18 maande** afgehandel word.



Toeligting:

- (i) Die Mini-verhandeling kan een van die volgende behels:
 - 'n Volledige navorsingsprojek.
 - 'n Kritiese akademiese ontleding van minstens vyf eweknie-geëvalueerde publikasies of 'n meta-analise.
 - 'n Diepgaande, literatuurgesteunde oorsig van een of meer kliniese gevalle.
 - Die MMed-navorsing moet verkieslik in die formaat van 'n publseerbare onderling verbandhoudende manuskrip/gepubliseerde artikel aangebied word vir assessering.
- (ii) Dissiplines bepaal individueel watter van bogenoemde keuses toepaslik is.
- (iii) Alle assessorsverslae en punte spreivelle moet by die Nagraadse Administrasie-kantoor ingedien word.
- (iv) MMed (Gemeenskapsgesondheid) - Studiekode 8730: MVKS7900 – Mini-verhandeling sal NAMB7900 vervang.
MMed (Huisartskunde) – Studiekode 8753: MRPD7900 sal NAMB7900 vervang.

B. Gesondheidsorgpraktykvoering**Bywoning****MGPV7900****Gesondheidsorgpraktykvoering**Toeligting:

- (i) 'n Minimum bywoningsyfer van 80% word vereis.
- (ii) Alvorens die MMed-graad verwerf kan word, moet 'n student by wyse van bywoning module MGPV7900 geslaag het.
- (iii) Onderwerpe soos mediese etiek en reg, kommunikasie, praktykbestuur, inligtingstelsels, toepaslike beleid en oriëntering kan in die sillabus ingesluit word.
- (iv) MGPV7900 word in die **eerste 24 maande ná registrasie** as student aangebied en moet oriëntering, etiek en reg, kommunikasie en praktykbestuur insluit.

Reël MGH2.6.2**Dissipline-spesifieke kurrikulums**

Die kurrikulums vir die verskillende dissiplines waarin die graad MMed verwerf kan word, bestaan uit die verpligte modules vermeld in Reël MGH2.6.1, asook die betrokke hoofvak, basiese vakke en byvakke soos uiteengesit in Reël MGH2.6.2.

Elke dissipline se sillabus word so opgestel dat die MMed-student onder toesig gelei word om met toenemende vertroue en verantwoordelikheid die beoordeling en behandeling van pasiënte in buitopasiënteafdelings, sale en operasiesale van die opleidingsinrigtings waar te neem.

Enige erkenning van inwoningstydperk of assessering moet deur die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde goedgekeur word.

Kliniese assistente sal deelneem aan voorgraadse opleiding en assessering, onderworpe aan die reëls wat in die individuele departemente van toepassing is.

1. Anatomiese Patologie – MMed (Anatomiese Patologie) Studiekode 8703
480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)

Deel I:	Basiese vakke:	MANP7900 [#]	Anatomiese Patologie	120 krediete
		NAMA7903	Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900	Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning

[#]Goedgekeurde faset(te) van MCEP7900, MHEA7900, MMKA7900, MVIA7900 en MANP7900 (kyk Reël MGH2.7.1).

Deel II:	Hoofvak:	MANM7900	Anatomiese Patologie	284 krediete
		NAMB7900	Mini-verhandeling	64 krediete

Toeligting:

- (i) Moontlike erkenning kan van die Dagbestuur, Skool van Geneeskunde vir die drie onderstaande modules verleen word:

*MCEB7900	Chemiese Patologie	175 krediete
*MHEM7900	Hematologie	175 krediete
*MMKM7900	Mikrobiologie	175 krediete
- (ii) *Een of twee van bogenoemde vakke kan in oorleg met die betrokke Departementshoof(de) aangebied word.
- (iii) Op aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde kan vrystelling verleen word van die Universiteit se primêre eksamen, mits die SA Kolleges vir Geneeskunde se primêre eksamen reeds geslaag is.

Inwoningstydperk (RES): Vier jaar, waarvan minstens drie jaar in Anatomiese Patologie moet wees.

2. Anesthesiologie – MMed (Anesthesiologie) Studiekode 8704
480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)

Deel I:	Basiese vakke:	PHMM7900	Fisiologie (Geneeskunde)	60 krediete
		MFRM7900	Farmakologie	60 krediete
		MCHP7900	Chemiese Patologie	40 krediete
		MPMA7900	Geneeskundige Fisika	40 krediete
		NAMA7903	Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900	Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning

Deel II:	Hoofvak:	MANS7900	Anesthesiologie	
			Portefeulje	204 krediete
		NAMB7900	Mini-verhandeling	64 krediete

Toeligting:

- (i) Die portefeulje, wat die volgende insluit, moet ingedien word voordat die finale eksamen afgelê word:
 1. Mini-verhandeling (NAMB7900 volgens Reël MGH2.6.1). Keuse I (volledige navorsingsprojek) en II (meta-analise of sistematiese oorsig), maar nie III nie, soos uiteengesit in die toeligting, sal aanvaar word.
 Alternatiewelik tot die keuses gestel in Reël MGH2.6.1, sal 'n artikel wat vir publikasie in 'n erkende tydskrif met eweknie-evaluasie aanvaar is, en wat op die voorskrifte vir hierdie module gebaseer is, ook as mini-verhandeling oorweeg word.
 Die navorsingsverslag moet ses maande voor Deel II eksamen ingedien word. In uitsonderlike gevalle mag uitstel van die navorsingsverslag tot na die Deel II eksamen



toegelaat word, met aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde en goedkeuring deur die Fakulteitsbestuur.

2. Logboek.
3. Bewys van opleidingstake afgehandel, insluitend bywoningsmodules NAMA7903 Navorsingsmetodologie en MGPV7900, asook ander take.
- (ii) Deurlopende evaluering (die portefeulje) sal 'n persentasie van die eindassessering tel saam met die Deel II-eksamen.
- (iii) Meer kurrikulumbesonderhede is by die Departementshoof Anesthesiologie en op die webwerf beskikbaar.
- (iv) Op aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde kan Deel I-eksamen van die Kollege vir Anesthesiologie erken word, maar bykomend moet ook Chemiese Patologie (MCHP7900) geslaag word voordat die finale eksamen (Deel II) afgelê mag word.
- (v) Die RGBSA enkel-uitkeer professionele eksamen sal as ekwivalent van die Deel II-eksamen aanvaar word. Geen interne Deel II eksamen sal aangebied word nie.
- (vi) Die toekenning van die kwalifikasie is onderhewig aan die slaag van die hoofvak (MAN57900), drie maande inwoning by 'n kritiekbesoortening en die indiening van 'n volledige portefeulje soos vereis in Reël MGH2.6.1(a). Die finale eksamen, mini-verhandeling en aspekte van deurlopende evaluering word deur eksterne eksaminator(e) geassesseer.

Inwoningstydperk (RES): Vier jaar.

3. Chemiese Patologie – MMed (Chemiese Patologie) Studiekode 8705
480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)

Deel I:	Basiese vakke:	MCEM7900 [#] Chemiese Patologie	120 krediete
		NAMA7903 Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900 Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning

[#]Goedgekeurde faset(te) van MCEP7900, MHEA7900, MMKA7900, MVIA7900 en MANP7900 (kyk Reël MGH2.7.1).

Deel II:	Hoofvak:	MCEB7900 Chemiese Patologie	284 krediete
		NAMB7900 Mini-verhandeling	64 krediete

Toeligting:

- (i) Deel II van die eksamen mag slegs afgelê word na voltooiing van die mini-verhandeling (NAMB7900).
- (ii) Moontlike erkenning kan van die Dagbestuur, Skool van Geneeskunde vir die betrokke onderstaande modules verleen word:

*MCEB7900	Chemiese Patologie	175 krediete
*MHEM7900	Hematologie	175 krediete
*MMKM7900	Mikrobiologie	175 krediete
- (iii) *Een of twee van bogenoemde vakke kan in oorleg met die betrokke Departementshoof(de) aangebied word.

Inwoningstydperk (RES): Vier jaar, waarvan minstens drie jaar in Chemiese Patologie moet wees.



4. Chirurgie – MMed (Chirurgie)				Studiekode 8706
600 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)				
Deel I:	Basiese vakke:	ANMG7900	Anatomie	60 krediete
		PHMM7900	Fisiologie (Geneeskunde)	60 krediete
		MAPB7900	Anatomiese Patologie	60 krediete
Deel II:		NAMA7903	Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900	Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning
	Byvak:	MCHI7900	Algemene Chirurgiese Beginsels insluitend Intensiewe Sorg	152 krediete
Deel III:		NAMB7900	Mini-verhandeling	64 krediete
	Hoofvak:	MCHR7900	Algemene Chirurgie	192 krediete

Toeligting:

- Die mini-verhandeling moet voltooi wees ses maande voordat die finale eksamen afgelê word, anders sal toelating tot hierdie eksamen geweier word.
- Die mini-verhandeling moet apart geslaag word om die graad te behaal.
- Deurlopende evaluering sal as deel van die eindassessering tel.
- Logboek: Kandidate moet 'n logboek hou waarin al die chirurgiese prosedures wat uitgevoer of geassisteer is, aangeteken word. Hierdie logboek moet ingedien word voordat Deel III van die eksamen afgelê word.
- Op aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde kan vrystelling verleen word van die Universiteit se primêre eksamen, mits die SA Kolleges vir Geneeskunde se primêre eksamen reeds geslaag is. Dieselfde beginsel kan vir die Intermediêre eksamen geld.

Inwoningstydperk (RES): Vyf jaar.

5. Dermatologie – MMed (Dermatologie)				Studiekode 8707
480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)				
Deel I:	Basiese vakke:	PHMM7900	Fisiologie (Geneeskunde)	60 krediete
		ANMM7900	Mikro-anatomie	60 krediete
		NAMA7903	Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900	Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning
Deel II:	Hoofvakke:	MDER7900	Dermatologie	224 krediete
		MPLH7900	Patologie van huid (albei hoofvakke moet gelyktydig geslaag word)	60 krediete
		NAMB7900	Mini-verhandeling	64 krediete

Toeligting:

- Op aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde kan Deel I van die Kollege van Dermatologie van Suid-Afrika erken word as gelykwaardig aan MMed Deel I.
- Op aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde kan Deel II van die Kollege van Dermatologie van Suid-Afrika (FCDerm) erken word as gelykwaardig aan die finale assessering van MDER7900. Om die graad MMed (Dermatologie) te behaal, moet 'n kandidaat die eksamen in MPLH7900 slaag,



omdat geen gelykwaardige eksamen tans deur die Kollege aangebied word nie. Toestemming om FC(Derm) Deel II te skryf, sal toegestaan word slegs ná suksesvolle afhandeling van MPLH7900.

- (iii) 'n Gedetailleerde modulegids waarin die leerplanne, assesserings en assesseringsvereistes, navorsingsvereistes, opleidingspligte, ens, volledig uiteengesit word, word aan kliniese assistente gegee en hulle moet dit skriftelik aanvaar.

Inwoningstydperk (RES): Vier jaar.

6. Diagnostiese Radiologie – MMed (Diagnostiese Radiologie) Studiekode 8708
600 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)

Deel I:	Basiese vakke:	ANMR7900	Anatomie en Radiologiese Anatomie	60 krediete
		MPMR7900	Radiologiese Fisika	60 krediete
Deel II:	Byvak:	PHMM7900	Fisiologie (Geneeskunde)	60 krediete
		PATR7900	Patologie	60 krediete
		RADP7900	Algemene Radiologie Beginsels	92 krediete
		NAMA7903	Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900	Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning
Deel III:	Hoofvak:	MDIR7900	Diagnostiese Radiologie	192 krediete
		NAMB7900	Mini-verhandeling	64 krediete

Toeligting:

- (i) 'n Gedetailleerde modulegids waarin die leerplanne, assesserings en assesseringsvereistes, navorsingsvereistes, opleidingspligte, ens, volledig uiteengesit word, word aan MMed-studente gegee en hulle moet dit skriftelik aanvaar.
- (ii) MMed (Diagnostiese Radiologie): Eksamen in Patologie(PATR7900), Fisiologie(PHMM7900) en Algemene Radiologie Beginsels(RADP7900) moet afgelê word nie voor vyf (5) semesters en nie later as ses(6) semesters na eerste registrasie vir die kwalifikasie.
- (iii) NAMB7900: Mini-verhandeling/verbandhoudende publiseerbare manuskrip/gepubliseerde artikel moet nie later as 12 maande voor die finale assessering ingehandig word, anders sal toelating tot die eksamen geweier word.
- (iv) Deurlopende evaluering sal as deel van die eindassessering tel.
- (v) Op aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde kan vrystelling verleen word van die Universiteit se primêre eksamen, mits die SA Kolleges vir Geneeskunde se primêre eksamen reeds geslaag is. Dieselfde beginsel kan vir die intermediêre eksamen geld.

Inwoningstydperk (RES): Vyf jaar.

7. Gemeenskapsgesondheid – MMed (Gemeenskapsgesondheid) Studiekode 8730
480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules – uitgesluit NAMB7900)

Deel I:	Basiese vakke:	MVKG7900	Oordraagbare en Nie-Oordraagbare Gesondheids-verwante Toestande	60 krediete
		MVKA7900	Administrasie-/Bestuursteorie en Gedragwetenskappe	60 krediete



Assessering:

Een drie-uur vraestel in elk van MVKG7900, MVKA7900 en MVKT7900. Die assessering vir Deel I mag nie voor die einde van die eerste jaar van opleiding afgelê word nie.

Deel II:	Hoofvak:	MVKC7900 Gemeenskapsgesondheid	200 krediete
		(i) Administrasie/Bestuur van Gesondheidsdienste (ii) Sistematiese en Ingrypingsepidemiologie (iii) Omgewingsgesondheid	
		MVKS7900 Mini-verhandeling	100 krediete
		*MVKS7900 sal NAMB7900 vervang	

Toeligting:

- (i) Die eerste deel van die assessering sal bestaan uit een drie-uur vraestel oor elk van die bogenoemde onderwerpe (i), (ii) en (iii). Die tweede deel van die assessering sal 'n praktiese assessering wees gebaseer op die aanbeveling van die Departementshoof.
- (ii) Nadat 'n student in Deel I geslaag het, moet minstens 12 maande verloop voordat hy/sy hom/haar vir Deel II van die assessering aanmeld. Hierdie assessering mag egter nie voor die einde van die derde jaar van opleiding afgelê word nie.
- (iii) Die formele assessering van die "SA College of Public Health Medicine" kan as 'n alternatiewe assessering vir die eerste deel van assessering van MVKC7900 gebruik word op voorwaarde dat die student aan die vereistes/regulasies soos uiteengesit deur die "SA College of Public Health Medicine" voldoen. Hierdie assessering mag nie gedoen word indien die sesmaandelikse verslae vanaf die Departementshoof aandui dat die student nog nie gereed is nie en nie voor die einde van die derde jaar van opleiding nie.
- (iv) Die tweede deel van die assessering vir MVKC7900 sal steeds uitgevoer word soos dit in die reëls beskryf word.
- (v) Alvorens die graad aan 'n student toegeken word, moet 'n aanvaarbare mini-verhandeling (MVKS7900) oor 'n goedgekeurde onderwerp voorgelê word.
- (vi) Die mini-verhandeling (MVKS7900) kan enige tyd nadat twee jaar van die student se opleidingstydperk voltooi is, voorgelê word mits die student in 'n goedgekeurde kliniese assistentpos aangestel en vir die MMed-graad aan hierdie Universiteit geregistreer is.
- (vii) Twee eksterne eksaminators sal deur die Departementshoof Gemeenskapsgesondheid vir die assessering van die mini-verhandeling aangewys word.
- (viii) MVKS7900 moet egter eers voltooi en geslaag word alvorens die student hom/haar vir die assessering in MVKC7900 kan aanmeld.

Inwoningstydperk (RES): Vier jaar

LET WEL:

Praktiese opleiding en dienslewering vind op 'n roterende basis plaas by verskeie gesondheidsdienslewerende instansies en by verskeie gesondheidsdienssituasies soos deur die Departementshoof bepaal sal word.

**8. Geneeskundige Genetika – MMed (Geneeskundige Genetika) Studiekode 8742
480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

Deel I:	Basiese Wetenskappe:	MMGA7900 Geneeskundige Genetika (basiese wetenskappe)	142 krediete
		MPGC7900 Sielkunde (Beradingstegnieke)	60 krediete

NAMA7903	Navorsingsmetodologie	12 krediete
MGPV7900	Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning

Deel II:	Hoofvak:	MMGB7900	Geneeskundige Genetika (kliniese toepassings)	202 krediete
		NAMB7900	Mini-verhandeling	64 krediete

Toeligting:

- (i) Die leerplan vir Deel I en II word bepaal deur die hoof van die program in ooreenstemming met eksterne assesseringsliggame (lg. soos goedgekeur deur die Fakulteitsraad) om so ver moontlik te voldoen aan vereistes van interne assessering (Deel I) en interne/eksterne assessering sowel as 'n alternatiewe opsie van totale eksterne assessering (Deel I en II). Hierdie leerplan sal aspekte soos sitogenetika, molekulêre genetika, biochemiese genetika, voorgeboortetoetsing, mediese etiek en beginsels van genetiese berading insluit.
- (ii) Totale eksterne assessering van Deel I en/of Deel II wat voldoen aan die vereistes soos bepaal deur die hoof van die program, kan behoudens hiervan dien om Deel I en/of Deel II te slaag. Daar moet steeds voldoen word aan spesifieke vereistes van die eksterne eksamineringsliggaam wat nie noodwendig in hierdie reëls omskryf mag wees nie.
- (iii) Deel II van die eksamen of eksterne eksamen mag slegs afgelê word ná voltooiing van 'n navorsingsverslag (NAMB7900, Reël MGH2.6.1). Hierdie verslag moet of in 'n eweknie-geëvalueerde joernaal gepubliseer word of by 'n nasionale kongres waar abstrakte gekeur word, voorgedra word.
- (iv) Assessering in Deel II is op interne/eksterne eksaminering gebaseer en sluit gelykwaardige skriftelike eksamen, OSKA-eksamen, mondeling (indien nodig) en kliniese eksamen in. Aparte slaag van die kliniese eksamen is 'n voorvereiste om Deel II te slaag.
- (v) Toepaslike ondervinding in kliniese en laboratoriumvaardighede moet ondersteun word deur of voorlegging van logboek en sertifisering daarvan deur die Programdirekteur (kyk Reël MGHM2.3).

Inwoningstydperk (RES): Vier jaar.

9. Geregtelike Geneeskunde – MMed (Geregtelike Geneeskunde) Studiekode 8709 600 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)

Deel I:	Basiese vakke:	ANMG7900	Anatomie	60 krediete
		PHMM7900	Fisiologie (Geneeskunde)	60 krediete
Deel II:	Byvak:	MANF7900	Anatomiese Patologie	152 krediete
		NAMA7903	Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900	Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning
Deel III:	Hoofvak:	MGGN7900	Geregtelike Geneeskunde (met inbegrip van Kliniese Geregtelike Geneeskunde, Toksikologie en Geneeskundige Reg)	252 krediete
		NAMB7900	Mini-verhandeling	64 krediete

Inwoningstydperk (RES): Vyf jaar, waarvan die inwoningsperiode in Anatomiese Patologie twee jaar, en dié in Geregtelike Geneeskunde drie jaar moet beloop.



Toeligting:

- (i) MMed (Geregtelike Geneeskunde): Nadat 'n student die Deel I-eksamen geslaag het, moet minstens 24 maande verloop alvorens Deel II van die eksamen afgelê kan word.
- (ii) Die volgorde van die inwoningsperiodes sal besluit word na konsultasie met die verskeie Departementshoofde.

10. Hematologie – MMed (Hematologie)	Studiekode 8711
480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)	

Deel I:	Basiese vakke:	MHEA7900# Hematologie	120 krediete
		NAMA7903 Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900 Gesondheidsorgpraktykvoering Bywoning	

#Goedgekeurde faset(te) van MCEP7900, MHEA7900, MMKA7900, MVIA7900 en MANP7900 (kyk Reël MGH2.7.1).

Deel II:	Hoofvak:	MHEB7900 Hematologie	284 krediete
		NAMB7900 Mini-verhandeling	64 krediete

Toeligting:

- (i) Die suksesvolle aflegging van die modules in Navorsingsmetodologie (NAMA7903) en Gesondheidsorgpraktykvoering (MGPV7900), sowel as die voltooiing van 'n mini-verhandeling (NAMB7900) is 'n voorvereiste vir die toekenning van die graad (kyk ook Reël MGH2.6.1).
- (ii) Moontlike erkenning kan deur die Dagbestuur, Skool van Geneeskunde vir die drie onderstaande modules verleen word:

*MCEB7900	Chemiese Patologie	175 krediete
*MHEM7900	Hematologie	175 krediete
*MMKM7900	Mikrobiologie	175 krediete
- (iii) *Een of twee van bogenoemde vakke kan in oorleg met die betrokke Departementshoof(de) aangebied word.
- (iv) Op aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde kan Deel I van die Kollege van Patoloë (Hematologie) van die SA Kolleges van Geneeskunde as gelykwaardig aan die MMed (Hematologie) Deel I erken word.
- (v) Op aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde kan Deel II van die Kollege van Patoloë (Hematologie) (FCPath Haem) van die SA Kolleges van Geneeskunde as gelykwaardig aan MHEB7900 erken word. Om die graad MMed (Hematologie) te behaal, moet 'n kandidaat aan die vereistes van modules NAMA7903, NAMB7900 en MGPV7900 voldoen het. Toestemming om die FCPath Haem Deel II te skryf sal slegs toegestaan word ná die suksesvolle afhandeling van NAMA7903 en NAMB7900, en die bywoning van MGPV7900.
- (vi) 'n Gedetailleerde modulegids waarin die leerplanne, portefeuljes, assesserings en assesseringsvereistes, navorsingsvereistes, opleidingspligte, ens, volledig uiteengesit word, word aan kliniese assistente gegee en hulle moet dit skriftelik aanvaar.

Inwoningstydperk (RES): Vier jaar, waarvan minstens drie jaar in Hematologie moet wees.

11. Huisartskunde – MMed (Huisartskunde)	Studiekode 8753
480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules – uitgesluit NAMB7900)	

Studente wat aansoek doen om toelating tot die program is onderhewig aan 'n keuringsproses. 'n Student moet aan sowel die bepalinge van die Algemene Reëls vir meestersgrade as aan die reëls van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe voldoen.



Toelatingsvereistes

Alvorens 'n student vir die graad MMed (Huisartskunde) mag registreer, moet hy/sy:

- (a) Vir minstens twee jaar in besit wees van die MBChB-graad of 'n kwalifikasie wat deur die Universiteit as gelykwaardig geag word.
- (b) Vir minstens een jaar by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA) as geneesheer geregistreer wees volgens die Wet op Gesondheidsberoepe, Wet 56 van 1974 in 'n kategorie soos goedgekeur.

Duur van program

Die opleiding strek oor vier jaar waartydens die kandidaat in 'n goedgekeurde kliniese assistentpos aangestel moet wees.

Kliniese ondervinding

Alvorens die MMed (Huisartskunde)-graad aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oortuig dat hy/sy:

- (a) Vir 'n tydperk van vier jaar met welslae aan die opleidingshospitale van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat of 'n ander inrigting of praktyk wat deur die Universiteit as gelykwaardig erken word, vier (4) jaar opleiding voltooi het, volgens die vereistes van die departement.
- (b) Teoretiese, praktiese en kliniese onderrig soos bepaal deur die program ontvang het.
- (c) Vir die voorgeskrewe tydperk as 'n student aan die Universiteit geregistreer was.
- (d) Met welslae die voorgeskrewe Universiteitassessering – skriftelik, mondeling, logboeke, portfolios, prakties en/of klinies, en mini-verhandeling soos voorgeskryf – voltooi het.

Kurrikulum

(a) Elektiewe modules

Drie van die volgende elektiewe (keuse-) modules moet vir Deel I ingeskryf word en daardie spesifieke modules word voortgesit in Deel II en Deel III en word finaal geassesseer in Deel IV.

MMHA/B/C/D	Gesondheid van die Vrou
MCHA/B/C/D	Neonatale en Kindergesondheid
MPAA/B/C/D	Palliatiewe Sorg
MEMA/B/C/D	Ongeluk- en Noodgeneeskunde
MCFA/B/C/D	Klinies-Geregtelike Geneeskunde
MPHA/B/C/D	Primêre Gesondheidsorg insluitend TB, SOS en MIV
MSAA/B/C/D	Vaardighede ingeslote Chirurgiese, Narkose en Mediese Prosedures
MDIA/B/C/D	Reseptering

(b) Deel I

BMFA7904	(16K)	Toegepaste Basiese Mediese Wetenskappe (Huisartskunde)
MKHA7900	(48K)	Kliniese Huisartskunde
MCMA7902	(8K)	Gemeenskapsgesondheid
MPMA7902*	(8K)	Bestuur van die mediese praktyk
MRPA7904*	(16K)	Mini-verhandeling
MFHA7901*	(4K)	Gesinsgeneeskunde

* Voorsetting as voldoen aan alle vereistes

Plus: Enige drie van die volgende elektiewe modules:

MMHA7902	(8K)	Gesondheid van die Vrou
MCHA7902	(8K)	Neonatale en Kindergesondheid



MPAA7902	(8K)	Palliatiewe Sorg
MEMA7902	(8K)	Ongeluk- en Noodgeneeskunde
MCFA7902	(8K)	Klinies-Geregtelike Geneeskunde
MPHA7902	(8K)	Primêre Gesondheidsorg insluitend TB, SOS en MIV
MSAA7902	(8K)	Vaardighede ingeslote Chirurgiese, Narkose en Mediese Prosedures
MDIA7902	(8K)	Reseptering

(c) Deel II

BMFB7904	(16K)	Toegepaste Basiese Mediese Wetenskappe (Huisartskunde)
MKHB7900	(48K)	Kliniese Huisartskunde
MPMB7902	(8K)	Bestuur van die Mediese Praktijk
MRPB7904*	(16K)	Mini-verhandeling
MFHB7901*	(4K)	Gesinsgeneeskunde

* Voorsetting as voldoen aan alle vereistes

Plus: Die drie elektiewe modules van Deel I

MMHB7902	(8K)	Gesondheid van die Vrou
MCHB7902	(8K)	Neonatale en Kindergesondheid
MPAB7902	(8K)	Palliatiewe Sorg
MEMB7902	(8K)	Ongeluk- en Noodgeneeskunde
MCFB7902	(8K)	Klinies-Geregtelike Geneeskunde
MPHB7902	(8K)	Primêre Gesondheidsorg insluitend TB, SOS en MIV
MSAB7902	(8K)	Vaardighede ingeslote Chirurgiese, Narkose en Mediese Prosedures
MDIB7902	(8K)	Reseptering

Voor afhandeling van Deel II sal van die kandidaat verwag word om aan die vereistes van modules NAMA7903 en MGPV7900 te voldoen.

(d) Deel III

MKHC7900	(48K)	Kliniese Huisartskunde
MFHC7908	(32K)	Gesinsgeneeskunde
MRPC7904*	(16K)	Mini-verhandeling

* Voorsetting as voldoen aan alle vereistes

Plus: Die drie elektiewe modules van Deel II

MMHC7902	(8K)	Gesondheid van die Vrou
MCHC7902	(8K)	Neonatale en Kindergesondheid
MPAC7902	(8K)	Palliatiewe Sorg
MEMC7902	(8K)	Ongeluk- en Noodgeneeskunde
MCFC7902	(8K)	Klinies-Geregtelike Geneeskunde
MPHC7902	(8K)	Primêre Gesondheidsorg insluitend TB, SOS en MIV
MSAC7902	(8K)	Vaardighede ingeslote Chirurgiese, Narkose en Mediese Prosedures
MDIC7902	(8K)	Reseptering

(e) Deel IV

MRPD7900	(48K)	Mini-verhandeling
----------	-------	-------------------

*MRPD7900 sal NAMB7900 vervang

Plus: Die drie elektiewe modules van Deel III

MMHD7906	(24K)	Gesondheid van die Vrou
MCHD7906	(24K)	Neonatale en Kindergesondheid



MPAD7906	(24K)	Palliatiewe Sorg
MEMD7906	(24K)	Ongeluk- en Noodgeneeskunde
MCFD7906	(24K)	Klinies-Geregtelike Geneeskunde
MPHD7906	(24K)	Primêre Gesondheidsorg ingeslote TB, SOS en MIV
MSAD7906	(24K)	Vaardighede ingeslote Chirurgiese, Narkose en Mediese Prosedures
MDID7906	(24K)	Reseptering

Studente sal nie toegelaat word tot Deel II alvorens 'n goedgekeurde navorsingsonderwerp voorgelê is nie en ook nie na Deel III voordat 'n goedgekeurde protokol ingedien is nie. Navorsingsdata moet ingedien word voordat ingeskryf word vir Deel IV.

Tussen Deel III en Deel IV sal verwag word dat die kandidaat 'n nasionale uitgangseksamen suksesvol afhandel. Die eksamen word tans deur die Kollege van Huisartse aangebied as 'Fellowship of the College of Family Physicians' finaal Deel A-eksamen. (Deel-B behels die navorsingskomponent).

Voordat die student toegelaat word tot die assessering van Deel IV moet 'n goedgekeurde mini-verhandeling ingedien word.

Assessering

Einde van tweede semester	-	Deel I
Einde van vierde semester	-	Deel II
Einde van sesde semester	-	Deel III
Einde van agste semester	-	Deel IV

Die inskrywingskombinasies en die assesseringprogram kan met goedkeuring van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde gewysig word.

Slaagsyfer en onderskeiding

- (a) Om in 'n assessering te slaag, word 'n minimum van 50% vereis.
- (b) Die meestersgraad word met lof toegeken indien 'n geweegde gemiddelde persentasie van 75% in die volgende dissiplines behaal word:

MKHB7900/MKHC7900	Kliniese Huisartskunde
MFHA7901/MFHB7901/MFHC7908	Gesinsgeneeskunde
MPMA7902/MPMB7902	Bestuur van die Mediese Praktijk
MRPA7904/MRPB7904/MRPC7904/MRPD7900	Mini-verhandeling
Plus die drie elektiewe modules gekies uit:	
MMHA7902/MMHB7902/MMHC7902/MMHD7906	Gesondheid van die Vrou
MCHA7902/MCHB7902/MCHC7902/MCHD7906	Neonatale en Kindergesondheid
MPAA7902/MPAB7902/MPAC7902/MPAD7906	Palliatiewe Sorg
MEMA7902/MEMB7902/MEMC7902/MEMD7906	Ongeluk- en Noodgeneeskunde
MCFA7902/MCFB7902/MCFC7902/MCFD7906	Klinies-Geregtelike Geneeskunde
MPHA7902/MPHB7902/MPHC7902/MPHD7906	Primêre Gesondheidsorg ingeslote TB, SOS en MIV
MSAA7902/MSAB7902/MSAC7902/MSAD7906	Vaardighede ingeslote Chirurgiese, Narkose en Mediese Prosedures
MDIA7902/MDIB7902/MDIC7902/MDID7906	Reseptering



- (c) Assessering in MKHC7900 bestaan uit 'n OSKA, skriftelike vraestel, portefeulje en mondeling. Beide die skriftelike vraestel en OSKA moet afsonderlike geslaag word om MKHC7900 te slaag.
- (d) Assessering van die elektiewe modules bestaan uit die geskrewe eksamen, OSKA en deurlopende evaluasie deur middel van logboeke, gevallestudies en portefeuljes. Al drie dele, naamlik die geskrewe eksamen, OSKA en deurlopende evaluering, moet geslaag word om die elektiewe module te slaag.

Spesiale assessering

- (a) Studente wat nie die assessering aan die einde van die semesters soos bepaal ten opsigte van Deel I en II geslaag het nie, sal toegelaat word om weer in die bykomende eksamensgeleentheid assessering af te lê mits nie meer as twee modules gedruip is nie, in welke geval Deel I/II herhaal moet word.
- (b) Studente wat nie die assessering aan die einde van Deel III en Deel IV geslaag het nie (maksimum van twee modules) sal toegelaat word om die assessering ná ses maande te herhaal.
- (c) Studente sal slegs toegelaat word om 'n assessering een keer te herhaal.
- (d) Verdere assessering sal slegs toegelaat word ná goedkeuring deur die Hoof van die Skool vir Geneeskunde en op aanbeveling van die hoofde van die betrokke departemente.
- (e) In uitsonderlike gevalle mag die Hoof van die Skool vir Geneeskunde toestemming vir afwesigheid verleen, op voorwaarde dat die student vooraf met die Hoof van die Skool reëlins vir afwesigheid tref. 'n Student wat sonder voldoende verskoning en vooraf toestemming besluit om nie 'n assessering af te lê nie, kwalifiseer nie vir 'n spesiale assessering nie.

12. Interne Geneeskunde – MMed (Interne Geneeskunde) Studiekode 8712

480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)

Deel I:	Basiese vakke:	MBWI7900	Basiese wetenskappe soos dit verband hou met die praktykvoering van Interne Geneeskunde	120 krediete
		NAMA7903	Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900	Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning
Deel II:	Hoofvak:	MING7900	Beginsels en praktykvoering van Interne Geneeskunde	284 krediete
		NAMB7900	Mini-verhandeling	64 krediete

Toeligting:

- (i) Die volgorde van die inwoningsperiodes sal vasgestel word ná konsultasie met die Departementshoof.
- (ii) Die logboek/portefeulje soos voorgeskryf deur die SA Kolleges van Geneeskunde moet te alle tye op datum gehou word en moet deur die Departementshoof goedgekeur word voor toelating tot die finale eksamen.
- (iii) Die goedgekeurde kurrikulum van die SA Kolleges van Geneeskunde vir beide Deel I en II sal van toepassing wees.
- (iv) Die 'Fellowship of the College of Physicians' Deel I sowel as NAMA7903 and MGPV7900 moet voltooi wees binne die eerste twee jaar van opleiding.
- (v) Die onderwerp vir en aard van die mini-verhandeling word in oorleg met die Departementshoof bepaal.



- (vi) Die mini-verhandeling moet verkieslik ingedien word nie later as ses maande voor die finale assessering. Versuim hiervan mag daartoe lei dat toegang tot die finale assessering geweier word.
- (vii) Die FCP Deel II van die SA Kolleges van Geneeskunde moet so na as moontlik aan die einde van die inwoningstydperk geskryf word.
- (viii) Die hoofvak en mini-verhandeling moet apart geslaag word alvorens die graad toegeken kan word.

Inwoningstydperk (RES): Vier jaar, waarvan minstens twee jaar in Algemene Interne Geneeskunde moet wees.

13. Kardiorakschirurgie – MMed (Kardiorakschirurgie) Studiekode 8713
600 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)

Deel I:	Basiese vakke:	ANMG7900	Anatomie	60 krediete
		PHMM7900	Fisiologie (Geneeskunde)	60 krediete
		MAPB7900	Anatomiese Patologie	60 krediete
Deel II:	Byvak:	MCHI7900	Algemene Chirurgiese beginsels insluitend Intensiewe Sorg	152 krediete
		NAMA7903	Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900	Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning
Deel III:	Hoofvak:	MKTC7900	Kardiorakschirurgie	192 krediete
		NAMB7900	Mini-verhandeling	64 krediete

Toeligting:

- (i) Die volgorde van die inwoningsperiode sal vasgestel word ná konsultasie met die Departementshoof.
- (ii) 'n Logboek moet bygehou word.
- (iii) Op aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde kan Deel I en II van die assessering van die Kollege vir Kardiorakschirurgie van Suid-Afrika as gelykwaardig aan die MMed (Kardiorakschirurgie) Deel I & II erken word en kandidate word aangemoedig om eersgenoemde af te lê.
- (iv) Die onderwerp vir en aard van die mini-verhandeling word in oorleg met die Departementshoof bepaal.
- (v) Die mini-verhandeling moet nie later as ses maande voor die finale eksamen ingehandig word anders mag toelating tot die eksamen geweier word.
- (vi) Die finale eksamen moet so na as moontlik aan die einde van die inwoningstydperk afgelê word. Op aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde kan Deel III van die eksamen van die Kollege vir Kardiorakschirurgie van Suid-Afrika as gelykwaardig aan die MMed (Kardiorakschirurgie) Deel III se finale assessering sou die kandidaat verkies om slegs hierdie eksamen af te lê.
- (vii) Die hoofvak en mini-verhandeling moet afsonderlik geslaag word alvorens die graad toegeken kan word.
- (viii) Toelating tot die finale assessering kan alleen geskied ná suksesvolle aflegging van Deel I en II, asook die inhandiging van 'n mini-verhandeling of 'n publiseerbare onderling verbandhoudende manuskrip/gepubliseerde artikel oor eie navorsing.
- (ix) Deurlopende evaluering kan 30% van die eindassessering tel.



Inwoningstydperk (RES): Vyf jaar.

14. Kerngeneeskunde – MMed (Kerngeneeskunde)				Studiekode 8714
480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)				
Deel I:	Basiese vakke:	ANMG7900	Anatomie	60 krediete
		PHMM7900	Fisiologie (Geneeskunde)	60 krediete
		MPMN7900	Basiese Fisika en Instrumentasie	60 krediete
Deel II:	Byvak:	MRFM7900	Radiofarmasie	90 krediete
		NAMA7903	Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900	Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning
Deel III:	Hoofvak:	MKKR7900	Kliniese Kerngeneeskunde	134 krediete
		NAMB7900	Mini-verhandeling	64 krediete

Inwoningstydperk (RES): Vier jaar.

15. Kliniese Patologie – MMed (Kliniese Patologie)				Studiekode 8715*
480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)				
<i>*Onderhewig aan verandering</i>				
Deel I:	Basiese Vakke:	MCEB7900	Chemiese Patologie	40 krediete
		MHEM7900	Hematologie	40 krediete
		MMKM7900	Mediese Mikrobiologie	40 krediete
		NAMA7903	Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900	Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning
Deel II:	Hoofvak:	MKLP7900	Kliniese Patologie	284 krediete
		NAMB7900	Mini-verhandeling	64 krediete

Toeligting:

- Die suksesvolle aflegging van die modules in Navorsingsmetodologie (NAMA7903) en Gesondheidsorgpraktykvoering (MGPV7900), sowel as die voltooiing van 'n mini-verhandeling (NAMB7900) is 'n voorvereiste vir die toekenning van die graad (kyk ook Reël MGH2.6.1).
- 'n Inwoningstydperk van minstens 12 maande en 'n assessering (MCEB7900, MHEM7900 en MMKM7900 respektiewelik) in elk van die dissiplines word vereis. Die inwoningstydperk in die dissipline waar die navorsingsprojek gedoen word is 18 maande.
- MMed (Kliniese Patologie): Assessering word afsonderlik afgelê in die vakke Chemiese Patologie, Hematologie en Mediese Mikrobiologie ná 'n inwoningstydperk van minstens 18 maande in elke dissipline.
- Ná aflegging van die Deel I sal daar 'n inwoningstydperk van twee maande in elke dissipline wees in voorbereiding vir MKLP7900. MKLP7900 dek al drie dissiplines en sal bestaan uit 'n drie-uur skriftelike eksamen sowel as 'n laboratorium praktiese eksamen en 'n mondeling in elkeen van die dissiplines.
- Op aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde kan die Kollege van Patoloë (Kliniese Patologie) (FCPath Clin) van die SA Kolleges van Geneeskunde as gelykwaardig aan MKLP7900 erken word. Om die graad MMed ((Kliniese Patologie) te behaal, moet 'n kandidaat aan die vereistes van modules NAMA7903, NAMB7900 en MGPV7900 voldoen het. Toestemming om die FCPathClin te



skryf sal slegs toegestaan word ná die suksesvolle afhandeling van MCEB7900, MHEM7900, MMKM7900, NAMA7903 en NAMB7900, en die bywoning van MGPV7900.

- (vi) 'n Gedetailleerde modulegids waarin die leerplanne, portefeuljies, assesserings en assesseringsvereistes, navorsingsvereistes, opleidingspligte, ens, volledig uiteengesit word, word aan kliniese assistente gegee en hulle moet dit skriftelik aanvaar.

Inwoningstydperk (RES): Vier jaar.

16. Mediese Mikrobiologie – MMed (Mediese Mikrobiologie) Studiekode 8716
480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)

Deel I:	Basiese vakke:	MKMA7900 #Mikrobiologie	120 krediete
		NAMA7903 Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900 Gesondheidsorgpraktykvoering Bywoning	

#Goedgekeurde faset of fasette van MCEP7900, MHEA7900, MMKA7900 en MVIA7900 (kyk Reël MGH2.7.1).

Deel II:	Hoofvak:	MVIB7900 Mikrobiologie	284 krediete
		NAMB7900 Mini-verhandeling	64 krediete

Toeligting:

- (i) 'n Rotasieperiode van ses maande in Mediese Virologie is 'n vereiste, waarna 'n eksamen in Mediese Virologie afgelê sal word as deel van deurlopende evaluering.
- (ii) Die suksesvolle aflegging van die modules in Navorsingsmetodologie (NAMA7903) en Gesondheidsorgpraktykvoering (MGPV7900), asook die voltooiing van 'n mini-verhandeling (NAMB7900) is 'n voorvereiste vir die toekenning van die graad (kyk ook Reël MGH2.6.1)
- (iii) Die onderwerp vir die mini-verhandeling word in oorleg met die Departementshoof bepaal.
- (iv) Moontlike erkenning kan deur die Dagbestuur, Skool van Geneeskunde vir die drie onderstaande modules verleen word:
- | | | |
|-----------|--------------------|--------------|
| *MCEB7900 | Chemiese Patologie | 175 krediete |
| *MHEM7900 | Hematologie | 175 krediete |
| *MMKM7900 | Mikrobiologie | 175 krediete |
- (v) *Een of twee van bogenoemde vakke kan in oorleg met die betrokke Departementshoof(de) aangebied word.
- (vi) Op aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde kan vrystelling van die Universiteit se primêre eksamen verleen word, mits die SA Kolleges vir Geneeskunde se primêre eksamen reeds geslaag is.

Inwoningstydperk (RES): Vier jaar, waarvan minstens drie jaar in Mediese Mikrobiologie moet wees, waartydens voldoende ondervinding in verwante aspekte van Mediese Virologie, Molekulêre Biologie en Immunologie opgedoen moet word.

17. Mediese Virologie – MMed (Mediese Virologie) Studiekode 8729
480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)

Deel I:	Basiese vakke:	#MVIA7900 Virologie	120 krediete
----------------	----------------	---------------------	--------------

Goedgekeurde faset of fasette van MCEP7900, MHEA7900, MMKA7900, MVIA7900 en MANP7900 (kyk Reël MGH2.7.1(e)).

NAMA7903	Navorsingsmetodologie	12 krediete
MGPV7900	Gesondheidsorgpraktykvoering Bywoning	

Deel II:	Hoofvak:	MVIB7900 Virologie	284 krediete
		NAMB7900 Mini-verhandeling	64 krediete



Toeligting:

- (i) 'n Rotasieperiode van ses maande in Mediese Mikrobiologie is 'n voorvereiste, waarna 'n eksamen in Mediese Mikrobiologie afgelê sal word as deel van deurlopende evaluering.
- (ii) Die suksesvolle aflegging van die modules in Navorsingsmetodologie (NAMA7903) en Gesondheidsorgpraktykvoering (MGPV7900), asook die voltooiing van 'n mini-verhandeling (NAMB7900) is 'n voorvereiste vir die toekenning van die graad (kyk ook Reël MGH2.6.1).
- (iii) Die onderwerp vir die mini-verhandeling word in oorleg met die Departementshoof bepaal.
- (iv) Op aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde kan vrystelling van die Universiteit se primêre eksamen verleen word mits die SA Kolleges vir Geneeskunde se primêre eksamen reeds geslaag is. Dieselfde beginsel kan vir die intermediêre eksamen geld.

Inwoningstydperk (RES): Vier jaar, waartydens voldoende ondervinding in verwante aspekte van virologie, laboratoriumbestuur, molekulêre biologie en immunologie opgedoen moet word.

18. Neurochirurgie – MMed (Neurochirurgie) Studiekode 8717 **600 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

Deel I:	Basiese vakke:	ANMG7900	Anatomie	60 krediete
		PHMM7900	Fisiologie (Geneeskunde)	60 krediete
		MAPB7900	Anatomiese Patologie	60 krediete

Toeligting:

- (i) Anatomie behels basiese en toegepaste neuro-anatomie en anatomie van die kop- en nekstreek.
- (ii) Fisiologie behels basiese en toegepaste neurofisiologie, asook fisiologie van die kardiovaskulêre, respiratoriese, urinêre en gastro-intestinale stelsels.

Deel II:	Byvak:	MCHI7900	Algemene Chirurgiese Beginsels insluitend Intensiewe Sorg	152 krediete
		NAMA7903	Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900	Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning
Deel III:	Hoofvak:	MNEU7900	Neurochirurgie	192 krediete
		NAMB7900	Mini-verhandeling	64 krediete

Toeligting:

- (i) 'n Kritiese akademiese ontleding van minstens drie eweknie-geëvalueerde publikasies in Neurochirurgiese vaktydskrifte is noodsaaklik alvorens die graad toegeken kan word (kyk Reël MGH2.6.1).
- (ii) 'n Kandidaat kry slegs twee geleenthede vir Deel III van die assessering. Die tweede geleentheid moet tydens die eersvolgende eksamengeleentheid geskied.

Inwoningstydperk (RES): Vyf jaar, wat rotasieperiodes van drie maande elk deur Kritieke Sorg, Ortopedie (Spinale Eenheid) en Trauma insluit.

19. Neurologie – MMed (Neurologie) Studiekode 8718 **480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

Deel I:	Basiese vakke:	ANMN7900	Neuro-anatomie	60 krediete
----------------	----------------	----------	----------------	-------------



PHMM7900	Fisiologie (Geneeskunde)	60 krediete
NAMA7903	Navorsingsmetodologie	12 krediete
MGPV7900	Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning

Deel II:	Hoofvak:	MNER7900	Neurologie	284 krediete
		NAMB7900	Mini-verhandeling	64 krediete

Toeligting:

- (i) Die leerplan vir Deel I en II word bepaal deur die Departementshoof in ooreenstemming met SA Kolleges van Geneeskunde se vereistes om te voldoen aan vereistes van eksterne assessering.
- (ii) Totale eksterne assessering (SA Kolleges van Geneeskunde) van Deel I ANMN7900 (Neuro-anatomie) en PHMM7900 (Fisiologie) en Deel II dien om Deel I en Deel II te slaag. Daar moet steeds voldoen word aan spesifieke vereistes van die eksterne eksamineringsliggaam wat nie noodwendig in hierdie reëls omskryf mag wees nie.
- (iii) Deel II van die eksamen as eksterne eksamen mag slegs afgelê word na voltooiing van 'n mini-verhandeling (NAMB7900, Reël MGH2.6.1).

Inwoningstydperk (RES): Vier jaar.

Toeligting:

Toepaslike ondervinding in kliniese en neurofisiologiese vaardighede moet ondersteun word deur of voorlegging van logboek en sertifisering daarvan (kyk Reël MGH2.3), of sertifisering van sodanige ondervinding deur die Departementshoof.

20. Obstetrie en Ginekologie – MMed (Obstetrie en Ginekologie) Studiekode 8719 **600 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

Deel I:	Basiese vakke:	ANMG7900	Anatomie	60 krediete
		PHMM7900	Fisiologie (Geneeskunde)	60 krediete

Vanaf 2015 GKOG Deel 1 alternatiewelik MMed Deel 1.

Deel II:	Byvak:	MOBS7900	Vaardighede in Obstetrie en Ginekologie	60 krediete
		MOBU7900	Ultraklankportfolio	Bekwaamheid
		NAMA7903	Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900	Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning

Deel III:	Hoofvak:	MOBG7900	Obstetrie en Ginekologie	344 krediete
		NAMB7900	Mini-verhandeling	64 krediete

Toeligting:

- (i) Die duur van die kursus MMed (Obstetrie en Ginekologie) is vyf jaar.
- (ii) Met toelating tot die kursus moet die kandidaat sonder versuim by die Universiteit van die Vrystaat as student registreer.
- (iii) 'n Logboek (volgens die GCOG riglyne) van alle kliniese werk moet deurlopend oor al die studiejare gehou word.
- (iv) Deel I van die kursus (Primêre eksamen) moet binne **18 maande** ná aanvang van inwoning geslaag word.
- (v) Die Departement asook die Universiteit erken Deel I van die GKOG (SA) Deel I) sowel as die MMed Deel 1 vir die MMed (Obstetrie en Ginekologie) graad.
- (vi) Deel II (Intermediêre eksamen) (MOBS7900) moet binne **36 maande** ná registrasie suksesvol afgelê word.



- (vii) Vir toelating tot Deel II (MOBS7900) van die kursus is dit verpligtend dat die protokol vir die beplande navorsingsprojek (NAMB7900) deur die Etiekkomitee van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Universiteit van die Vrystaat, aanvaar en geregistreer moet wees. (Brief van aanvaarding en Etiese goedkeuring-nommer moet aangeheg word).
- (viii) MOBS7900 sluit die volgende in: Ultraklank en Beelding in Obstetrie en Ginekologie, Kolposkopie, Ginekologiese Patologie en Sitologie, ESMOE, Basiese Chirurgiese vaardighede, Intensiewe sorg, Basiese Obstetrie & Ginekologie, Beginsels van Urodinamiese studies, Embriologie (vakgerig) en bevredigende bywoning van modules in Navorsingsmetodologie (NAMA7903) en Gesondheidsorgpraktykvoering (MGPV7900) word vereis voordat toelating tot die Deel II assessering (Intermediêr) kan geskied.
- (ix) Bevredigende voltooiing van 'n **Ultraklankportefeulje** teen die einde van **48 maande** na registrasie is verpligtend vir toelating tot die Deel III (Finaal) van die kursus.
- (x) Deel III (MOBG7900) van die kursus (Finale eksamen) moet in die laaste jaar (vyfde jaar) van inwoning afgelê word.
- (xi) Toelating tot Deel II Raadseksamen (SA Kollege vir Verloskundiges & Ginekoloë) en/of die MMed (Obstetrie en Ginekologie) Deel III kan alleenlik geskied:
 - a. Na suksesvolle aflegging van Deel I sowel as Deel II van die assessering (*Sien punt (iv-viii hierbo)*)
 - b. Na voltooiing van 'n navorsingsprojek soos onder punt (vii) hierbo vermeld en inhandiging van 'n mini-verhandeling binne **48 maande** na aanvanklike registrasie en volgens die universiteit se voorskrifte. Dit sal deur 'n eksterne sowel as interne evalueerder nagesien word.
 - c. Inhandiging en aanvaarding van 'n ultraklankportefeulje in die aanbevole formaat (*sien punt (iv) hierbo*) na 48 maande na registrasie.
- (xii) Die MMed (Obstetrie en Ginekologie) graad sal slegs toegeken word indien Deel II van die Kollege vir Obstetrie en Ginekologie **sowel as** Deel III van die MMed (Obstetrie en Ginekologie) (MOBG7900) suksesvol afgelê is.
- (xiii) Om die MMed (Obstetrie en Ginekologie) Deel III (MOBG7900) suksesvol af te lê, moet albei kliniese dele (Obstetrie sowel as Ginekologie) van die eksamen geslaag word.
- (xiv) Deurlopende *evaluering* tesame met die voltooide logboek, sal deel van die eindassessering vir die MMed (Obstetrie en Ginekologie) uitmaak.
- (xv) Die MMed (Obstetrie en Ginekologie) graad kan op aanbeveling van die eksterne eksaminatore met onderskeiding verwerf word. Al die verskillende fasette van die opleiding sal in ag geneem word EN die kandidaat moet die MMed (Obstetrie en Ginekologie) Deel III eksamen met onderskeiding (75% of meer) geslaag het.

Inwoningstydperk (RES): Vyf jaar.

21. Oftalmologie – MMed (Oftalmologie)				Studiekode 8721
480 Krediete (Insluitend verpligte algemene modules)				
Deel I:	Basiese vakke:	ANMG7900	Anatomie	60 krediete
		PHMM7900	Fisiologie (Geneeskunde)	60 krediete
		MPMO7900	Geneeskundige Fisika (Ophth.)	60 krediete
		MPAO7900	Patologie (Ophth.)	60 krediete
		NAMA7903	Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900	Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning
Deel II:	Hoofvak:	MOFT7900	Oftalmologie	164 krediete
		NAMB7900	Mini-verhandeling	64 krediete

Toeligting

- (i) 'n Ekstern beoordeelde mini-verhandeling (NAMB7900) volgens die riglyne moet voorgelê en verdedig word, en sal 20% van die finale assesseringpunt bydra. Deurlopende



evaluering word deur die studieleier gemoniteer. Die mini-verhandeling moet ses maande voor die finale assessering ingedien word anders mag toelating tot die eksamen geweier word.

- (ii) 'n Logboek moet ook voorgelê word en sal ter insae by die finale praktiese assessering dien.
- (iii) Deel I moet sover moontlik binne twee jaar ná eerste registrasie as kliniese assistent geslaag word.
- (iv) Anatomie en Fisiologie van Deel I van die Kollege van Oftalmoloë van die SA Kolleges van Geneeskunde word as gelykwaardig erken aan die MMed (Oftalmologie) Deel I, maar Geneeskundige Optika en Patologie moet as deel van die MMed (Oftalmologie)-program geslaag word.
- (v) MMed (Oftalmologie): Die finale eksamen moet so naby moontlik aan die einde van die inwoningstydperk afgelê word. Die finale eksamen van die Kollege van Oftalmoloë van die SA Kolleges vir Geneeskunde sal as die finale eksamen dien. Die kwalifikasie MMed (Oftalmologie) sal toegeken word ná suksesvolle aflegging van die finale eksamen van die Kollege van Oftalmologie van die SA Kolleges vir Geneeskunde en indien die navorsingskomponent (NAMB7900) geslaag is. Die kandidaat het twee geleenthede om die eksamen af te lê, tensy daar spesiale omstandighede is en waar die Hoof van die Skool vir Geneeskunde in die finale besluit geken sal word vir goedkeuring.

Inwoningstydperk (RES): Vier en 'n half jaar.

22. Ortopediese Chirurgie – MMed (Ortopediese Chirurgie)				Studiekode 8722
600 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)				
Deel I:	Basiese vakke:	ANMG7900	Anatomie	60 krediete
		PHMM7900	Fisiologie (Geneeskunde)	60 krediete
		MAPB7900	Anatomiese Patologie	60 krediete
Deel II:	Byvak:	MCHI7900	Algemene Chirurgiese Beginsels	
			insluitend Intensiewe Sorg	152 krediete
		NAMA7903	Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900	Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning
Deel III:	Hoofvak:	MORT7900	Ortopedie	192 krediete
		NAMB7900	Mini-verhandeling	64 krediete

Toeligting:

- (i) Op aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde kan vrystelling verleen word van die Universiteit se primêre eksamen, mits die SA Kolleges vir Geneeskunde se primêre eksamen reeds geslaag is. Dieselfde beginsel kan vir die intermediêre eksamen geld.
- (ii) Deel II en Deel III van die assessering behels eksterne evaluering.
- (iii) 'n Logboek van standaardformaat is verpligtend.
- (iv) 'n Mini-verhandeling (NAMB7900) is verpligtend en word ekstern geëvalueer. Dit kan uit enige van die keuses vermeld in Reël MGH2.6.1 bestaan, met dien verstande dat 'n publikasie in 'n erkende vaktyskrif ook voldoende sal wees.
- (v) Deel III van die assessering sluit mondelinge eksamens in Ortopediese Patologie en Ortopediese Radiologie in.
- (vi) Aparte slaag van die kliniese eksamen is 'n voorvereiste om Deel III te slaag.

Inwoningstydperk (RES): Vyf jaar.

23. Otorinolaringologie – MMed (Otorinolaringologie)	Studiekode 8723
480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)	

Deel I:	Basiese vakke:	ANMG7900 Anatomie	60 krediete
		PHMM7900 Fisiologie (Geneeskunde)	60 krediete
		MAPB7900 Anatomiese Patologie	60 krediete
		Algemene Beginsels	
		NAMA7903 Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900 Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning
Deel II:	Hoofvak:	MOTO7900 Otorinolaringologie	224 krediete
		NAMB7900 Mini-verhandeling	64 krediete

Toeligting:

- (i) 'n Aanvaarbare mini-verhandeling volgens Reël MGH2.6.1 is verpligtend en sal ekstern evalueer word.
- (ii) Deurlopende evaluering van kliniese en chirurgiese vaardigheid, asook teoretiese kennis, sal deur die Departement Otorinolaringologie gedoen word. Resultate sal saam met die uitslae van Deel I en Deel II van die assessering (wanneer van toepassing) aan eksterne assessore voorgelê word. Aflegging van Deel III van die eksamen is onderhewig aan goedkeuring van bogenoemde evaluering, maar sal nie bydra tot die finale assesseringspunt nie.
- (iii) 'n Logboek is verpligtend en die formaat daarvan is gestandaardiseer.
- (iv) Op aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde kan vrystelling van die MMed (Otorinolaringologie) Deel I op grond van suksesvolle aflegging van die SA Kolleges vir Geneeskunde Deel I wel geld.

Inwoningstydperk (RES): Vier jaar.

24. Pediatrie – MMed (Pediatrie)	Studiekode 8724
480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)	

Deel I:	Basiese Wetenskappe:	MPEA7900 Pediatrie	180 krediete
		NAMA7903 Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900 Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning

Toeligting:

- (i) Die sillabus vir die basiese wetenskappe behels:
 - (a) Die normale groei en ontwikkeling van die suigeling en kind;
 - (b) Embriologie en anatomie wat op bogenoemde van toepassing is;
 - (c) Fisiologie en biochemie, met spesiale verwysing na die kinderjare;
 - (d) Patologie, patofisiologie, mikrobiologie en parasitologie, met spesiale verwysing na die kinderjare;
 - (e) Toegepaste mediese farmakologie en algemene beginsels van genetica;
 - (f) Beginsels van terapie met spesiale verwysing na die kinderjare; en
 - (g) Beginsels van epidemiologie en statistiek.
- (ii) Skriftelike eksamen word afgeneem.
- (iii) Op aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde, kan die primêre Kollege-eksamen of 'n gelykwaardige MMed Deel I (primêre eksamen) vir die MMed (Pediatrie) graad aanvaar word.

Deel II:	Hoofvak:	MPEB7900 Pediatrie	224 krediete
		NAMB7900 Mini-verhandeling	64 krediete



Toeligting:

- (i) Die verpligte algemene modules in Gesondheidspraktykvoering (MGPV7900), Navorsingsmetodologie (NAMA7903) en die mini-verhandeling (NAMB7900) moet, kragtens Reël MGH2.6.1, voltooi word voordat Deel II afgeneem kan word.
- (ii) MPEB7900 behels die beginsels en praktyk van pediatrie en kindergesondheid.

Inwoningstydperk (RES): Vier jaar.

25. Pediatriese Chirurgie – MMed (Pediatriese Chirurgie) Studiekode 87241
600 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)

Deel I:	Basiese vakke:	ANMG7900	Anatomie	60 krediete
		PHMM7900	Fisiologie (Geneeskunde)	60 krediete
		MAPB7900	Anatomiese Patologie	60 krediete
Deel II:	Byvak:	NAMA7903	Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900	Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning
		MCHI7900	Algemene Chirurgiese Beginsels, insluitend Intensiewe Sorg	152 krediete
Deel III:	Hoofvak:	NAMB7900	Mini-verhandeling	64 krediete
		MPCH7900	Pediatriese Chirurgie	192 krediete

Toeligting:

- (i) Die navorsingsverslag moet voltooi word ses maande voordat die finale eksamen geskryf word. Indien nie, sal toelating tot die eksamen geweier word.
- (ii) Die navorsingsverslag moet onafhanklik geslaag word om die graad te verkry.
- (iii) Voortgesette evaluasie sal deel vorm van die finale assessering.
- (iv) Logboek: Kandidate moet 'n logboek hou waarin alle chirurgiese prosedures uitgevoer of geassisteer aangeteken word. Hierdie logboek moet ingedien word voordat die Deel III-eksamen geskryf word.
- (v) Op aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde kan vrystelling verleen word van die Universiteit se primêre eksamen, mits die SA Kolleges vir Geneeskunde se primêre eksamen reeds geslaag is. Dieselfde beginsel kan vir die intermediêre eksamen geld.

Inwoningstydperk (RES): Vyf jaar

26. Plastiese Chirurgie – MMed (Plastiese Chirurgie) Studiekode 8725
600 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)

Deel I:	Basiese vakke:	ANMG7900	Anatomie	60 krediete
		PHMM7900	Fisiologie (Geneeskunde)	60 krediete
		MAPB7900	Anatomiese Patologie	60 krediete
Deel II:	Byvak:		Algemene Beginsels	
		MCHI7900	Algemene chirurgiese beginsels insluitend Intensiewe Sorg	152 krediete
		NAMA7903	Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900	Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning



Deel III:	Hoofvak:	MPUP7900	Plastiese Chirurgie	192 krediete
		NAMB7900	Mini-verhandeling	64 krediete

Toeligting:

- (i) Op aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde kan vrystelling van die Universiteit se primêre eksamen verleen word mits die SA Kolleges vir Geneeskunde se primêre eksamen reeds geslaag is. Dieselfde beginsel kan vir die intermediêre eksamen geld.

Inwoningstydperk (RES): Vyf jaar.

27. Psigiatrie – MMed (Psigiatrie)				Studiekode 8726
480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)				
Deel I:	Basiese vakke:	MSIL7900	Sielkunde	60 krediete
		ANMN7900	Neuroanatomie	60 krediete
		PHMM7900	Fisiologie (Geneeskunde)	60 krediete
Deel II:	Byvak:	MINP7900	Interne Geneeskunde (insluitend Psigofarmakologie en Neurologie)	90 krediete
		NAMA7903	Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900	Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning
Deel III:	Hoofvak:	MPSG7900	Psigiatrie	134 krediete
		NAMB7900	Mini-verhandeling	64 krediete

Toeligting:

Deel I, II en III moet voltooi word volgens voorskrifte van die MMed van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe. Die volgende addisionele vereistes is van toepassing:

- (i) Op aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde kan Deel I van die Kollege vir Psigiaters van Suid-Afrika as gelykwaardig aan die MMed (Psigiatrie) Deel I erken word. Studente kan 'n keuse uitoefen om of die Kollege Deel I of die MMed Deel I te doen.
- (ii) Die student moet die departementele Psigoterapie-logboek voltooi en deurlopend deur toesighoudende konsultante laat teken.
- (iii) Studente sal slegs tot Deel III van die assessering toegelaat word indien:
- Die logboek volgens voorskrifte voltooi is.
 - Ten minste 42 maande van die opleidingstydperk voltooi is.
 - Die navorsingsverslag moet onafhanklik geslaag word om die graad te verkry. Dit kan uit enige van die keuses vermeld in Reël MGH2.6.1 bestaan.

Gedetailleerde besonderhede oor die leerplan is by die Departementshoof beskikbaar.

Inwoningstydperk (RES): Vier jaar.

28. Stralingsonkologie – MMed (Stralingsonkologie)				Studiekode 8727
480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)				
Deel I:	Basiese vakke:	ANMG7900	Anatomie	60 krediete
		PHMM7900	Fisiologie (Geneeskunde)	60 krediete



		MPMT7900	Geneeskundige Fisika (Rad.T.)	60 krediete
Deel II:	Byvakke:	MPAT7900	Patologie	60 krediete
		MRBO7900	Radiobiologie	30 krediete
		NAMA7903	Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900	Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning
Deel III:	Hoofvak:	NAMB7900	Mini-verhandeling	64 krediete
		MOKT7900	Onkologie (met inbegrip van Radioterapie, Kanker-chemoterapie en Radio-isotope)	134 krediete

Toeligting:

- (i) 'n Mini-verhandeling (NAMB7900) moet ingedien word voordat Deel III van die eksamen afgelê mag word.
- (ii) 'n Maksimum van twee pogings elk vir assessering van Deel I en Deel II sal toegelaat word.
- (iii) Die kandidaat moet Deel I en Deel II van die UV MMed-eksamen voltooi en slaag en laasgenoemdes kan nie met die SA Kollege vir Geneeskunde se primêre eksamen vervang word nie.

Inwoningstydperk (RES): Vier jaar.

29. Urologie – MMed (Urologie)			Studiekode 8728	
			600 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)	
Deel I:	Basiese vakke:	ANMG7900	Anatomie	60 krediete
		PHMM7900	Fisiologie (Geneeskunde)	60 krediete
		MAPB7900	Anatomiese Patologie	60 krediete
Deel II:	Byvak:	MCHI7900	Algemene chirurgiese beginsels	
			Insluitend Intensiewe Sorg	152 krediete
		NAMA7903	Navorsingsmetodologie	12 krediete
		MGPV7900	Gesondheidsorgpraktykvoering	Bywoning
Deel III:	Hoofvak:	MURL7900	Urologie	192 krediete
		NAMB7900	Mini-verhandeling	64 krediete

Toeligting:

- (i) Deurlopende evaluering behels interne en eksterne evaluering, asook kritiese evaluering van publikasies en deelname aan wetenskaplike navorsingsforums.
- (ii) Daar word van elke kandidaat verwag om 'n portefeulje te hou waarin rekord gehou word van die deurlopende formatiewe assessering van die kandidaat, al die chirurgiese prosedures wat uitgevoer en geassisteer is, aangeteken word asook afskrifte gehou word van departementele voordragte, voordragte by forums en kongresse en publikasies gedurende die opleidingstydperk. Hierdie portefeulje word 3 maande voor die assessering van Deel III van die SA Kollege vir Uroloë ingedien en deur eksterne assessore beoordeel.
- (iii) Daar word van elke kandidaat verwag om minstens een voordrag by die jaarlikse Fakulteitsforum te lewer tydens die vyf jaar inwoningstydperk.
- (iv) Deel III van die SA Kollege vir Uroloë se eksamen mag slegs afgelê word ná voltooiing van die mini-verhandeling oor 'n urologiese navorsingsprojek of die alternatiewe soos genoem in punt (vi) hieronder.

- (v) Op aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde kan vrystelling verleen word van die Universiteit se primêre eksamen, mits die SA Kolleges vir Geneeskunde se primêre eksamen reeds geslaag is. Dieselfde beginsel kan vir die intermediêre eksamen geld.
- (vi) Die graad MMed (Urologie) sal toegeken word ná suksesvolle voltooiing van Deel III van die SA Kollege vir Uroloë se finale eksamens sowel as die suksesvolle voltooiing van die navorsingskomponent, NAMB7900.

Die navorsingskomponent kan een van die volgende behels:

1. 'n Standaard navorsingsprojek met die skryf van 'n protokol wat goedgekeur word deur die Fakulteit Gesondheidswetenskappe Etiekkomitee, die uitvoer van die studie en die skryf van 'n navorsingsverslag of 'n publiseerbare onderling verbandhoudende manuskrip/gepubliseerde artikel oor die spesifieke navorsing.
2. 'n "Mini-Cochrane review", minstens vyf artikels uit eweknie-geëvalueerde publikasies oor 'n onderwerp moet getrek word, krities geanalyseer en bespreek word waarna 'n gevolgtrekking gemaak moet word en 'n verslag oor die analise en die gevolgtrekking ingedien moet word.
3. Gevallestudies van ten minste drie verskillende kliniese gevalle met 'n volledige en gedetailleerde literatuuroorsig oor elke geval.
4. Ten minste een publikasie in 'n eweknie-geëvalueerde vaktydskrif indien dit deur die Departementshoof gemotiveer en goedgekeur word.

Inwoningstydperk (RES): Vyf jaar.

VAN TOEPASSING OP ALLE MMED-GRADE:

Reël MGH2.7 Assessering

- (i) Die eksamen kan in Junie of November slegs tydens die hoofksamensgeleentheid afgelê word.
- (ii) Kandidate moet die Nagraadse Administrasie-kantoor van die Fakulteit jaarliks voor 15 Februarie of 15 Julie skriftelik (voorgeskrewe vorm) in kennis stel van hul voorneme om aan die Junie- of November-assessering deel te neem.
- (iii) In die geval van MMed-programme wat oor vier jaar strek, moet 'n kandidaat twee amptelike assesserings slaag, naamlik die primêre (Deel I) en die finale (Deel II) eksamens.
- (iv) In die geval van vyfjaarprogramme moet die kandidaat drie assesserings slaag, naamlik die primêre (Deel I), intermediêre (Deel II) en die finale (Deel III) eksamens.
- (v) Die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (RGBSA) vereis dat spesialiste eenvormige uittree-eksamens aflê. Hierdie eksamen sal gelykwaardig aan die finale eksamen erken word.

Reël MGH2.7.1 Primêr – Deel I van die assessering: Alle dissiplines

- (a) Eksamen in al die basiese vakke moet gelyktydig afgelê word, behalwe in die dissiplines Anesthesiologie, Oftalmologie, Stralingsonkologie en Psigiatrie waar studente in enige van die basiese vakke eksamens mag aflê. Die assessering in Anatomie, Fisiologie en Anatomiese Patologie (waar van toepassing) bestaan uit 'n skriftelike en mondelinge assessering in elk van genoemde vakke.
- (b) MMed (Chemiese Patologie), (Mediese Mikrobiologie), (Hematologie), (Mediese Virologie) en (Anatomiese Patologie): Deel I van die assessering van die Kollege van Patoloë word as gelykwaardig aan die MMed Deel I erken.
- (c) In dissiplines waar al die vakke gelyktydig afgelê moet word, moet 'n assesseringsyfer van minstens 40% in 'n module wat gedruip is behaal word om die spesifieke gedruipte module te mag herhaal. Indien 'n module met minder as 40% gedruip is, moet die eksamen as geheel herhaal word.
- (d) 'n Student sal toegelaat word om met 'n vierjaar MMed-program voort te gaan indien hy/sy 18 maande ná inskrywing vir die kwalifikasie in minstens een van die basiese vakke in die studierigtings waar daar twee vakke is, of twee van die basiese vakke in die studierigtings waar daar drie of meer vakke is, geslaag het. In alle vierjaarprogramme (dit sluit bykomende eksaminering in) moet Deel I volledig geslaag wees **24 maande na aanvang van die program**. 'n Student wat nie aan hierdie voorwaarde(s) voldoen nie, kan slegs voortgaan met die program op aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring deur die Dagbestuur van die Skool vir Geneeskunde en goedkeuring deur die Fakulteitsbestuur.
- (e) Modules of eksamens wat gedruip is, moet by die eerste volgende assesseringsgeleentheid suksesvol afgelê word. 'n Student wat nie aan hierdie voorwaardes voldoen nie, kan nie met die betrokke MMed-program voortgaan nie. Slegs by uitsonderlike gevalle kan die Departementshoof aanbeveel en met goedkeuring deur die Dagbestuur van die Skool van Geneeskunde dat die kandidaat mag voortgaan.
- (f) MMed in Anesthesiologie, Interne Geneeskunde, Geneeskundige Genetika en Pediatrie: Deel I van die eksamen moet as geheel binne 24 maande ná die aanvang van die program geslaag word.
- (g) Vir alle vyfjaar-programme: Deel I van die assessering moet as geheel binne 18 maande ná aanvang van die program geslaag word (sluit bykomende eksaminering in). 'n Student wat nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie kan slegs voortgaan met die program op aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring deur die Dagbestuur van die Skool vir Geneeskunde.



- (h) Geen student sal toegelaat word om Deel II af te lê terwyl hy/sy die pos van mediese beampte beklee nie.

Toeligting:

- (i) Dissiplines kan die keuse uitoefen om Deel I van die assessering of self af te neem of deur die relevante SA Kolleges vir Geneeskunde te laat afneem.
- (ii) Deel I van die SA Kolleges vir Geneeskunde mag as gelykwaardig beskou word as Deel I van die MMed-program en erken word. Die Departementshoof moet dit aanbeveel en dit moet goedgekeur word deur die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde en die Fakulteitsbestuur.
- (iii) Vrstelling van basiese vakke kan toegestaan word op aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde, nadat eersgenoemde hom vergewis het dat die student 'n gelykwaardige assessering by 'n instansie wat deur die Universiteit erken word, geslaag het.

Reël MGH2.7.2 Intermediêr – Deel II van die assessering: Vyfjaarprogramme

- (a) Nadat 'n student in Deel I geslaag het, moet verkieslik 12 maande verloop voordat hy/sy, met die toestemming van die betrokke Departementshoof, hom/haar vir Deel II van die assessering aanmeld.
- (b) MMed in Chirurgie, Kardiotorakschirurgie, Neurochirurgie, Ortopediese Chirurgie, Pediatriese Chirurgie, Plastiese Chirurgie en Urologie: 'n Student moet binne 36 maande na aanvang van studies Deel II (byvakke) as geheel slaag (sluit bykomende eksaminering in). Die Departementshoof moet dit aanbeveel en dit moet goedgekeur word deur die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde.
- (c) Alle intermediêre (Deel II) eksamens wat gedruip is, moet by die eerste volgende assesseringsgeleentheid suksesvol afgelê word. 'n Student wat nie aan hierdie voorwaardes voldoen nie, kan nie met die betrokke MMed-program voortgaan nie. Slegs by uitsonderlike gevalle kan die Departementshoof aanbeveel en met goedkeuring deur die Dagbestuur, Skool van Geneeskunde dat die kandidaat mag voortgaan en 'n derde geleentheid gegun word om Deel II te herhaal.

**Reël MGH2.7.3 Finale Assessering van Deel II van vierjaarprogramme
Finale Assessering van Deel III van vyfjaarprogramme**

- (a) Die Finale eksamen kan nie voor die begin van die finale studiejaar afgelê word nie, behalwe met aanbeveling van die Departementshoof en goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde en goedkeuring deur die Fakulteitsbestuur. Verkieslik 12 maande moet verloop nadat die vorige eksamen suksesvol voltooi is.
- (b) MMed (Chemiese Patologie), (Mediese Mikrobiologie), (Hematologie), (Anatomiese Patologie) en (Mediese Virologie): Deel II van die eksamen kan afgelê word ná 'n minimum van drie akademiese studiejare.

Reël MGH2.7.4 Deurlopende assessering

Toeligting:

- (i) Deurlopende evaluering met toepaslike terugvoering word deur die loop van opleiding gedoen. Eksterne evaluering kan betrek word. Dit kan tot 40% van die finale gesamentlike punt van die hoofvak bydra.
- (ii) Die verpligte navorsingskomponent van al die MMed-programme moet verkieslik voltooi en geassesseer wees om toelating tot die finale eksamen te verkry soos voorgeskryf deur die departement.

Reël MGH2.7.5 Eksamenuitslae

Binne vyf werksdae nadat die voorlopige eksamenuitslae op 'n gespesifiseerde kennisgewingbord in die Fakulteit aangebring is, kan 'n student skriftelik aansoek doen om 'n spesifieke eksamenskrif te laat nagaan vir foute, indien daar 'n skriftelike vraestel ter sprake was.

Indien daar slegs 'n mondelinge assessering ter sprake was, word punte (a) tot (f) vervang met 'n gesprek met die betrokke Departementshoof. Indien 'n student steeds ontevrede is met die uitslag, het die student die reg tot onmiddellike appèl tot die Akademiese Appèlkomitee van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Universiteit van die Vrystaat. 'n Skriftelike versoek in die verband moet minstens vyf werksdae nadat die eksamenuitslae bekendgemaak is, by die Adjunkdirekteur ingedien word.

Toeligting:

- (a) Hierdie versoek moet by die kantoor van die Adjunkdirekteur, kamer D211, Francois Retief-gebou, ingedien word. Afskrifte word van die skriftelike versoek van die student gemaak, die datum daarop aangebring en gestuur aan die betrokke Departementshoof en die Programdirekteur in oorleg met die Hoof van die Skool. Beide die student en kantoor behou 'n afskrif vir rekorddoeleindes.
- (b) Die Departementshoof sal telefonies deur die Fakulteitsadministrasie in kennis gestel word.
- (c) Die Departementshoof gaan die eksamenskrif na vir foute en om te kontroleer of die punte korrek opgetel is en of al die vrae nagesien is. (Geen soektog na punte sal toegelaat word nie.)
- (d) Indien daar 'n verandering aan die punt aangebring moet word weens 'n optelfout of vraag wat nie nagesien is nie, sal die besonderhede skriftelik aan die Adjunkdirekteur en Hoof van die Skool deurgestuurd word.
- (e) Die wysiging van die punt, indien dit tot die student se voordeel is, kan dan aangebring word in oorleg met die Hoof van die Skool en met die Dekaan se goedkeuring.
- (f) Indien die student steeds ontevrede is met die uitslag van die nasien van die eksamenskrif, het die student die reg tot onmiddellike appèl via die Departementshoof na die Dekaan vir 'n hernasien van die eksamenskrif. 'n Skriftelike versoek in dié verband moet eweneens binne dieselfde vyf werksdae by die Adjunkdirekteur ingedien word. Indien die Hoof van die Skool vir Geneeskunde en die Dekaan dit goedkeur, sal die Departementshoof versoek word om die hele eksamenskrif na te sien.
- (g) Die uitslag ten opsigte van die hernasien word aan die Adjunkdirekteur deurgestuurd vir voorlegging aan die Hoof van die Skool vir Geneeskunde vir aanbeveling en daarna aan die Dekaan vir goedkeuring. Indien die uitslag van die hernasien tot voordeel van die student is, sal die gewysigde punt aan die student toegeken word, andersins word die oorspronklike punt gehandhaaf.
- (h) Koste mag aan 'n hernasien verbonde wees wat deur die student gedra moet word.
- (i) Indien 'n student, nadat bogemelde stappe gevolg is, steeds ontevrede is met die uitslag, het die student die reg tot onmiddellike appèl tot die Akademiese Appèlkomitee van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe. 'n Skriftelike versoek in die verband moet binne vyf werksdae nadat die uitslag van die hernasien bekend gemaak is, by die Adjunkdirekteur ingedien word.
- (j) Die Appèlkomitee se besluit is finaal, en die student sal skriftelik in kennis gestel word van die finale uitslag van die Appèlkomitee. Geen verdere motiverings sal oorweeg word ná die finale besluit van die Appèlkomitee nie.

Reël MGH2.6 Slaag met lof

'n Student slaag met lof indien minstens 75% in die finale gesamentlike punt behaal is.



Toeligting:

Die finale gesamentlike punt bestaan uit deurlopende assessering waar van toepassing, die mini-verhandeling en die finale eksamenpunt van die hoofvak(ke).

Reël MGH2.7 Bykomende Eksaminering

- (a) 'n Kandidaat wat hom/haar aangebied het vir 'n finale eksamen in 'n kwalifikasie wat sou tel as finale assesseringsgeleentheid en daardie assesseringsgeleentheid druip, mag vir geen ander assesseringsgeleentheid aansoek doen nie totdat 'n remediëringstydperk verloop het soos deur die Departementshoof goedgekeur.
- (b) 'n MMed-student mag nie 'n bykomende eksamen in 'n vak aflê voordat minstens ses maande verloop het ná die eksamen waarin hy/sy die betrokke vak gedruip het nie.

Toeligting:

Daar word van die kandidaat verwag om aan die eersvolgende assesseringsgeleentheid deel te neem (mini-verhandeling uitgesonder).

- (c) In geval van Deel II en Deel III van die assessering moet die eksamen as geheel herhaal word.

Reël MGH2.8 Verlenging van die studietydperk

'n Student wat nie in die finale assessering van 'n MMed-program aan die einde van die inwoningtyd, soos by elke dissipline bepaal, geslaag het nie, sal toegelaat word om sy betrekking as kliniese assistent vir 'n tydperk van ses maande te behou of soos die Departementshoof aanbeveel en met goedkeuring van die Dagbestuur van die Skool van Geneeskunde.

Toeligting:

Die student mag gedurende hierdie periode in 'n ander pos in die betrokke departement aangestel word, maar moet steeds as student ingeskryf wees.

Reël MGH2.9 Toekenning van die graad

Alvorens die MMed-graad aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oortuig dat hy/sy:

- (a) Vir 'n volle inwoningstydperk van vier of vyf jaar, volgens die vereistes van die betrokke dissipline, met welslae 'n voltydse opleidingspos beklee het aan die opleidingshospitale van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat of 'n ander inrigting wat deur die Universiteit as gelykwaardig erken word;
- (b) Teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het vir die voorgeskrewe duur van die graadprogram;
- (c) Die modules in Navorsingsmetodologie en Gesondheidsorgpraktykvoering beide bevredigend bygewoon het;
- (d) Vir die voorgeskrewe volle vereiste tydperk as student aan die Universiteit vir die graad MMed geregistreer was;
- (e) Die generiese modules, assesserings, insluitend die mini-verhandeling, volgens die vereistes van die betrokke MMed-program suksesvol voltooi het.

Reël MGH3 REËLS VIR DIE GRAAD MMedSc

'n Student moet aan sowel die bepalings van die Algemene Reëls vir meestersgrade as aan die reëls van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe voldoen.

Reël MGH3.1 Toelatingsvereistes

Om toegelaat te word om vir die graad MMedSc te registreer moet 'n student in besit wees van een van die volgende:

- (a) Die graad BMedSchons, met dien verstande dat aanvullende werk van die student vereis kan word.
- (b) Die graad MBChB of 'n gelykwaardige kwalifikasie, met dien verstande dat aanvullende werk van die student vereis kan word. In hierdie geval mag die verhandeling nie binne drie semesters ná registrasie ingedien word nie, tensy die Universiteit op aanbeveling van die Fakulteit spesiale verlof daartoe verleen.

Reël MGH3.2 Dissiplines

Die MMedSc-graad kan in die volgende dissiplines in die Skool vir Geneeskunde aangebied word:

Anatomie en Selmorfologie (ANMD8900)	Kardiotorakschirurgie (MKTC8900)
Anatomiese Patologie (MANP8900)	Kliniese Radiologie (MRBO8900)
Biostatistiek (MBST8900)	Kritieke Sorg (MKRS8900)
Chemiese Patologie (MCEP8900)	Mediese Mikrobiologie (MMKM8900)
Farmakologie(Analities/Klinies)(MFRM8900)	Mensgenetika (MMNG8900)
Fisiologie (PHMD8900)	Mensmolekulêre Biologie (MMBG8900)
Geneeskundige Fisika (MPRS8900)	Stralingsonkologie (MOKT8900)
Hematologie en Selbiologie (MHEM8900)	Virologie (MVIR8900)
Immunologie (MIMN8900)	

Die modulekode bestaan uit die afkorting van die dissipline gevolg deur die kode **8900**.

Met die uitsondering van studie in die Departement Kritieke Sorg, moet 'n verhandeling voorgelê word. In die Departement Geneeskundige Fisika kan die graad as 'n gestruktureerde magister of met 'n verhandeling aangebied word.

1. Geneeskundige Fisika (Gestruktureerd)**Studiekode 8731****Toelatingsvereistes**

Toelating tot die program is onderhewig aan aanbeveling van die Programhoof.

'n Student moet in besit wees van 'n BMedSchons-, MSc- of PhD-kwalifikasie in Fisika of gelykwaardige kwalifikasie.

Toepaslike voorafleer en ervaring sal tydens toelating in aanmerking geneem word.

Samestelling

MPRS7954	Stralingsbiologie (Geneeskundige Fisika)	16 krediete
MPRS7914	Stralingsfisika	16 krediete
MPRS7924	Mediese Fisika vir Diagnostiese Radiologie	16 krediete
MPRS7944	Mediese Fisika vir Kerngeneeskunde	16 krediete
MPRS7964	Beplanning van Stralingsbehandeling	16 krediete
MPRS7984	Modaliteite vir Stralingsbehandeling	16 krediete
MPRS7934	Stralingsbeskerming	16 krediete
MPRS7900	Mini-verhandeling	88 krediete

Toeligting:

Die kursusinhoud en kursusgewigte kan na goeddunke deur die Departementshoof gewysig word.

Duur van program

Die minimum tydsduur vir die studie is twee jaar.

Assessering

Een vraestel van drie uur aan die einde van die semester in elke module.

MPRS7900 Mini-verhandeling sal onderhewig wees aan eksterne evaluering.

Toelating tot assesseringsgeleentheid

'n Minimum modulesyfer van 40% word vereis vir toelating tot die assessering.

Toeligting:

Daar word van studente vereis om van die hoofksamengeleenthede gebruik te maak in alle modules. Studente kan slegs kwalifiseer om aan die bykomende eksamensgeleentheid deel te neem indien hulle aan die hoofksamengeleentheid deelgeneem het en daarvoor gekwalifiseer het.

Samestelling van modulesyfers

'n Student se skriftelike, mondelinge en/of praktiese werk wat tydens die module afgeneem is, dra by tot die modulesyfer. Besonderhede van die samestelling van die modulesyfer is in die afsonderlike modulehandleidings vervat.

Slaagvereistes

Sien Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat.

Vir elke module (uitgesluit MPRS7900) dra die modulesyfer en die assesseringsyfer beide 50% tot die finale gesamentlike syfer by.

Vir MPRS7900 word die gemiddelde punt geneem soos toegeken deur die interne en eksterne assessore met 'n minimum slaagsyfer van 50%.

Bykomende Eksaminering

Sien Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat.



Toelatingsvereistes:

Toelating tot die program is onderhewig aan aanbeveling van die programhoof. Die kandidaat moet volgens die Wet op Gesondheidsberoepe, Wet 56 van 1974 ten volle by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA) as geneesheer geregistreer wees vir onafhanklike praktykvoering. Die kandidaat moet vir die duur van die opleiding voltyds in 'n geakkrediteerde Intensiewe Sorg Eenheid werk.

MKRS7900	Kritieke Sorg	90 krediete
	(twee skriftelike vraestelle en 'n mondelinge assessering)	
MKSS7900	Mini-verhandeling	90 krediete

Toeligting:

- (a) 'n Fakulteitskomitee sal die projek evalueer. Die titel van die mini-verhandeling sal op aanbeveling van die komitee aan die Fakulteitsraad voorgelê word.
- (b) Na voltooiing van die praktiese gedeelte van die navorsing, of op 'n tydstip deur die studieleier bepaal, moet die student sy/haar navorsingsresultate aan die komitee voorlê en verantwoord. Die komitee se aanbevelings sal as riglyne vir die studieleier en die student dien.

Duur van program

Die minimum tydsduur vir die studie is twee jaar (werk in 'n geakkrediteerde Intensiewesorgeenheid).

Slaagvereistes

Sien Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat.

3. Geneeskundige Fisika (Verhandeling)**Studiekode 8738**

Toelatingsvereistes

Toelating tot die program is onderhewig aan aanbeveling van die programhoof. 'n Student moet in besit wees van 'n BMedScHons-graad in Geneeskundige Fisika of gelykwaardige kwalifikasie.

Toepaslike voorafleer en ervaring sal tydens toelating in aanmerking geneem word.

Samestelling

MPRS8900	Verhandeling	200 krediete
----------	--------------	--------------

Duur van program

Die tydsduur vir die studie is twee jaar, maar onder spesiale omstandighede, met goedkeuring van die Departementshoof, kan dit in een jaar voltydse studie voltooi word.

Slaagvereistes

Sien Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat.

Reël MGH4 REËLS VIR DIE GRAAD M IN SPORTGENEESKUNDE

Studente moet voldoen aan beide die vereistes van die Algemene Reëls vir meestersgrade en die reëls van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.

Reël MGH4.1 Toelatingsvereistes

Om toegelaat te word om te registreer vir die graad M Sportgeneeskunde, moet 'n student in besit wees van:

- a) MBChB of ekwivalente kwalifikasie.
- b) Volle registrasie as mediese praktisyn by die Raad vir Gesondheidsberoep van Suid-Afrika (RGSBA).

Studente moet praktiseer as mediese praktisyns, en internskappe sowel as gemeenskapsdiens voltooi het.

Die programhoof moet toelating tot die program aanbeveel. Toepaslike voorafleer en ervaring sal tydens toelating in aanmerking geneem word.

Keuring het betrekking by finale goedkeuring van die Dagbestuur, Skool vir Geneeskunde.

Reël MGH4.2 Duur van program

Die program duur drie jaar (300 krediete)

Reël MGH4.3 Kurrikulum

Modulewerk	180 krediete
Navorsing (navorsingsprojek en modulewerk)	120 krediete
Kliniese Leer: MCLL7900 strek oor drie jaar (<i>pasiëntlogboeke, pasiëntvoordragte, akademiese besprekings, kliniese vaardigheidseenheid, elektiewe periode by erkende instansies</i>)	100 krediete
Navorsingsprojek: MRPJ7900 strek oor drie jaar	100 krediete

Jaarorganisering:

Jaar 1:

- Modules:
 - Navorsingsmetodiek MNAV7905 20 krediete
 - Basiese Mediese Wetenskappe BMMS7905 20 krediete
 - Oefeningsfisiologie: MEXP7905 20 krediete
- Kliniese leer (voortsetting 20 van 100 krediete) MCLL7900 100 krediete
- Navorsingsprojek: (voortsetting 20 van 100 krediete) MRPJ7900 100 krediete
 - Ontwikkeling van 'n navorsingsprotokol

Jaar 2:

- Modules:
 - Kardiorespiratoriese stelsel MCPS7902 8 krediete
 - Toegepaste sportgeneeskunde MASM7903 12 krediete
 - Kliniese oefeningsgeneeskunde MEXM7902 8 krediete
 - Kliniese sportgeneeskunde MCSP7900 12 krediete

- | | | |
|--|----------|--------------|
| • Kliniese leer (Voortsetting 20 van 100 krediete) | MCLL7900 | 100 krediete |
| • Navorsingsprojek: (Voortsetting 40 van 100 krediete) | MRPJ7900 | 100 krediete |
| ○ Literatuurstudie en empiriese navorsing | | |

Jaar 3:

- | | | |
|--|----------|--------------|
| • Modules: | | |
| ○ Kliniese sportgeneeskunde: | MCSM7903 | 12 krediete |
| ○ Ortopediese sportgeneeskunde | MOSG7907 | 28 krediete |
| • Kliniese leer: (voortsetting 60 van 100 krediete): | MCLL7900 | 100 krediete |
| ○ Gevallelogboeke | | |
| ○ Pasiëntaanbiedings | | |
| ○ Akademiese besprekings | | |
| ○ Kliniese vaardigheidseenheid | | |
| ○ Elektiewe periode by erkende fasiliteite | | |
| • Navorsingsprojek: (voortsetting 40 van 100 krediete) | MRPJ7900 | 100 krediete |
| ○ Skryf en afhandeling van navorsingsprojek | | |

Reël MGH4.4 Algemeen

Modulemateriaal en kliniese leermodules word aangebied in 'n minimum van 24 dae bywoning per jaar, eweredig versprei deur die jaar.

Reël MGH4.5 Assessering

1. Vaardigheid word bewys deur demonstrasie van uitkomste van die program om te voldoen aan standaarde gestel deur die Universiteit van die Vrystaat en die Fakulteit Gesondheidswetenskappe. Effektiwiteit en vaardigheid in die bereiking van gegewe uitkomste en algemene prestasie in sport- en oefeningsgeneeskunde, asook vaardigheid as navorser, word geassesseer. Daar word van studente verwag om vaardigheid te bewys deur verskeie metodes, insluitend gevalleportefeuljes, besprekings, werkopdragte, praktiese demonstrasies en publiseerbare wetenskaplike manuskripte. Vaardighede word in reële omgewings geassesseer. Die navorsingsprojek word in ooreenstemming met die Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat met betrekking tot navorsing geassesseer.
2. Assessering in die program word gedoen volgens 'n geïntegreerde en deurlopende benadering.
3. Assessering van praktiese werk en elektiewe periodes word gedoen deur vasgestelde of kontrakwerk in die veld van sport- en oefeningsgeneeskunde. Eweknie-assessering word hierby ingesluit.
4. 'n Module kredietstelsel is van toepassing. In gevalle waar 'n gemiddelde modulepunt van 65% nie behaal is nie, sal jaar een en jaar twee se assessering bestaan uit 'n geskrewe en/of mondelinge eksamen. Aan die einde van jaar drie word 'n geskrewe, mondelinge en praktiese eksamen afgelê en die navorsingsprojek geassesseer.

Reël MGH4.6 Promovering en onderskeidings

Studente wat 'n gemiddelde punt van 65% of meer in die eerste of tweede jaar behaal, mag na die volgende jaar gepromoveer word sonder om 'n formele eksamen af te lê. Studente met 'n gemiddelde punt van 65% of meer sal egter, indien hulle so verkies, toegelaat word om 'n formele eksamen af te lê om punte te verbeter of 'n onderskeiding te behaal. Die meestersgraad word met lof toegeken indien 'n geweegde gemiddelde gesamentlike persentasie-punt van 75% oor drie jaar behaal word en die navorsingsprojek binne die voorgeskrewe tyd voltooi.



MSportMed

DUUR VAN PROGRAM: 3 JAAR
9 MODULES
+ 3 KLINIESE MODULES
+ NAVORSINGSPROJEK

JAAR 1:

- KLINIESE LEER: 1 MODULE
- NAVORSINGSPROJEK: PROTOKOL
- 3 MODULES: NAVORSINGSMETODIEK
BASIESE MEDIESE WETENSKAPPE
OEFENINGSFISIOLOGIE

JAAR 2:

- KLINIESE LEER: 1 MODULE
- NAVORSINGSPROJEK: LITERATUURSTUDIE EN
EMPIRIESE NAVORSING
- KLINIESE OEFENINGSGENEESKUNDE
- TOEGEPASTE WETENSKAPPE
- KLINIESE SPORTGENEESKUNDE

UV SKOOL VIR GENEESKUNDE

JAAR 3:

- KLINIESE LEER: 1 MODULE
- NAVORSINGSPROJEK:
FINALE NAVORSINGSVERSLAG EN
PUBLISEERBARE ARTIKELS
VOORDRAG VAN NAVORSING
- SPORTBESERINGS
- ORTOPEDIE

KLINIESE LEERMODULES

1. KONTAKSESSIES
2. GEVALLESTUDIES EN VOORDRAG
3. KLINIESE VAARDIGHEIDSONTWIKKELING

MODULES IS SELFSTUDIE GEVOLG DEUR
KONTAKSESSIES EN ONDERRIG

Programbeplanner: Dr L Holtzhausen

ASSESSERIG:

1. EINDE VAN 1STE EN 2DE JAAR VAN STUDIE:
FORMELE GESKREWE EN/OF MONDELINGE
EKSAMEN
2. DEURLOPENDE ASSESSERING
 - TOETSE
 - PASIËNTVOORDRAGTE
 - KLINIESE LOGBOEK
 - ELEKTIEWE PERIODES
3. NAVORSINGSPROJEK AAN EINDE VAN 3DE JAAR

MAGISTERGRAAD: 300 KREDIETE
LEERKREDIETE: 200
NAVORSINGSKREDIETE: 100

1^{STE} JAAR

100 KREDIETE: MODULES: 40K, NAVORSING: METODOLOGIE & PROTOKOL: 40K (20 + 20), KLINIESE LEER: 20K

NAVORSINGSMETODOLOGIE 20K Kode: MNAV7905	BASIESE MEDIESE WETENSKAPPE 20K Kode: BMMS7905 ♦ TOEGEPASTE ANATOMIE ♦ OEFENINGSBIOCHEMIE ♦ INLEIDING TOT BIOMEGANIKA	OEFENINGSFISIOLOGIE 20K Kode: MEXP7905 ♦ SPIER ♦ KARDIOVASKULÊRE STELSEL ♦ RESPIRATORIESE STELSEL	KLINIESE LEER 20K Kode: MCLL7900 ♦ PASIËNTLOGBOEK ♦ PASIËNTVOORDRAGTE ♦ AKADEMIESE BESPREKINGS ♦ SASMA-BYWONING ♦ KLINIESE VAARDIGHEIDSEENHEID ♦ ONDERSOEKMETODES
NAVORSINGSPROJEK 20K Kode: MRPJ7900			

2^{DE} JAAR

MODULES:

100 KREDIETE: MODULES: 48K, NAVORSINGSPROJEK: 40K, KLINIESE LEER: 12K

KARDIORESPIRATORIESE STELSEL 8K Kode: MCPS7902 ♦ KARDIOLOGIE ♦ PULMONOLOGIE	KLINIESE OEFENINGSGENEESKUNDE 8K Kode: MEXM7902 ♦ DERMATOLOGIE ♦ ONKOLOGIE ♦ OBS & GINE ♦ NEUROLOGIE ♦ RUMATOLOGIE ♦ PEDIATRIE ♦ ENDOKRINOLOGIE ♦ GASTROENTEROLOGIE ♦ NEFROLOGIE	TOEGEPASTE SPORTGENEESKUNDE 12K Kode: MASM7903 ♦ HEMATOLOGIE & IMMUNOLOGIE ♦ VLOEISTOFBALANS ♦ SPORTVOEDING ♦ FARMAKOLOGIE EN ERGOGENIESE MIDDELS ♦ BEGINSLS VAN ORTOPEDIESE REHAB ♦ BEGINSLS VAN OEFENVOORSKRIF	KLINIESE SPORTGENEESKUNDE 12K Kode: MCSP7900 ♦ NOODSPORTGENEESKUNDE ♦ ELITE ATLEET ♦ OMGEWINGSSPORTGENEESKUNDE ♦ DUKGENEESKUNDE ♦ VLIEGGEGENEESKUNDE ♦ SIELKUNDE ♦ MIOLOGIE
--	--	--	---

NAVORSINGSPROJEK Kode: RPJ792 40K LITERATUURSTUDIE EN EMPIRIESE NAVORSING

KLINIESE LEER 20K Kode: MCLL7900

3^{DE} JAAR

MODULES:

100 KREDIETE: MODULES: 40K, NAVORSINGSPROJEK: 40K, KLINIESE LEER: 20K

KLINIESE SPORTGENEESKUNDE 12K Kode: MCSM7903 ♦ INLEIDING ♦ VOORKOMING ♦ RADIOLOGIE ♦ PODIATRIE	ORTOPEDIESE SPORTGENEESKUNDE 28K Kode: MOSG7907 ♦ SPIER- EN SAGTEWEEFSELBESERINGS ♦ BEEN EN BEENSTRESS ♦ KNIE ♦ ONDERBEEN	12K ♦ ENKEL EN VOET ♦ HEUP EN BEKKEN ♦ WERWELKOLOM	12K ♦ SKOUER ♦ ELMBOOG EN VOORARM ♦ POLSGEWIG EN HAND
---	--	---	--

NAVORSINGSPROJEK 40K
Kode: MRPJ7900

SKRYF VAN NAVORSINGSPROJEK/ARTIKELS
MONDELINGE ASSESSERING

KLINIESE LEER 20K
Kode: MCLL7900

Reël MGH5 REËLS VIR DIE MMedSc IN TRANSFUSIEGENEESKUNDE

Reël MGH5.1 Toelatingsvereistes

Studente mag vir die graad MMedSc (Transfusiegeneeskunde) registreer indien hy/sy:

- a) Voldoen aan beide die vereistes van die Algemene Reëls vir meestersgrade en die reëls van die Fakulteit van Gesondheidswetenskappe.
- b) In besit is van die MBChB of gelykwaardige graad.
- c) In besit is van die Nagraadse Diploma in Transfusiegeneeskunde of gelykwaardige kwalifikasie.
- d) Geregistreer is by die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (RGBSA) as 'n onafhanklike mediese praktisyn of die gelykwaardige registrasie vir die land van oorsprong.

Toelating is onderhewig aan keuring.

Dit is verpligtend vir kandidate om toegang te hê tot internet- en e-posfasiliteite.

Indien nodig kan van 'n student vereis word om bykomende modules, soos van toepassing op die studieveld, as geleentheidstudie te slaag.

Reël MGH5.2 Duur van program

Die program strek oor 'n minimum tydperk van twee jaar.

Reël MGH5.3 Kurrikulum

MTMO8900	Verhandeling	180 krediete
----------	--------------	--------------

Reël MGH5.4 Assessering

- a) Die navorsingsprotokol sal deur 'n evalueringskomitee van die Fakulteit geëvalueer word.
- b) Die titel van die verhandeling sal slegs op aanbeveling van die Dagbestuur aan die Fakulteitsraad voorgelê word.
- c) Die verhandeling sal by afhandeling en op aanbeveling van die studieleier(s) ekstern geassesseer word.

Reël MGH5.5 Slaagvereistes

Sien Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat.

Reël MGH5.6 Bykomende eksaminering

Sien Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat.

Reël MGH6**REËLS VIR DIE GRAAD PhD**

Die Algemene Reëls ten opsigte van doktorsgrade is *mutatis mutandis* van toepassing op hierdie Fakulteit.

Om toegelaat te word om vir die graad PhD te registreer, moet 'n student voldoen aan die bepalings van die Algemene Reëls en in besit wees van die toepaslike meestersgraad van die betrokke departement of enige ander kwalifikasie wat deur die Universiteit as toereikend beskou word.

Die PhD-graad kan in die volgende rigtings verwerf word in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe:

Anatomie en Selmorfologie (ANPH9100)	Kerngeneeskunde (MKG9100)
Anatomiese Patologie (MANP9100)	Kliniese Radiobiologie (MRBO9100)
Anesthesiologie (MANS9100)	Kritieke Sorg (MKRS9100)
Biostatistiek (MBST9100)	Mediese Mikrobiologie / Mediese Virologie (MMKM9100/MVIR9100)
Chemiese Patologie (MCEP9100)	Mensmolekulêre Biologie (MMBG9100)
Chirurgie (MCHR9100)	Neurochirurgie (MNEU9100)
Dermatologie (MDER9100)	Neurologie (MNER9100)
Diagnostiese Radiologie (MDIR9100)	Obstetrie en Ginekologie (MOBG)
Farmakologie(Analities/Klinies)(MFRM9100)	Oftalmologie (MOFT9100)
Gemeenskapsgesondheid (MVKG9100)	Ortopediese Chirurgie (MORT9100)
Geneeskundige Fisika (MPRD9100)	Otorinolaringologie (MOTO9100)
Geneeskundige Fisiologie (PHPH9100)	Pediatrie (MPED9100)
Geregtelike Geneeskunde (MGGN9100)	Plastiese Chirurgie (MPUP9100)
Hematologie en Selbiologie (MHEM9100)	Psigiatrie (MPSG9100)
Huisartskunde (MHAK9100)	Radiografiese Wetenskappe (MKGW9100/MDIR9100)
Interne Geneeskunde (MING9100)	Stralingsonkologie (MOKT9100)
Kardiologie (MKAR9100)	Urologie (MURL9100)
Kardiotorakschirurgie (MTTC9100)	

Die modulekode van die dissipline waarvoor geregistreer word, bestaan uit die afkorting van die dissiplinegebied, tesame met die kode **9100**.

Reël MGH7**REËLS VIR DIE GRAAD DMed****Reël MGH7.1****Toelatingsvereistes**

'n Student moet aan sowel die bepalinge van die Algemene Reëls vir doktorsgrade as aan die spesiale reëls van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe voldoen.



Die graad DMed kan in die volgende vertakkings van Geneeskunde verwerf word:

Anatomie en Selmorfologie (ANPD9100)	Kerngeneeskunde (MMKN9100)
Anatomiese Patologie (MMNP9100)	Kliniese Radiobiologie (MMBO9100)
Anesthesiologie (MMNS9100)	Kritiekessorg (MMRS9100)
Biostatistiek (MMTS9100)	Mediese Mikrobiologie / Mediese Virologie (MMM9100/MMVI9100)
Chemiese Patologie (MMEP9100)	Mensmolekulêre Biologie (MMMB9100)
Chirurgie (MMHR9100)	Neurochirurgie (MMEU9100)
Dermatologie (MMDE9100)	Neurologie (MMER9100)
Diagnostiese Radiologie (MMIR9100)	Obstetrie en Ginekologie (MMOG9100)
Farmakologie(Analities/Klinies)(MMRM9100)	Oftalmologie (MMFT9100)
Geneeskundige Fisiologie (PHPD9100)	Ortopediese Chirurgie (MMRT9100)
Geneeskundige Fisika (MPMD9100)	Otorinolaringologie (MMTO9100)
Gemeenskapsgesondheid (MMKG9100)	Pediatrie (MMED9100)
Geregtelike Geneeskunde (MMGN9100)	Plastiese Chirurgie (MMUP9100)
Hematologie en Selbiologie (MMEM9100)	Psigiatrie (MMSG9100)
Huisartskunde (MMHA9100)	Stralingsonkologie (MMKT9100)
Interne Geneeskunde (MMING9100)	Radiografiese Wetenskappe (MMGW9100/MMIR9100)
Kardiologie (MTTC9100)	Urologie (MMRL9100)
Kardiorakskirurgie (MKTC9100)	

Die modulekode van die dissipline waarvoor geregistreer word, bestaan uit die afkorting van die dissiplinegebied, tesame met die kode **9100**.

Toeligting:

- 'n Fakulteitskomitee sal die voorgestelde projek assesseer. Die titel van die proefskrif sal slegs op aanbeveling van die komitee aan die Fakulteitsraad voorgelê word.
- Ná voltooiing van die praktiese gedeelte van die navorsing, of op 'n tydstip deur die promotor bepaal, moet die student sy navorsingsresultate aan die komitee voorlê en verantwoord. Die komitee se aanbeveling sal as riglyne vir die promotor en die student dien.

DMedSc

360 Krediete
Studiekode 8940

Reël MGH8

REËLS VIR DIE GRAAD DMedSc

Die graad DMedSc kan toegeken word aan 'n gedoktoreerde wat oor 'n aansienlike tydperk omvangryke publikasies van besondere gehalte op sy/haar dissiplinegebied gelewer het.

Die modulekode van die dissipline waarvoor geregistreer word, bestaan uit die afkorting van die dissiplinegebied, tesame met die kode **9100**.

Vir meer besonderhede kyk Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat.



Reël MGH9 REËLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN ENDOKRINOLOGIE

Reël MGH9.1 Toelatingsvereistes

MMed (Interne Geneeskunde) of GKI (SA)

Reël MGH9.2 Duur van program

Twee jaar voltyds.

Reël MGH9.3 Opleidingsondervinding

Alvorens die PGDip (Endokrinologie) aan 'n student toegeken word, moet 'n student die Universiteit oortuig dat hy/sy:

- (i) Vir 'n tydperk van twee jaar 'n genommerde subspesialiteit opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat beklee het.
- (ii) Toepaslike teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het soos opgeteken in 'n gespesifiseerde logboek/portefeulje.
- (iii) Vir die voorgeskrewe tydperk as student aan die Universiteit geregistreer was.
- (iv) Voldoen het aan die regulasies van die Kollege vir Interniste van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA) vir toelating tot die eksamen vir die na-spesialisasie sertifikaat in die sub-spesialiteit Endokrinologie (Cert Endocrinology (SA)).

Reël MGH9.4 Kurrikulum

Die kurrikulum soos uiteengesit vir die na-spesialisasie Sertifikaat in Sub-Spesialiteit Endokrinologie (Cert Endocrinology (SA)) van die Kollege vir Interniste van die KGSA, word gevolg en is beskikbaar op die webtuiste van die KGSA.

Jaar 1:	MAEA5800	Gevorderde Endokrinologie	120 krediete
Jaar 2:	MAEB5800	Gevorderde Endokrinologie	120 krediete

Reël MGH9.5 Assessering

- (i) Die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika vereis dat eenvormige uittree-eksamens vir alle sub-spesialiteite afgeneem moet word. Die mandaat hiervoor is huidiglik aan die Kollege vir Interniste van die KGSA toegesê soos uiteengesit in MGH9.3(iv). Hierdie eksamen sal deur die UV erken word as die finale eksamen vir PGDip (Endokrinologie).
- (ii) 'n Student slaag met lof indien 'n assesseringpunt van minstens 75% behaal word in die KGSA eksamen.



Reël MGH10 REËLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN GASTROËNTEROLOGIE

Reël MGH10.1 Toelatingsvereistes

MMed (Interne Geneeskunde) of GKI (SA)

Reël MGH10.2 Duur van program

Twee jaar voltyds.

Reël MGH10.3 Opleidingsondervinding

Alvorens die PGDip (Gastroënterologie) aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oortuig dat hy/sy:

- (i) Vir 'n tydperk van twee jaar 'n genommerde subspesialiteit opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat bekleed het.
- (ii) Toepaslike teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het soos opgeteken in 'n gespesifiseerde logboek/portefeulje.
- (iii) Vir die voorgeskrewe tydperk as student aan die Universiteit geregistreer was.
- (iv) Voldoen het aan die regulasies van die Kollege vir Interniste van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA) vir toelating tot die eksamen vir die na-spesialisasie Sertifikaat in die Sub-Spesialiteit Gastroënterologie (Cert Gastroenterology (SA)).

Reël MGH10.4 Kurrikulum

Die kurrikulum soos uiteengesit vir die na-spesialisasie Sertifikaat in Sub-Spesialiteit Gastroënterologie (Cert Gastroenterology (SA)) van die Kollege vir Interniste van die KGSA, word gevolg en is beskikbaar op die webtuiste van die KGSA.

Jaar 1:	MAVB5800	Gevorderde Gastroënterologie	120 krediete
Jaar 2:	MAVB5800	Gevorderde Gastroënterologie	120 krediete

Reël MGH10.5 Assessering

- (i) Die Raad vir Gesondheidsberoep van Suid-Afrika vereis dat eenvormige uittreeksamens vir alle sub-spesialiste afgeneem moet word. Die mandaat hiervoor is huidiglik aan die Kollege vir Interniste van die KGSA toegesê soos uiteengesit in MGH10.3(iv). Hierdie eksamen sal deur die UV erken word as die finale eksamen vir die PGDip (Gastroënterologie).
- (ii) n' Student slaag met lof indien 'n assesseringpunt van minstens 75% behaal word in die KGSA eksamen.



Reël MGH11 REËLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN GERIATRIESE GENEESKUNDE

Reël MGH11.1 Toelatingsvereistes

MMed (Interne Geneeskunde) of GKI (SA)

Reël MGH11.2 Duur van program

Twee jaar voltyds.

Reël MGH11.3 Opleidings ondervinding

Alvorens die PGDip (Geriatrisie Geneeskunde) aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oortuig dat hy/sy:

- (i) Vir 'n tydperk van twee jaar 'n genommerde sub-spesialiteit opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat beklee het.
- (ii) Toepaslike teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het soos opgeteken in 'n gespesifiseerde logboek/portefeulje.
- (iii) Vir die voorgeskrewe tydperk as student aan die Universiteit geregistreer was.
- (iv) Voldoen het aan die regulasies van die Kollege vir Interniste van die Kollege vir Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA) vir toelating tot die eksamen vir die na-spesialisasie Sertifikaat in die Sub-Spesialiteit Geriatrisie Geneeskunde (Cert Geriatric Medicine (SA)).

Reël MGH11.4 Kurrikulum

Die kurrikulum soos uiteengesit vir die na-spesialisasie Sertifikaat in Sub-Spesialiteit Geriatrisie Geneeskunde (Cert Geriatric Medicine (SA)) van die Kollege vir Interniste van die KGSA, word gevolg en is beskikbaar op die webtuiste van die KGSA.

Jaar 1:	MGMA5800	Gevorderde Geriatrisie Geneeskunde	120 krediete
Jaar 2:	MGMB5800	Gevorderde Geriatrisie Geneeskunde	120 krediete

Reël MGH11.5 Assessering

- (i) Die Raad vir Gesondheidsberoep van Suid-Afrika vereis dat eenvormige uittreeksamens vir alle sub-spesialiteite afgeneem moet word. Die mandaat hiervoor is huidiglik aan die Kollege vir Interniste van die KGSA toegesê soos uiteengesit in MGH11.3(iv). Hierdie eksamen sal deur die UV erken word as die finale eksamen vir die PGDip (Geriatrisie Geneeskunde).
- (ii) 'n Student slaag met lof indien 'n assesseringpunt van minstens 75% behaal word in die KGSA eksamen.

Reël MGH12 REËLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN NEFROLOGIE

Reël MGH12.1 Toelatingsvereistes

MMed (Interne Geneeskunde) of GKI (SA)

Reël MGH12.2 Duur van program

Twee jaar voltyds.

Reël MGH12.3 Opleidingsondervinding

Alvorens die PGDip (Nefrologie) toegeken word, moet 'n student die Universiteit oortuig dat hy/sy:

- (i) Vir 'n tydperk van twee jaar in 'n genommerde subspesialis opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat bekleed het.
- (ii) Toepaslike teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het soos opgeteken in 'n gespesifiseerde logboek/portefeulje.
- (iii) Vir die voorgeskrewe tydperk as student aan die Universiteit geregistreer was.
- (iv) Voldoen het aan die regulasies van die Kollege vir Interniste van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA) vir toelating tot die eksamen vir die na-spesialisasie Sertifikaat in die Sub-Spesialiteit Nefrologie (Cert Nephrology (SA) Phys).

Reël MGH12.4 Kurrikulum

Die kurrikulum soos uiteengesit vir die na-spesialisasie Sertifikaat in Sub-Spesialiteit Nefrologie (Cert Nephrology (SA) Phys) van die Kollege vir Interniste van die KGSA, word gevolg en is beskikbaar op die webtuiste van die KGSA.

Jaar 1:	MANA5800	Gevorderde Nefrologie	120 krediete
Jaar 2:	MANB5800	Gevorderde Nefrologie	120 krediete

Reël MGH12.5 Assessering

- (i) Die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika vereis dat eenvormige uittree-eksamens vir alle sub-spesialiteite afgeneem moet word. Die mandaat hiervoor is huidiglik aan die Kollege vir Interniste van die KGSA toegesê soos uiteengesit in MGH12.3(iv). Hierdie eksamen sal deur die UV erken word as die finale eksamen vir die PGDip (Nefrologie).
- (ii) 'n Student slaag met lof indien 'n assesseringpunt van minstens 75% behaal word in die KGSA eksamen.

Reël MGH13 REËLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN PULMONOLOGIE

Reël MGH13.1 Toelatingsvereistes

MMed (Interne Geneeskunde) of GKI (SA)

Reël MGH13.2 Duur van program

Twee jaar voltyds.

Reël MGH13.3 Opleidingsondervinding

Alvorens die PGDip (Pulmonologie) aan toegeken word, moet 'n student die Universiteit oortuig dat hy/sy:

- (i) Vir 'n tydperk van twee jaar 'n genommerde subspesialis opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat beklee het.
- (ii) Toepaslike teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het soos opgeteken in 'n gespesifiseerde logboek/portefeulje.
- (iii) Vir die voorgeskrewe tydperk as student aan die Universiteit geregistreer was.
- (iv) Voldoen het aan die regulasies van die Kollege vir Interniste van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA) vir toelating tot die eksamen vir die na-spesialisasie Sertifikaat in die Sub-Spesialiteit Pulmonologie (Cert Pulmonology (SA) Phys).

Reël MGH13.4 Kurrikulum

Die kurrikulum soos uiteengesit vir die na-spesialisasie Sertifikaat in Sub-Spesialiteit Pulmonologie (Cert Pulmonology (SA) Phys) van die Kollege vir Interniste van die KGSA, word gevolg en is beskikbaar op die webtuiste van die KGSA.

Jaar 1:	MAPA5800	Gevorderde Pulmonologie	120 krediete
Jaar 2:	MAPB5800	Gevorderde Pulmonologie	120 krediete

Reël MGH13.5 Assessering

- (i) Die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika vereis dat eenvormige uittree-eksamens vir alle sub-spesialiteite afgeneem moet word. Die mandaat hiervoor is huidig aan die Kollege vir Interniste van die KGSA toegesê soos uiteengesit in MGH13.3(iv). Hierdie eksamen sal deur die UV erken word as die finale eksamen vir die PGDip (Pulmonologie).
- (ii) 'n Student slaag met lof indien 'n assesseringpunt van minstens 75% behaal word in die KGSA eksamen.



Reël MGH14 REËLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN KLINIESE HEMATOLOGIE

Reël MGH14.1 Toelatingsvereistes

Alvorens 'n student vir die diploma mag inskryf, moet hy/sy voldoen aan een van die volgende vereistes:

- As Internis geregistreer wees by die RGBSA: MMed (Interne Geneeskunde) of ekwivalente kwalifikasie.
- As Hematologiese patoloog geregistreer wees by die RGBSA: MMed (Hematologie) of ekwivalente kwalifikasie.

Reël MGH14.2 Duur van program

Twee jaar voltyds.

Reël MGH14.3 Kliniese ondervinding

Alvorens die PGDip (Kliniese Hematologie) toegeken word, moet 'n student die Universiteit oortuig dat hy/sy:

- (i) Vir 'n tydperk van twee jaar 'n toepaslike opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat of ander inrigting wat deur die Universiteit as gelykwaardig erken word, beklee het.
- (ii) Teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het.
- (iii) Vir die voorgeskrewe tydperk as student aan die Universiteit geregistreer was.
- (iv) Het die voorgeskrewe Kollege eksamen soos vereis deur die Universiteit van die Vrystaat geslaag.

Toeligting:

- (a) Slegs 'n pos waaraan 'n senior kliniese assistentnommer gekoppel is, word deur die RGBSA erken.
- (b) Die tydperk van opleiding word bereken van die dag van registrasie as student by die Universiteit. Indien 'n student egter gedurende die voorgeskrewe registrasietydperk van die Universiteit registreer, kan sodanige registrasie as geldig vanaf 1 Januarie beskou word.

Reël MGH14.4 Kurrikulum

Kliniese Hematologie **MCHS5800 (240 krediete)** (vir die studente wat as interniste gekwalifiseer is):

- (a) Alle aspekte van kliniese en laboratoriumhematologie bestuur word gedek.

Kliniese Hematologie **MCHP5800 (240 krediete)** (vir die studente wat as hematologiese patoloë gekwalifiseer is):

- (a) Alle aspekte van kliniese hematologie word gedek.



Reël MGH14.5 Assessering

Die subspesialiteitsertifikaat in Kliniese Hematologie van die toepaslike Kollege van Geneeskunde van Suid-Afrika is die enigste aanvaarde uitgangseksamen.

Reël MGH14.6 Slaag met lof

'n Studente slaag met lof indien 'n assesseringpunt van minstens 75% behaal word.

Reël MGH14.7 Bykomende Eksaminering

'n Nagraadse Diplomastudent mag nie weer geëksamineer word voordat minstens ses maande verloop het ná die assessering waarin hy/sy gedruip het nie.

Reël MGH14.8 Verlenging

'n Student wat nie die diploma-assessering aan die einde van die studietydperk geslaag het nie, sal toegelaat word om sy/haar betrekking as senior kliniese assistent normaalweg vir 'n tydperk van ses maande te behou of soos die Departementshoof mag bepaal.

Reël MGH14.9 Toekenning van die diploma

Die Nagraadse Diploma word toegeken aan die einde van die opleidingstydperk sodra die kandidaat die KGSA eksamen geslaag het en hul opleidingstyd voltooi het.

Toeligting:

Die betrokke departemente stel hul sillabusse so op dat die diplomastudent (senior kliniese assistent) onder toesig gelei word om met toenemende vertroue en verantwoordelikheid die laboratorium- en kliniese aspekte van pasiënte met hematologiese toestande in die opleidingsinrigting te hanteer.

NAGRAADSE DIPLOMA IN ALGEMENE INTERVENSIONELE RADIOLOGIE	240 Krediete
PGDip (Algemene Intervensionele Radiologie)	Studiekode 8211

Reël MGH15 REÛLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN ALGEMENE INTERVENSIONELE RADIOLOGIE

'n Student moet aan sowel die bepalinge van die Algemene Reëls vir Nagraadse Diplomas as aan die reëls van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe voldoen.

Reël MGH15.1 Toelatingsvereistes

Alvorens 'n student vir 'n Nagraadse Diploma in Algemene Intervensionele Radiologie mag inskryf, moet hy/sy:

- In besit wees van die MMed (Diagnostiese Radiologie) of gelykwaardige Diagnostiese Radiologie-kwalifikasie, of toegelaat wees tot die status van MMed (Diagnostiese Radiologie) op aanbeveling van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.
- Aangestel wees in 'n Departement Radiologie by 'n geakkrediteerde opleidingshospitaal wat oor die toepaslike fasiliteite beskik.



Toeligting:

Slegs 'n beperkte aantal studente kan jaarliks per studierigting toegelaat word.

Reël MGH15.2 Duur van program

Die program, wat voltyds aangebied word, strek oor twee semesters.

Reël MGH15.3 Kurrikulum

Eerste semester:

MUID5810	Uro-intervensie, Dreinasie en Biopsie	60 krediete
MIUA5810	Endovaskulêre intervenisie 1	60 krediete

Tweede semester:

MIUB5820	Endovaskulêre intervenisie 2	60 krediete
MGII5820	Gastro-intestinale intervenisie	60 krediete

Reël MGH15.4 Assessering

Een drie-uur vraestel per semester

Mondeling – tweede semester

Logboek – tweede semester

Reël MGH15.5 Slaagvereistes

Sien Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat.

NAGRAADSE DIPLOMA IN GENEESKUNDIGE FISIKA	256 Krediete
PGDip (Geneeskundige Fisika)	Studiekode 8213

Reël MGH16 REËLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN GENEESKUNDIGE FISIKA

Die reëls met betrekking tot Nagraadse Diplomas is met die nodige aanpassings op die Fakulteit Gesondheidswetenskappe van toepassing. Hierdie reëls is vervat in die Algemene Reëls. Dit is die student of voornemende student se verantwoordelikheid om vertrouwd te raak met hierdie reëls.

Reël MGH16.1 Toelatingsvereistes

Die minimum toelatingsvereiste is 'n BMedScHons (Geneeskundige Fisika) of gelykwaardige kwalifikasie met 'n toepaslike samestelling. Studente sal aan keuring onderwerp word. Bykomende inligting is vervat in die Keuringsbeleiddokument. Studente moet by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA) registreer as intern mediese fisici.

Reël MGH16.2 Toelatingsvereistes vir studente van ander universiteite

Reëls A27 in die Algemene Reëls is van toepassing. Studente sal slegs toegelaat word om vir die leerprogram in te skryf ná voorlegging van 'n sillabus en krediete van elke module wat geslaag is. Die departement wat die program aanbied, sal hierdie modules evalueer. Die departement behou die reg voor om te vereis dat sodanige student 'n toelatingseksamen slaag.



Reël MGH16.3 Duur van program

'n Minimum van twee studiejare word vereis vir die voltooiing van die diploma.

Reël MGH16.4 Kurrikulum

Module

MPDT5810/20	Geneeskundige Fisika vir Radioterapie I	64 krediete
MPDP5810/20	Geneeskundige Fisika vir Radioterapie II	64 krediete
MPDD5810/20	Geneeskundige Fisika vir Diagnostiese Radiologie	64 krediete
MPDN5810/20	Geneeskundige Fisika vir Kerngeneeskunde	64 krediete

Toeligting:

Sekere modules kan by buite instansies aangebied word.

Hierdie Nagraadse Diploma voldoen aan die vereistes vir praktiese opleiding (internskap) wat deur die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (RGBSA) vir registrasie as onafhanklike praktyk geneeskundige fisikus voorgeskryf word.

Reël MGH16.5 Assessering

'n Finale modulepunt word in elke module verwerf deur middel van 'n skriftelike verslag, mondelinge evaluering en ander take soos in die modulehandleiding uiteengesit.

Reël MGH16.6 Slaag met lof

Die Nagraadse Diploma word met onderskeiding toegeken as:

- (i) 'n Algehele geweegde gemiddelde syfer van 75% behaal word.
- (ii) Die Nagraadse Diploma binne die minimum voorgeskrewe periode van twee jaar behaal word.

Reël MGH16.7 Slaagvereistes

Sien Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat.

NAGRAADSE DIPLOMA IN KLINIESE FARMAKOLOGIE	128 Krediete
PGDip (Kliniese Farmakologie)	Studiekode 8212

Reël MGH17 REËLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN KLINIESE FARMAKOLOGIE

Reël MGH17.1 Toelatingsvereistes

MBChB of BPharm

Reël MGH17.2 Duur van program

Een jaar (voltyds), twee jaar (deeltyds)

Reël MGH17.3 Kurrikulum

- (a) Take (Kliniese Farmakologie en Kliniese Toksikologie)
- (b) Gevallestudies



(c) Mini-verhandeling/verhandeling

Semester 1 :	MACA5810	Gevorderde Kliniese Farmakologie	64 krediete
Semester 2 :	MACB5820	Gevorderde Kliniese Farmakologie	64 krediete

Elke student sal onder die leiding van 'n personeel 'n kliniese farmakologienavorsingsprojek voorstel en onderneem. Die navorsingsprojek, verkieslik oorspronklik, maar nie noodwendig so nie, kan onderneem word ten opsigte van enige aspek van kliniese farmakologie soos wat deur die Departementshoof aanbeveel sal word.

Reël MGH17.4 Assessering

Assessering vind plaas deur deurlopende assessering waardeur die finale punt bepaal sal word deur verhoudings van punte wat behaal is deur progressiewe assesserings en punte vir 'n voltooide navorsingsprojek. Die gemiddelde bydrae tot die finale punt is as volg:

(a) MACA5810: Take in Kliniese Farmakologie en Kliniese Toksikologie: twee toetse van twee uur elk en 'n eksamen vraestel van drie uur:	50%
(b) MACB5820: Gevallestudies ('n gemiddelde punt vir vyf gevallestudies):	20%
(c) MACB5820: Voordrag van mini-verhandeling	30%
Puntetotaal:	100%

Reël MGH17.5 Slaagvereistes

Sien Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat.

NAGRAADSE DIPLOMA IN TRANSFUSIEGENEESKUNDE	120 Krediete
PGDip (Transfusiegeneeskunde)	Studiekode 8223

Reël MGH18 REÛLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN TRANSFUSIEGENEESKUNDE

Reël MGH18.1 Toelatingsvereistes

Alvorens 'n student vir die Nagraadse Diploma mag registreer, moet hy/sy in besit wees van die (MBChB) of 'n ekwivalente kwalifikasie. Kandidate moet ook geregistreer wees by die Suid-Afrikaanse Raad vir Gesondheidsberoepes (RGBSA) as 'n onafhanklike mediese praktisyn of 'n ekwivalente liggaam in hul land van oorsprong.

Dit is verpligtend vir kandidate om toegang te hê tot internet- en e-posfasiliteite. Dit is verpligtend vir kandidate om alle kontakssessies by te woon.

Indien daar meer as 15 aansoeke is, kan voorkeur gegee word aan kandidate van Suid-Afrika en kandidate wat aktief betrokke is in transfusiegeneeskunde. Studente kan, indien nodig, aan 'n taalvaardigheidstoets onderwerp word.

Reël MGH18.2 Duur van program

Die program strek oor twee jaar en word slegs deelyds aangebied.



Reël MGH18.3 Kurrikulum

Deel I

MTMO5804	Organisasie en Bestuur van 'n Transfusiediens	16 krediete
MTMP5804	Beginnels van Bloedprosessering en –Fraksionering	16 krediete
MTMA5804	Toediening van Bloedprodukte	16 krediete

Deel II

MTMC5809	Kliniese Toepassing van Bloedprodukte	36 krediete
MTMT5805	Komplikasies van Transfusie	20 krediete
MTMD5804	Ontwikkelings in Transfusiegeneeskunde	16 krediete

Die modules sal aangebied word in Engels, maar geskrewe en mondelinge eksamens asook opdragte kan in Afrikaans of Engels geskied. Alle elektroniese kommunikasie sal in Engels geskied.

Reël MGH18.4 Assessering

Verskeie metodes van assessering sal gebruik word in elke module (bv. geskrewe, mondeling, groepwerk, ens.). Kandidate moet 'n subminimum van ten minste 50% in elke module behaal om te slaag. 'n Student slaag met lof indien 'n geweegde gemiddelde assesseringpunt van 75% en meer behaal word.

Reël MGH18.5 Slaagvereistes

Sien Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat.

Reël MGH18.6 Bykomende Eksaminering

Indien minder as 50% behaal word in enige module, kan 'n mondelinge of skriftelike assessering gedoen word om voldoende integrale assessering te verseker. Studente kan ooreenkomstig die bepalings van die Algemene Reëls tot bykomende eksaminering toegelaat word. Addisionele supplementêre assesserings goedgekeur deur die Dekaan en aanbeveel deur die Departementshoof kan toegelaat word.

NAGRAADSE DIPLOMA IN RADIOGRAFIE (DIAGNOSTIES)	160 Krediete
PGDip (Radiografie) (Diagnosties)(Dormant)	Studiekode 8203

Reël MGH19 REËLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN RADIOGRAFIE (DIAGNOSTIES)

'n Student moet aan sowel die bepalings van die Algemene Reëls vir Nagraadse Diplomas as aan die reëls van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe voldoen.

Reël MGH19.1 Toelatingsvereistes

Alvorens 'n student vir die PGDip (Radiografie) mag inskryf, moet hy/sy:

- (a) In besit wees van ten minste 'n driejaar-BRad- of gelykwaardige kwalifikasie.
- (b) Toegelaat wees tot die status van die driejaar-BRad-graad op aanbeveling van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.



- (c) Aangestel wees as diagnostiese radiograaf by 'n geakkrediteerde opleidingshospitaal wat oor die toepaslike fasiliteite beskik.
- (d) As diagnostiese radiograaf by die RGBSA geregistreer wees.

Opmerking:

Slegs 'n beperkte aantal studente kan jaarliks per studierigting toegelaat word.

Reël MGH19.2 Duur van program

Die program strek oor twee semesters en word voltyds aangebied.

Reël MGH19.3 Vakrigtings

Die vakrigtings waarin die Nagraadse Diploma in Diagnostiese Radiologie verwerf kan word, is soos volg: Mammografie, Rekenaartomografie, Magnetiese Resonans en Vaskulêr/Intervensioneel.

Reël MGH19.4 Kurrikulum

Eerste semester:

MAPS5810	Toegepaste Fisika	40 krediete
MRAR5810	Radiografiese Anatomie/Fisiologie/Patologie	40 krediete

Tweede semester:

MRTR8520	Radiografiese Praktijk	40 krediete
MPCR8520	Kliniese Radiografiese Praktijk	40 krediete

Reël MGH19.5 Assessering

Assessering vind soos volg plaas:

Twee twee-uur vraestelle per semester

Mondeling - tweede semester

Navorsingsprojek - tweede semester

Reël MGH19.6 Slaagvereistes

Sien Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat.

NAGRAADSE DIPLOMA IN BEROEPSGESONDHEID	240 Krediete
PGDip (Beroepsgesondheid)	Studiekode 8220

Reël MGH20 REËLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN BEROEPSGESONDHEID

Reël MGH20.1 Toelatingsvereistes

Alvorens 'n student vir die diploma mag inskryf, moet hy/sy vir minstens twee jaar in besit wees van 'n (MBChB) of ekwivalente kwalifikasie en hy/sy moet ook as onafhanklike mediese praktisyn by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA) geregistreer wees.

'n Addisionele vereiste vir buitelandse mediese praktisyns, ingesluit mediese praktisyns van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelende Gemeenskap, vir die registrasie as studente vir hierdie



diplomakursus is dat mediese praktisyns vir nagraadse studies by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika moet registreer soos uitgestippel deur die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika en die Wet op Gesondheidsberoepe van 1974 (Wet 56 van 1974).

Dit is verpligtend vir kandidate om toegang te hê tot internet- en e-posfasiliteite.

Voorkeur sal gegee word aan mediese praktisyns wat in die Vrystaat werk asook kandidate wat reeds werkzaam is in beroepsgesondheid.

Reël MGH20.2 Duur van program

Die program strek oor twee jaar en word slegs deelyds aangebied.

Reël MGH20.3 Kurrikulum

Deel I

MDBA5800	Beroepsgesondheidsadministrasie Deel I	40 krediete
MDBB5800	Kliniese Beroepsgesondheid en Toksikologie Deel I	40 krediete
MDBC5800	Beroepsepidemiologie en Biostatistiek Deel I	40 krediete

Deel II

MDBD5800	Beroepsgesondheidsadministrasie Deel II	40 krediete
MDBE5800	Kliniese Beroepsgesondheid en Toksikologie Deel II	40 krediete
MDBF5800	Beroepsepidemiologie en Biostatistiek Deel II	40 krediete

Die module sal aangebied word in Engels, maar geskrewe en mondelinge assessering asook ander werksopdragte kan in Afrikaans of Engels geskied. Alle elektroniese kommunikasie sal in Engels geskied. Addisionele inligting sal verskaf word in die riglyndokument vir elke module.

Reël MGH20.4 Assessering

'n Skriftelike assessering moet in elke afsonderlike module, soos gespesifiseer, afgelê word. 'n Mondelinge assessering sal aan die einde van die program afgeneem word. Toelating tot die assessering sal onderhewig wees aan die Algemene Reëls rakende nagraadse diplomas en gevorderde universitêre diplomas van die Universiteit sowel as die bywoning van die kontakssessies en deelname aan elektroniese sessies. 'n Student sal met lof slaag indien hy/sy 'n geweegde gemiddelde van 75% of meer behaal.

Reël MGH20.5 Slaagvereistes

Sien Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat.

Reël MGH20.6 Bykomende Eksaminering

Studente kan ooreenkomstig die bepalings van die Algemene Reëls tot bykomende eksaminering toegelaat word. Verdere assessering kan ná ses maande toegelaat word ná goedkeuring deur die Hoof van die Skool op aanbeveling van die Departementshoof.



REËLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN GEMEENSKAPSGESONDHEID

Reël MGH21.1 Toelatingsvereistes

Alvorens 'n student vir die Nagraadse Diploma mag inskryf, moet hy/sy vir minstens twee jaar in besit wees van 'n professionele kwalifikasie op B-vlak of gelykwaardig, in een van die volgende professionele rigtings: Geneeskunde, Verpleging of Omgewingsgesondheid, en moet hy/sy by die toepaslike beroepsraad as geneesheer, verpleegkundige of omgewingsgesondheidsbeampte geregistreer wees.

Reël MGH21.2 Duur van program

Die program strek oor twee jaar en word slegs deelytds aangebied.

Reël MGH21.3 Kurrikulum

Deel I

MGGA5803	Mikrobiologie (assesseringmodule)	12 krediete
MGGB5808	Parasitologie en Entomologie (assesseringmodule)	32 krediete
MGGC5809	Voedsel en water (insluitend siektetoestande, higiëne en voedselwetenskap) (assesseringmodule)	36 krediete

Deel II

MGGD5801	Epidemiologie en Mediese Statistiek (assesseringmodule)	4 krediete
MGGE5807	Gesondheidsadministrasie met inbegrip van Basiese Finansiële Bestuur, Rekeningkunde en Bedryfseconomie (assesseringmodule)	28 krediete
MGGF5805	Gesondheidswetgewing (assesseringmodule)	20 krediete
MGGG5806	Omvattende gesondheidsorg (assesseringmodule)	24 krediete
MGGH5802	Omgewingsgesondheidsorg (assesseringmodule)	8 krediete

Reël MGH21.4 Assessering

'n Skriftelike assessering moet in elke afsonderlike assesseringmodule afgelê word. Toelating tot die assessering sal onderhewig wees aan die bywoning van die kontaksessies. 'n Mondelinge assessering sal aan die einde van die module afgeneem word. 'n Navorsingsverslag/projek moet ook voltooi wees as deel van die assesseringproses. 'n Student slaag met lof indien hy/sy 'n geweegde gemiddelde van 75% of meer behaal.

Reël MGH21.5 Slaagvereistes

Sien Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat.

Reël MGH21.6 Bykomende Eksaminering

Studente kan ooreenkomstig die bepalings van die Algemene Reëls tot bykomende eksaminering toegelaat word. Verdere eksaminering kan ná ses maande toegelaat word ná goedkeuring deur die Dekaan en op aanbeveling van die Departementshoof.



Reël MGH21.7 Erkenning van modules ná verkryging van 'n sertifikaat of diploma aan 'n erkende universiteit/Hoëronderwys instansie

Erkenning van sekere modules wat reeds vir 'n ander diploma geslaag is kan aan 'n student verleen word, met dien verstande dat:

- (a) 'n Maksimum van die helfte van die kwalifikasie se totale krediete erken mag word.
- (b) Die student vir minstens een akademiese jaar vir die nuwe diploma geregistreer moet wees.

NAGRAADSE DIPLOMA IN GESONDHEIDSDIENSBESTUUR	240 Krediete
PGDip (Gesondheidsdiensbestuur)	Studiekode 8240

Reël MGH22 REÛLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN GESONDHEIDSDIENSBESTUUR

Reël MGH22.1 Toelatingsvereistes

Alvorens 'n student vir die Nagraadse Diploma mag inskryf, moet hy/sy vir minstens twee jaar in besit wees van 'n professionele kwalifikasie op B-vlak of gelykwaardig, in 'n spesifieke gesondheidspecialiteit en moet hy/sy by die toepaslike beroepsraad geregistreer wees. Hy/sy moet in 'n gesondheidsorgorganisasie/-instansie aangestel wees.

Reël MGH22.2 Duur van program

Die program strek oor twee jaar en word slegs deelyds aangebied.

Reël MGH22.3 Kurrikulum

Deel I

MHSA5800	Konsepte in Gesondheidsorg	40 krediete
MHSB5800	Beginnels van Bestuur	40 krediete
MHSC5800	Gesondheidsorgbeplanning	40 krediete
MHSD5800	Epidemiologie en Biostatistiek	40 krediete

Deel II

MHSE5800	Gesondheidsprogram en Gespesialiseerde Dienste	40 krediete
MHSF5800	Menslike Hulpbronbestuur	40 krediete
MHSG5800	Bestuur van Hulpbronne	40 krediete
MHSH5800	Kwaliteitsversekering	40 krediete

Reël MGH22.4 Assessering

'n Skriftelike assessering moet in elke afsonderlike module soos gespesifiseer, afgelê word. 'n Mondelinge assessering sal aan die einde van die module afgeneem word. Toelating tot die assessering sal onderhewig wees aan die bywoning van die kontakssessies. 'n Navorsingsverslag/projek moet ook voltooi wees as deel van die assesseringproses. 'n Student sal met lof slaag indien hy/sy 'n geweegde gemiddelde van 75% of meer behaal.

Reël MGH22.5 Slaagvereistes

Sien Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat.



Reël MGH22.6 Bykomende Eksaminering

Studente kan ooreenkomstig die bepalings van die Algemene Reëls tot bykomende eksaminering toegelaat word. Verdere assessering kan ná ses maande toegelaat word ná goedkeuring deur die Hoof van die Skool op aanbeveling van die Departementshoof.

Reël MGH22.7 Erkenning van modules ná verkryging van 'n sertifikaat of diploma aan 'n erkende universiteit/Hoëronderwys instansie

Erkenning van sekere modules wat reeds vir 'n ander sertifikaat/diploma geslaag is, kan aan 'n student verleen word, met dien verstande dat:

- (a) 'n Maksimum van die helfte van die modules erken mag word.
- (b) Die student vir minstens een akademiese jaar vir die nuwe diploma geregistreer moet wees.

MPhil-KWALIFIKASIES (subspesialisopleiding)

2016-inname is onderhewig aan die eksterne goedkeuring van die programme

Reël MGH23.1 Algemeen

Toelating tot die MPhil-kwalifikasieprogram word bepaal in oorleg met die Algemene Reëls vir Nagraadse Kwalifikasies en die Reëls van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.

Studente sal tot die program toegelaat word indien hulle oor 'n MMed-graad beskik, of lidmaatskap met die Kolleges van Geneeskunde van Suid-Afrika of gelykstaande kwalifikasie. Daarmee saam moet aansoekers as spesialis by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA) geregistreer wees.

Studente moet in 'n voltydse pos aangestel (of 'n ere-aanstelling) wees by 'n goedgekeurde akademiese hospitaal, en die pos moet geregistreer wees as 'n aangewese opleidingspos by die RGBSA vir die spesifieke dissipline. Studente moet voldoen aan die addisionele dissipline-spesifieke vereistes van die akademiese strukture betrokke.

Die MPhil is 'n meestersgraad deur kursuswerk en mini-dissertasie: 'n Kursuswerkprogram wat 'n hoë vlak van teoretiese betrokkenheid en intellektuele onafhanklikheid, en in sommige gevalle demonstrasie van die vermoë om relevante kennis te verbind aan 'n reeks kontekste vir professionele praktyk. Die kwalifikasie is gelykstaande aan 300 krediete en die minimum duur van studie is twee jaar. Daar word van kandidate verwag om 'n verpligte mini-verhandeling (60 krediete) te voltooi, tesame met 'n mini-verhandeling, met dien verstande dat die student kennis en vermoë vereis op NQF Vlak 9 behaal het.

Studente word gekeur volgens spesifieke keurings kriteria. Daar moet poste beskikbaar wees en goedgekeur wees deur die RGBSA. Studente wat aansoek doen moet ook hulself bekend maak met die opleidingsplatforms en beskik oor die nodige kliniese ondervinding.

Reël MGH23.2 Assessering

- (i) Studente kan in die eerste semester of die tweede semester vir die assessering skryf.
- (ii) Studente moet die kantoor van die Assistent-Direkteur: Fakulteitsadministrasie jaarliks voor 15 Februarie in kennis stel vir die eerste semester, of 15 Junie vir die tweede semester, van hul voornemens om aan die assessering deel te neem.



- (iii) Die assessering sal bestaan uit geskrewe en mondelinge eksamens, asook kliniese gevalle en praktiese eksamens en spesifieke vereistes deur die Kollege van Geneeskunde van Suid-Afrika.
- (iv) Die MPhil-subspesialiteitkwalifikasies in die onderskeie subspesialiteite van die Kollege van Geneeskunde van Suid-Afrika word erken as gelykstaande aan die suksesvolle voltooiing van nie-navorsingsmodules vir die MPhil-kwalifikasie, sou die kandidaat verkies om slegs hierdie eksamens te skryf.
- (v) Die RGBSA stel die eksamenliggaam aan, wat dans die Kollege vir Geneeskunde van Suid-Afrika is, om eksamens te administreer.

Reël MGH23.3 Slaag met lof

'n Student slaag met lof as 'n assesseringspunt gebaseer op 'n geweegde gemiddelde van 75% behaal is.

Reël MGH23.4 Bykomende Eksaminering

'n Student mag nie herassesseer word nie voor ten minste ses maande verloop het sedert die assessering wat hy/sy gedruip het of/soos gespesifiseer en goedgekeur deur die Departementshoof.

Reël MGH23.5 Verlenging

'n Student wat nie die kwalifikasie-assessering aan die einde van die studietydperk geslaag het nie, sal in die algemeen toegelaat word om sy/haar pos vir 'n periode van ses maande te behou, of soos bepaal deur die Departementshoof.

Reël MGH23.6 Toekenning van die Graad

Die graad word toegeken aan die einde van die opleidingstydperk.

MPhil IN ENDOKRINOLOGIE	300 Krediete
MPhil (Endokrinologie)	Studiekode XXXX

Reël MGH24 REËLS VIR DIE MPhil IN ENDOKRINOLOGIE

Reël MGH24.1 Toelatingsvereistes

MMed (Interne Geneeskunde) of FCP (SA) (Genoot van die Kollege van Geneeskundiges van Suid-Afrika)

Reël MGH24.2 Duur van program

Twee jaar voltyds in 'n hospitaalpos en geregistreer by die RGBSA en die Universiteit van die Vrystaat.

Reël MGH24.3 Kliniese ervaring

Voor die MPhil (Endokrinologie) aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oorreed dat hy/sy:

- (i) 'n Posisie in 'n gepaste opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat gevul het.



- (ii) Gepaste teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het, soos vervat in 'n gespesifiseerde logboek.
- (iii) Gepaste ervaring opgedoen het in navorsing, waarvan die resultate voorberei moet word vir publikasie/verhandeling.
- (iv) As student by die Universiteit vir 'n voorgeskrewe periode van tyd geregistreer was.
- (v) Die assessering soos deur die Universiteit voorgeskryf, suksesvol geslaag het.

Reël MGH24.4 Kurrikulum

MAEA7900	Gevorderde Endokrinologie 1	Jaar 1	120 krediete
MAEB7900	Gevorderde Endokrinologie 2	Jaar 2	120 krediete
MAED7900	Endokrinologie mini-verhandeling	Jaar 1 en 2	60 krediete

Reël MGH24.5 Assessering

- (i) Die subspesialiteitsertifikaat in Endokrinologie en Metabolisme van die Kollege van Geneeskundiges van Suid-Afrika is die enigste aanvaarbare uittree-eksamen. Met ontvangs van die sertifikaat sal die kandidaat die graad ontvang.

MPhil IN GASTROËNTEROLOGIE	300 Krediete
MPhil (Gastroënterologie)	Studiekode XXXX

Reël MGH25 REËLS VIR DIE MPhil IN GASTROËNTEROLOGIE

Reël MGH25.1 Toelatingsvereistes

MMed (Interne Geneeskunde) of FCP (SA) (Genoot van die Kollege van Geneeskundiges van Suid-Afrika)

Reël MGH25.2 Duur van program

Twee jaar voltyds in 'n hospitaalpos en geregistreer met die RGBSA en die Universiteit van die Vrystaat.

Reël MGH25.3 Kliniese ervaring

Voor die MPhil (Gastroënterologie) aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oorreed dat hy/sy:

- (i) 'n Posisie in 'n gepaste opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat gevul het.
- (ii) Gepaste teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het, soos vervat in 'n gespesifiseerde logboek. Daarmee saam is 'n logboek wat alle prosedures uitgevoer byhou, verpligtend.
- (iii) Gepaste ervaring opgedoen het in navorsing, waarvan die resultate voorberei moet word vir publikasie/verhandeling.
- (iv) As student by die Universiteit vir 'n voorgeskrewe periode van tyd geregistreer was.
- (v) Die assessering soos deur die Universiteit voorgeskryf, suksesvol geslaag het.

Reël MGH25.4 Kurrikulum

Die beginsels en praktyke van Kliniese Gastroënterologie word behandel.



MAGA7900	Gevorderde Gastroënterologie 1	Jaar 1	120 krediete
MAGB7900	Gevorderde Gastroënterologie 1	Jaar 2	120 krediete
MAGD7900	Gastroënterologie mini-dissertasie	Jaar 1 en 2	60 krediete

Reël MGH25.5 Assessering

- (i) 'n Subminimum van 50% moet behaal word vir die teorie, en die praktiese komponent van die assessering moet geslaag word voordat die student kan slaag.
- (ii) 'n Student slaag met lof indien 'n assesseringspunt gebaseer op 'n geweegde gemiddelde van 75% behaal is (75% Gevorderde Gastroënterologie, 25% Mini-verhandeling).

MPhil IN GERIATRIESE GENEESKUNDE	300 Krediete
MPhil (Geriatrisie Geneeskunde)	Studiekode XXXX

Reël MGH26 REËLS VIR DIE MPhil IN GERIATRIESE GENEESKUNDE

Reël MGH26.1 Toelatingsvereistes

MMed (Interne Geneeskunde) of FCP (SA) (Genoot van die Kollege vir Geneeskundiges van Suid-Afrika)

Reël MGH26.2 Duur van program

Twee jaar voltyds in 'n hospitaalpos en geregistreer by die RGBSA en die Universiteit van die Vrystaat.

Reël MGH26.3 Kliniese ervaring

Voor die MPhil (Geriatrisie Geneeskunde) aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oorreed dat hy/sy:

- (i) 'n Posisie in 'n gepaste opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat gevul het.
- (ii) Gepaste teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het, soos vervat in 'n gespesifiseerde logboek.
- (iii) Gepaste ervaring opgedoen het in navorsing, waarvan die resultate voorberei moet word vir publikasie/verhandeling.
- (iv) As student by die Universiteit vir 'n voorgeskrewe periode van tyd geregistreer was.
- (v) Die assessering soos deur die Universiteit voorgeskryf, suksesvol geslaag het.

Reël MGH26.4 Kurrikulum

Die beginsels en praktyke van Kliniese Geriatrisie Geneeskunde word behandel.

MAGM7900	Gevorderde Geriatrisie Geneeskunde 1	Jaar 1	120 krediete
MAGM7900	Gevorderde Geriatrisie Geneeskunde 1	Jaar 2	120 krediete
MAGM7900	Geriatrisie Geneeskunde mini-verhandeling	Jaar 1 en 2	60 krediete

Reël MGH26.5 Assessering

- (i) 'n Subminimum van 50% moet behaal word vir die teorie, en die praktiese komponent van die assessering moet geslaag word voordat die student kan slaag.



- (ii) 'n Student slaag met lof indien 'n assesseringspunt gebaseer op 'n geweegde gemiddelde van 75% behaal is (75% Gevorderde Geriatriese Geneeskunde, 25% Mini-verhandeling).

MPhil IN NEFROLOGIE
MPhil (Nefrologie)

300 Krediete
Studiekode XXXX

Reël MGH27 REËLS VIR DIE MPhil IN NEFROLOGIE

Reël MGH27.1 Toelatingsvereistes

MMed (Interne Geneeskunde) of FCP (SA) (Genoot van die Kollege vir Geneeskundiges van Suid-Afrika)

Reël MGH27.2 Duur van program

Twee jaar voltyds in 'n hospitaalpos en geregistreer by die RGBSA en die Universiteit van die Vrystaat.

Reël MGH27.3 Kliniese ervaring

Voor die MPhil (Nefrologie) aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oorreed dat hy/sy:

- (i) 'n Posisie in 'n gepaste opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat gevul het.
- (ii) Gepaste teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het, soos vervat in 'n gespesifiseerde logboek soos gespesifiseerd met betrekking tot indiensopleiding.
- (iii) Gepaste ervaring opgedoen het in navorsing, waarvan die resultate voorberei moet word vir publikasie.
- (iv) As student by die Universiteit vir 'n voorgeskrewe periode van tyd geregistreer was.
- (v) Die assessering soos deur die Universiteit voorgeskryf, suksesvol geslaag het.

Reël MGH27.4 Kurrikulum

Die beginsels en praktyke van Kliniese Nefrologie word behandel.

MANA7900	Gevorderde Nefrologie 1	Jaar 1	120 krediete
MANB7900	Gevorderde Nefrologie 2	Jaar 2	120 krediete
MAND7900	Nefrologie Mini-verhandeling	Jaar 1 en 2	60 krediete

Reël MGH27.5 Assessering

- (i) 'n Subminimum van 50% moet behaal word vir die teorie, en die praktiese komponent van die assessering moet geslaag word voordat die student kan slaag.
- (ii) 'n Student slaag met lof indien 'n assesseringspunt gebaseer op 'n geweegde gemiddelde van 75% behaal is (75% Gevorderde Nefrologie, 25% Mini-verhandeling).



Reël MGH28 REËLS VIR DIE MPhil IN PULMONOLOGIE**Reël MGH28.1 Toelatingsvereistes**

MMed (Interne Geneeskunde) of FCP (SA) (Genoot van die Kollege vir Geneeskundiges van Suid-Afrika)

Reël MGH28.2 Duur van program

Twee jaar voltyds in 'n hospitaalpos en geregistreer by die RGBSA en die Universiteit van die Vrystaat.

Reël MGH28.3 Kliniese ervaring

Voor die MPhil (Pulmonologie) aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oorreed dat hy/sy:

- (i) 'n Posisie in 'n gepaste opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat gevul het.
- (ii) Gepaste teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het, soos vervat in 'n gespesifiseerde logboek.
- (iii) Gepaste ervaring opgedoen het in navorsing, waarvan die resultate voorberei moet word vir publikasie/verhandeling.
- (iv) As student by die Universiteit vir 'n voorgeskrewe periode van tyd geregistreer was.
- (v) Die assessering soos deur die Universiteit voorgeskryf, suksesvol geslaag het.

Reël MGH28.4 Kurrikulum

Die beginsels en praktyke van Kliniese Pulmonologie word behandel.

MAPA7900	Gevorderde Pulmonologie 1	Jaar 1	120 krediete
MAPC7900	Gevorderde Pulmonologie 2	Jaar 2	120 krediete
MAPD7900	Pulmonologie Mini-verhandeling	Jaar 1 en 2	60 krediete

Reël MGH28.5 Assessering

- (i) 'n Subminimum van 50% moet behaal word vir die teorie, en die praktiese komponent van die assessering moet geslaag word voordat die student kan slaag.
- (ii) 'n Student slaag met lof indien 'n assesseringspunt gebaseer op 'n geweegde gemiddelde van 75% behaal is (75% Gevorderde Pulmonologie, 25% Mini-verhandeling).

Reël MGH29 REËLS VIR DIE MPhil IN KLINIESE HEMATOLOGIE**Reël MGH29.1 Toelatingsvereistes**

Voordat 'n student toegelaat sal word om in te skryf vir die kwalifikasie, moet hy/sy aan een van die volgende vereistes voldoen:

- (a) Geregistreer wees as 'n Pediatr by die Raad vir Gesondheidsberoep van Suid-Afrika (RGBSA): MMed (Pediatrie), of 'n gelykstaande kwalifikasie.
- (b) By die RGBSA as Geneeskundige geregistreer wees: MMed (Interne Geneeskunde), of 'n gelykstaande kwalifikasie.
- (c) By die RGBSA as Hematologiese Patoloog geregistreer wees: MMed (Hematologie) of 'n gelykstaande kwalifikasie.

Reël MGH29.2 Duur van program

Twee jaar voltyds in 'n hospitaalpos en geregistreer by die RGBSA en die Universiteit van die Vrystaat.

Reël MGH29.3 Kliniese ervaring

Voor die MPhil (Kliniese Hematologie) aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oordeel dat hy/sy:

- (i) 'n Gepaste opleidingspos vir 'n periode van twee jaar gehou het aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe by die Universiteit van die Vrystaat of 'n ander instansie wat die Universiteit as gelykstaande ag.
- (ii) Teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het.
- (iii) As student by die Universiteit vir 'n voorgeskryfde periode van tyd geregistreer was.
- (iv) Die assessering soos deur die Universiteit voorgeskryf, suksesvol geslaag het.

Reël MGH29.4 Kurrikulum

Die beginsels en praktyke van Kliniese Hematologie word behandel. Studente wat gekwalifiseerde pediater is, sal konsentreer op pediatriese hematologiese toestande, en dié wat as geneeskundiges gekwalifiseer is, op volwasse hematologiese toestande of geneeskundiges. Studente wat gekwalifiseer is as hematologiese patoloog kan kies om te fokus op volwasse of pediatriese kliniese hematologie. Alle aspekte van kliniese en laboratoriumhematologie word behandel.

MCHA7900	Gevorderde Kliniese Hematologie 1	Jaar 1	120 krediete
MCHB7900	Gevorderde Kliniese Hematologie 1	Jaar 2	120 krediete
MCHD7900	Kliniese Hematologie Mini-verhandeling	Jaar 1 en 2	60 krediete

Reël MGH29.5 Assessering

- (i) Studente mag deelneem aan die assessering in Junie of November.
- (ii) Studente moet die kantoor van die Adjunk-Direkteur: Fakulteitsadministrasie jaarliks skriftelik voor 1 April of 1 Augustus in kennis stel van hul voornemens om aan die Junie- of November-assessering deel te neem.
- (iii) Die assessering sal bestaan uit geskrewe, praktiese, kliniese en mondelinge assessering soos vervat in 'n logboek.
- (iv) Die RGBSA het 'n enkele uittree-eksamen vir nagraadse professionele eksamens ingestel. Hierdie RGBSA-eksamens word tans deur die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika geadministreer. Tans word die subspesialiteit-kwalifikasies in Kliniese Hematologie van die Kollege van Geneeskundiges van Suid-Afrika, of die Kollege van



Patoloë van Suid-Afrika, erken as gelykstaande aan die suksesvoltooiing van die Gevorderde Hematologie-modules (240 krediete).

Reël MGH29.6 Slaag met lof

'n Student slaag met lof as 'n assesseringspunt gebaseer op 'n geweegde gemiddelde van 75% behaal is.

Reël MGH29.7 Bykomende Eksaminering

'n Kwalifikasie mag nie herassesseer word nie voor ten minste ses maande verloop het sedert die assessering wat hy/sy gedruip het.

Reël MGH29.8 Verlenging

'n Student wat nie die kwalifikasie-assessering aan die einde van die studietydperk geslaag het nie, sal moet aansoek doen by die Hoof van die Departement, die Skool vir Geneeskunde en die Departement van Gesondheid of NHLS om sy/haar posisie as senior kliniese assistent vir 'n addisionele periode van ses maande te behou, of soos deur die Departementshoof bepaal.

Reël MGH29.9 Toekenning van die graad

Die graad word toegeken sodra die student suksesvol die assessering voltooi het, en die opleidingstydperk voltooi het.

Toeligting:

Die betrokke departemente stel hul sillabusse saam op so 'n manier dat die kwalifikasiestudent (senior kliniese assistent) gerig word onder die toesig van binne die opleidingsinstansie om met toenemende vertroue en verantwoordelikheid die laboratorium- en kliniese aspek van pasiënte met hematologiese toestande te bestuur.

MPhil IN GEVORDERDE KLINIESE BEELDING **MPhil (Gevorderde Kliniese Beelding)**

300 Krediete
Studiekode XXXX

Reël MGH30 REËLS VIR DIE MPhil IN GEVORDERDE KLINIESE BEELDING

'n Student moet voldoen aan die Algemene Reëls van die Universiteit van die Vrystaat vir nagraadse kwalifikasies asook die Reëls van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.

Reël MGH30.1 Toelatingsvereistes

Voordat 'n student vir 'n MPhil in Gevorderde Kliniese Beelding mag inskryf, moet hy/sy:

- In besit wees van die kwalifikasie MMed (Diagnostiese Radiologie) of 'n gelykstaande kwalifikasie in Diagnostiese Radiologie, of toegelaat word tot die status MMed (Diagnostiese Radiologie) op aanbeveling van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.
- Aangestel word in 'n Departement van Radiologie by 'n geakkrediteerde hospitaal, wat die toepaslike fasiliteite beskikbaar het.



Reël MGH30.2 Duur van program

Twee jaar voltyds in 'n hospitaalpos en geregistreer met die RGBSA en die Universiteit van die Vrystaat.

Reël MGH30.3 Kurrikulum

Die beginsels en praktyke van Gevorderde Kliniese Beelding word behandel.

MIBP7900	Basiese Beginsels in Intervensionele Radiologie (IR)	Jaar 1	40 krediete
MICP7900	Basiese IR Kliniese Praktyk	Jaar 1	40 krediete
MIAA7900	Gevorderde IR Praktyk 1	Jaar 2	80 krediete
MIAB7900	Gevorderde IR Praktyk 2	Jaar 2	80 krediete
MIRD7900	Kliniese Beelding Mini-verhandeling	Jaar 1 en 2	60 krediete

Reël MGH30.4 Assessering

- (i) Die eksamen bestaan uit een 3-uur geskrewe eksamen, 'n OSKA asook 'n mondelinge sessie van ongeveer 15 – 30 minute.
- (ii) Logboekbewyse van Kliniese Beeldingpraktyk (elektief-spesifiek).
- (iii) Kandidate word versoek om 'n navorsingsprojek in te dien ten minste 6 maande voordat die finale eksamen afgelê word. Die navorsingsverslag moet individueel geslaag word ten einde die kwalifikasie te behaal. (vgl. Afdeling 9 – nagraadse beleide, prosedures en reëls). Die MPhil uitreevlak eksamen word tans geskryf by die Universiteit van die Vrystaat, maar 'n ekwivalente eksamen mag geskryf word by die Europese Raad van Intervensionele Radiologie (EBIR) of by die Kollege van Radioloë in Suid-Afrika met goedkeuring van die Departementshoof.

MPhil IN PEDIATRIESE KARDIOLOGIE MPhil (Pediatriese Kardiologie)

**300 Krediete
Studiekode XXXX**

Reël MGH31 REËLS VIR DIE MPhil IN PEDIATRIESE KARDIOLOGIE

Reël MGH31.1 Toelatingsvereistes

- a) MMed (Pediatrie) of FC Paed (SA) (Genoot van die Kollege vir Pediaters van Suid-Afrika) of gelykstaande kwalifikasie
- b) Geregistreer wees as 'n pediater by die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (RGBSA)

Reël MGH31.2 Duur van program

Drie jaar voltyds in 'n hospitaalpos en geregistreer met die RGBSA en die Universiteit van die Vrystaat.



Reël MGH31.3 Kliniese ervaring

Voor die MPhil (Pediatriese Kardiologie) aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oorreed dat hy/sy:

- (i) 'n Posisie in 'n gepaste opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat gevul het.
- (ii) Gepaste teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het, soos vervat in 'n gespesifiseerde logboek.
- (iii) Gepaste ervaring opgedoen het in navorsing, waarvan die resultate voorberei moet word vir publikasie/verhandeling.
- (iv) As student by die Universiteit vir 'n voorgeskrewe periode van tyd geregistreer was.
- (v) Die assessering soos deur die Universiteit voorgeskryf, suksesvol geslaag het.

Reël MGH31.4 Kurrikulum

Die beginsels en praktyk van Pediatriese Kardiologie word behandel.

MPCE7900	Gevorderde Pediatriese Kardiologie Eggokardiografie	Jaar 1	60 krediete
MPCA7900	Gevorderde Pediatriese Kardiologie Anatomie	Jaar 1	60 krediete
MPCP7900	Gevorderde Pediatriese Kardiologie Fisiologie	Jaar 1-2	60 krediete
MPCH7900	Gevorderde Pediatriese Kardiologie Gesondheidsorgpraktyk	Jaar 2,3	60 krediete
MPCD7900	Pediatriese Kardiologie Mini-verhandeling	Jaar 1,2 en 3	60 krediete

Reël MGH31.5 Assessering

- (i) 'n Subminimum van 50% moet behaal word vir die teorie, en die praktiese komponent van die assessering moet geslaag word voordat die student kan slaag.
- (ii) 'n Student slaag met lof indien 'n assesseringspunt gebaseer op 'n geweegde gemiddelde van 75% behaal is (75% Gevorderde Pediatriese Kardiologie, 25% mini-verhandeling).

Summatiewe assessering word gedoen deur die eksamineringsliggaam aangestel deur die RGBSA en studente moet 'n uittree-eksamen voltooi wat bestaan uit:

- a) 'n Geskrewe komponent
- b) 'n Mondelinge/OSKA/kliniese eksamen.

Elk van die twee komponente dra 50% by tot die algehele punt. Die slaagpunt vir die algehele eksamen is 50%. 'n Subminimum slaagpunt van 50% word verwag van elk van die twee (geskrewe en die mondelinge/OSKA/kliniese) komponente van die eksamen.

Daar is geen subminimum vir individuele vraestelle, vrae of sub-afdelings van die OSKA/mondelinge/kliniese eksamens nie.



Reël MGH32 REËLS VIR DIE MPhil IN PEDIATRIESE ONKOLOGIE

Reël MGH32.1 Toelatingsvereistes

MMed (Pediatrie) of (Onkologie) of FC Paed (SA) (Genoot van die Kollege vir Pediaters van Suid-Afrika) of gelykstaande kwalifikasie.

Reël MGH32.2 Duur van program

Twee jaar voltyds in 'n hospitaalpos en geregistreer by die RGBSA en die Universiteit van die Vrystaat.

Reël MGH32.3 Kliniese ervaring

Voor die MPhil (Pediatriese Onkologie) aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oorreed dat hy/sy:

- (i) 'n Posisie in 'n gepaste opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat gevul het.
- (ii) Gepaste teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het, soos vervat in 'n gespesifiseerde logboek.
- (iii) Gepaste ervaring opgedoen het in navorsing, waarvan die resultate voorberei moet word vir publikasie/mini-verhandeling.
- (iv) As student by die Universiteit vir 'n voorgeskrewe periode van tyd geregistreer was.
- (v) Die assessering soos deur die Universiteit voorgeskryf, suksesvol geslaag het.

Reël MGH32.4 Kurrikulum

Die beginsels en praktyk van Pediatriese Onkologie word behandel.

MPOA7900	Gevorderde Pediatriese Onkologie 1	Jaar 1	120 krediete
MPOB7900	Gevorderde Pediatriese Onkologie 2	Jaar 2	120 krediete
MPOD7900	Pediatriese Onkologie Mini-verhandeling	Jaar 1 en 2	60 krediete

Reël MGH32.5 Assessering

- (i) 'n Subminimum van 50% moet behaal word vir die teorie, en die praktiese komponent van die assessering moet geslaag word voordat die student kan slaag.
- (ii) 'n Student slaag met lof indien 'n assesseringspunt gebaseer op 'n geweegde gemiddelde van 75% behaal is (75% Gevorderde Pediatriese Onkologie, 25% Mini-verhandeling).
- (iii) Die eksamen het twee komponente:
 - a) 'n Geskrewe komponent
 - b) 'n OSKA-komponent.

Elk van die twee komponente dra 50% by tot die algehele punt.

Die slaagpunt vir die algehele eksamen is 50%.

'n Subminimum slaagpunt van 50% word verwag van elk van die twee (geskrewe en die mondelinge/OSKA/kliniese) komponente van die eksamen.



Daar is geen subminimum vir individuele vraestelle, vrae of sub-afdelings van die OSKA/mondelinge/kliniese eksamens nie.

Reël MGH32.6 EKSAMEN

Kwalifikasie-eksamens sal bestaan uit twee 3-uur geskrewe vraestelle.

- Vraestel I sal bestaan uit 4 langvrae of scenario's (kan sub-afdelings bevat), van 25 punte elk.
- Vraestel II sal bestaan uit 10 kortvrae van 10 punte
- Die taal van geskrewe vraestelle sal die Kollege se aanbevelings volg.

Reël MGH32.7 KLINIESE/MONDELINGE/OSKA EKSAMENS

- Hierdie eksamen sal NIE LANGER NIE as 3 uur duur.
- Die kandidaat sal 'n 15 minute breuk gegee word, met verversings.
- Hierdie eksamen sal bestaan uit 4 kliniese scenario's – die resultate van relevante spesiale ondersoeke sal voorsien word vir bespreking.
- Die taal van die mondelinge/OSKA/kliniese eksamens sal die Kollege se aanbevelings volg.

Reël MGH32.8 TYD VAN MONDELINGE/OSKA/KLINIESE EKSAMENS

Die eksamen sal gehou word in dieselfde week as die FCPaed(SA) Deel II kliniese eksamen.

Uitsonderings moet wees n.a.v. geskrewe motivering aan die Kollege.

Navorsing: (Mini-verhandeling) Mini-dissertasie (60 krediete) moet geslaag word en moet eweknie-geëvalueer en van publseerbare gehalte wees.

Summatiewe assessering word gedoen deur die eksamineringsliggaam aangestel deur die RGBSA en studente moet 'n uittree-eksamen voltooi wat bestaan uit:

Die kwalifikasie-eksamen het twee komponente:

- a) 'n Geskrewe komponent
- b) 'n Mondelinge/OSKA/OSPE/kliniese komponent.

Elk van die twee komponente dra 50% by tot die algehele punt. Die slaagpunt vir die algehele eksamen is 50%. 'n Subminimum slaagpunt van 50% word verwag van elk van die twee (geskrewe en die mondelinge/OSKA/OSPE//kliniese) komponente van die eksamen.

Daar is geen subminimum vir individuele vraestelle, vrae of sub-afdelings van die OSKA/mondelinge/kliniese eksamens nie.



Reël MGH33 REËLS VIR DIE MPhil IN GASTROËNTEROLOGIE CHIRURGIE

Reël MGH33.1 Toelatingsvereistes

MMed (Chirurgie) of FCS (SA) (Genoot van die Kollege vir Chirurge van Suid-Afrika) of gelykstaande kwalifikasie

Reël MGH33.2 Duur van program

Twee jaar voltyds in 'n hospitaalpos en geregistreer met die RGBSA en die Universiteit van die Vrystaat.

Reël MGH33.3 Kliniese ervaring

Voor die MPhil (Gastroënterologie-Chirurgie) aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oorreed dat hy/sy:

- (i) 'n Posisie in 'n gepaste opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat gevul het.
- (ii) Die student moet 'n area van kliniese fokus verklaar binne die subspesialiteit ten tyde van aansoek. Dit kan hepato-pankreatiko-biliêr of kolorektaal of beide wees.
- (iii) Gepaste teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het, soos vervat in 'n gespesifiseerde logboek.
- (iv) Gepaste ervaring opgedoen het in navorsing, waarvan die resultate voorberei moet word vir publikasie/mini-verhandeling.
- (v) As student by die Universiteit van die Vrystaat vir 'n voorgeskrewe periode van tyd geregistreer was.

Reël MGH33.4 Kurrikulum

MGSA7900	Gevorderde Gastroënterologie-Chirurgie 1	Jaar 1	120 krediete
MGSB7900	Gevorderde Gastroënterologie-Chirurgie 2	Jaar 2	120 krediete
MGSD7900	Gastroënterologie-Chirurgie Mini-verhandeling	Jaar 1 en 2	60 krediete

Reël MGH33.5 Assessering

- (i) Die assessering sal bestaan uit 'n formatiewe evaluering en mini-dissertasie (30%) asook die uittree-eksamen (70%). Die uittree-eksamen bestaan uit 'n geskrewe vraestel, kliniese gevalle en 'n algehele evaluering.
- (ii) 'n Subminimum van 50% moet behaal word vir die summatiewe evaluering, mini-verhandeling asook uittree-eksamen.
- (iii) 'n Student slaag met lof indien 'n assesseringspunt gebaseer op 'n geweegde gemiddelde van 75% behaal is.

Reël MGH34 REËLS VIR DIE MPhil IN TRAUMA-CHIRURGIE

Reël MGH34.1 Toelatingsvereistes

MMed (Chirurgie) of FCS (SA) (Genoot van die Kollege vir Chirurge van Suid-Afrika) of gelykstaande kwalifikasie

Reël MGH34.2 Duur van program

Twee jaar voltyds in 'n hospitaalpos en geregistreer by die RGBSA en die Universiteit van die Vrystaat.

Reël MGH34.3 Kliniese ervaring

Voor die MPhil (Trauma-chirurgie) aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oorreed dat hy/sy:

- (i) 'n Posisie in 'n gepaste opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat gevul het.
- (ii) Gepaste teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het, soos vervat in 'n gespesifiseerde logboek.
- (iii) Gepaste ervaring opgedoen het in navorsing, waarvan die resultate voorberei moet word vir publikasie.
- (iv) As student by die Universiteit van die Vrystaat vir 'n voorgeskrewe periode van tyd geregistreer was.

Reël MGH34.4 Kurrikulum

Die beginsels en praktyke van Trauma-chirurgie word behandel.

MTSA7900	Gevorderde Trauma-chirurgie 1	Jaar 1	120 krediete
MTSB7900	Gevorderde Trauma-chirurgie 2	Jaar 2	120 krediete
MTSD7900	Trauma-chirurgie Mini-verhandeling	Jaar 1 en 2	60 krediete

Reël MGH34.5 Assessering

- (i) Die assessering sal bestaan uit 'n formatiewe evaluering en mini-verhandeling (30%) asook die uittree-eksamen (70%). Die uittree-eksamen bestaan uit 'n veelvuldige keuse vraelys en 'n mondelinge evaluering.
- (ii) 'n Subminimum van 50% moet behaal word vir die summatiewe evaluering, mini-verhandeling asook uittree-eksamen.
- (iii) 'n Student slaag met lof indien 'n assesseringspunt gebaseer op 'n geweegde gemiddelde van 75% behaal is.

Reël MGH35 REËLS VIR DIE MPhil IN VASKULÊRE CHIRURGIE

Reël MGH35.1 Toelatingsvereistes

MMed (Chirurgie) of FCS (SA) (Kollege-genootskap) of gelykstaande kwalifikasie

Reël MGH35.2 Duur van program

Twee jaar voltyds in 'n hospitaalpos en geregistreer met die RGBSA en die Universiteit van die Vrystaat.

Reël MGH35.3 Kliniese ervaring

Voor die MPhil (Vaskulêre Chirurgie) aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oorreed dat hy/sy:

- (i) 'n Posisie in 'n gepaste opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat gevul het.
- (ii) Gepaste teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het, soos vervat in 'n gespesifiseerde logboek.
- (iii) Gepaste ervaring opgedoen het in navorsing, waarvan die resultate voorberei moet word vir publikasie.
- (iv) As student by die Universiteit van die Vrystaat vir 'n voorgeskrewe periode van tyd geregistreer was.

Reël MGH35.4 Kurrikulum

Die beginsels en praktyke van Vaskulêre Chirurgie word behandel.

MVSA7900	Gevorderde Vaskulêre Chirurgie 1	Jaar 1	120 krediete
MVSB7900	Gevorderde Vaskulêre Chirurgie 2	Jaar 2	120 krediete
MVSD7900	Vaskulêre Chirurgie Mini-verhandeling	Jaar 1 en 2	60 krediete

Reël MGH35.5 Assessering

- (i) Die assessering sal bestaan uit 'n formatiewe evaluering en mini-verhandeling (30%) asook die uittree-eksamen (70%). Die uittree-eksamen bestaan uit 'n veelvuldige keusevrae en 'n mondelinge evaluering.
- (ii) 'n Subminimum van 50% moet behaal word vir die summatiewe evaluering, mini-verhandeling asook uittree-eksamen.
- (iii) 'n Student slaag met lof indien 'n assesseringspunt gebaseer op 'n geweegde gemiddelde van 75% behaal is.

Reël MGH36 REËLS VIR MPhil IN KRITIEKE SORG

Reël MGH36.1 Toelatingsvereistes

MMed (in enige kliniese veld) of FCS (SA) (Genoot van die Kollege vir Geneeskundiges van Suid-Afrika) of gelykstaande kwalifikasie

Reël MGH36.2 Duur van program

Twee jaar voltyds in 'n hospitaalpos en geregistreer met die RGBSA en die Universiteit van die Vrystaat.

Reël MGH36.3 Kliniese ervaring

Voor die MPhil (Kritieke Sorg) aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oorreed dat hy/sy:

- (i) 'n Posisie in 'n gepaste opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat gevul het.
- (ii) Gepaste teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het, soos vervat in 'n gespesifiseerde logboek.
- (iii) Gepaste ervaring opgedoen het in navorsing, waarvan die resultate voorberei moet word vir publikasie.
- (iv) As student by die Universiteit vir 'n voorgeskrewe periode van tyd geregistreer was.
- (v) Die assessering soos deur die Universiteit of Kollege vir Geneeskundiges voorgeskryf, suksesvol geslaag het.

Reël MGH36.4 Kurrikulum

Die beginsels en praktyke van Kliniese Endokrinologie word behandel.

MCCA7900	Gevorderde Kritieke Sorg 1	Jaar 1	120 krediete
MCCB7900	Gevorderde Kritieke Sorg 2	Jaar 2	120 krediete
MCCD7900	Kritieke Sorg Mini-verhandeling	Jaar 1 en 2	60 krediete

Reël MGH36.5 Assessering

- (i) 'n Subminimum van 50% moet behaal word vir die teorie, en die praktiese komponent van die assessering moet geslaag word voordat die student kan slaag.
- (ii) 'n Student slaag met lof indien 'n assesseringspunt gebaseer op 'n geweegde gemiddelde van 75% behaal is.

Summatiewe assessering word gedoen deur die eksamineringsliggaam aangestel deur die RGBSA en studente moet 'n uittree-eksamen voltooi wat bestaan uit:

Eksamenstruktuur

Uittree-eksamen: 1 geskrewe vraestel, 'n vraestel-OSKA en 'n mondeling.

Die eksamens sal al die pertinente aspekte insluit van toegepaste anatomie, fisiologie, hemodinamika, patologie, ultrasonografie en nie-indringende diagnose, kritieke sorg



radiologie, en enige aspekte van kritieke sorg geneeskunde wat van dag tot dag teëgekome kan word. 'n Kurrikulum word bygevoeg as riglyn vir beide kandidate en eksaminatore.

Die CMSA sal hierdie eksamens administreer, met die individuele eksaminatore wat aangestel word op aanbeveling van die Critical Care Society of Southern Africa.

Met suksesvolle voltooiing van alle aspekte hierbo, sal daar van die kandidate vereis word om aansoek te doen by die RGBSA-spesialiskomitee om registrasie van hul subspesialiteit.

Voltooiing van bogenoemde sal normaalweg lei daartoe dat die aansoek deur die Critical Care Society of Southern Africa goedgekeur word.

MPhil IN NEONATOLOGIE
MPhil (Neonatologie)

300 Krediete
Studiekode XXXX

Reël MGH37 REËLS VIR DIE MPhil IN NEONATOLOGIE**Reël MGH37.1 Toelatingsvereistes**

MMed (Pediatrie) of FC Paed (SA) (Genoot van die Kollege vir Pediaters van Suid-Afrika) of gelykstaande kwalifikasie

Reël MGH37.2 Duur van program

Twee jaar voltyds

Reël MGH37.3 Kliniese ervaring

Voor die MPhil (Neonatologie) aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oorreed dat hy/sy:

- (i) 'n Posisie in 'n gepaste opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat gevul het.
- (ii) Gepaste teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het, soos vervat in 'n gespesifiseerde logboek.
- (iii) Gepaste ervaring opgedoen het in navorsing, waarvan die resultate voorberei moet word vir publikasie.
- (iv) As student by die Universiteit vir 'n voorgeskrewe periode van tyd geregistreer was.

'n Student kan aansoek doen om die MPhil (Neonatologie) graad te ontvang en kan vrygestel word van die eksamen indien hy/sy die uittree-eksamen van die subspesialiteit Sertifikaat in Neonatologie van die Kolleges van Geneeskunde van Suid-Afrika slaag.

Reël MGH37.4 Kurrikulum

Die beginsels en praktyke van Gevorderde Neonatologie word behandel.

MPNA7900	Gevorderde Pediatriese Neonatologie 1	Jaar 1	120 krediete
MPNB7900	Gevorderde Pediatriese Neonatologie 2	Jaar 2	120 krediete
MPND7900	Pediatriese Neonatologie Mini-verhandeling	Jaar 1 en 2	60 krediete



Reël MGH37.5 Assessering

- (i) Studente mag aanmeld vir die uittree-eksamen in die eerste of die tweede semester.
- (ii) Die assessering sal bestaan uit 'n teoretiese, mondelinge/OSKA/OSPE/kliniese en navorsingskomponent.
- (iii) Vir 'n student om te slaag moet 'n subminimum van 50% behaal word vir elk van die komponente, d.w.s. teoretiese komponent, mondelinge/OSKA/OSPE/kliniese komponent en navorsingskomponent (mini-verhandeling).
- (iv) 'n Student slaag met lof indien 'n assesseringspunt gebaseer op 'n geweegde gemiddelde van 75% behaal is.



MSocSci IN VERPLEEGKUNDE

MSocSci (Verpleegkunde) Verhandeling

200 Krediete/Studiekode 2720

MSocSci (Verpleegkunde) Gestruktureerd(Dormant)

248 Krediete/Studiekode 2721

INLEIDING

Die MSocSci-graad in Verpleegkunde kan behaal word hetsy deur middel van 'n verhandeling of kursuswerk en 'n mini-verhandeling.

Die gestruktureerde magistergraad is tans dormant en geen nuwe studente sal vir hierdie program ingeskryf word nie.

Reël VGH1.1 Toelatingsvereistes

- (i) Voornemende studente moet by die Programdirekteur op die voorgeskrewe vorm aansoek doen om toelating voor 30 September van elke jaar.
- (ii) 'n NKR vlak 8 kwalifikasie; 'n professionele B-graad of 'n Nagraadse Diploma in Verpleegkunde word vereis. Kandidate moet bewys van ten minste drie registrasies by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV) lewer. Dit is die verantwoordelikheid van internasionale studente om 'n SAKR bewys van die NKR vlak ekwivalent van hulle kwalifikasies soos by die SAKR geregistreer, te lewer.
- (iii) 'n Gemiddeld van ten minste 60% in die vorige NQF vlak 8 kwalifikasie word benodig.
- (iv) Internasionale studente moet bewys lewer van interim-registrasie by die SARV en Departement van Buitelandse Werksmag. Internasionale studente moet by 'n erkende liggaam in hul eie land geregistreer wees.
- (v) Die Skool vir Verpleegkunde behou die reg voor om inligting te versoek of te bekom ten einde vas te stel of studente fisiek en psigologies toegerus is om aan die vereistes van die program te voldoen, voor toelating of tydens opleiding. Keuring word ook in hierdie opsig toegepas.
- (vi) Die aantal nagraadse studente wat gekeur word is onderworpe aan die beskikbaarheid en/of kapasiteit van studieleiers.
- (vii) Daar mag van studente verwag word om addisionele toelatingstoetse te skryf.

Reël VGH1.2 Erkenning van vorige leer

Aansoek om erkenning van vorige leer moet deur die amptelike kanale van die Universiteit van die Vrystaat gedoen word.

Vorige leer word erken deur middel van:

- Portefeulje aanbiedinge;
- Toetse; en/of
- Eksamens; of
- Ander relevante metodes soos deur die Hoof van die Skool bepaal.



Reël VGH1.3 Duur van program

Die program strek oor ten minste twee akademiese jare.

Reël VGH1.4 Leerprogram (kurrikulum)

Die MSocSci (Verpleegkunde) kan op die basis van die volgende verwerf word:

- (A) (i) 'n Verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp wat deur die Fakulteitsraad onderskryf is.
- (ii) Die module Navorsingsmetodologie in Verpleegkunde (NVRT7905) is 'n voorvereiste vir NVRT8900.
- (iii) Studente moet vir NVRT7905 registreer en dit met ten minste 60% die eerste keer slaag voordat hulle met NVRT8900 kan voortgaan.

**TABEL 1: Leerprogram vir die MSocSci in Verpleegkunde (Verhandeling)
(200 krediete)**

MODULE	Module	Krediete
Navorsingsmetodologie in verpleegkunde	NVRT7905	20
Verhandeling in verpleegkunde	NVRT8900	180

OF

- (B) (i) Voltooiing van die vereiste leerinhoud vir die graad MSocSci (Verpleegkunde) (Tabel 2) in 'n gespesifiseerde keuserigting.
- (ii) 'n Gemiddelde punt van ten minste 60% gedurende voorgaande studies is 'n voorvereiste vir hierdie keuse, tensy anders deur die Hoof van die Skool besluit.

**TABEL 2: Leerprogram vir MSocSci in Verpleegkunde (Gestruktureerd)
(248 krediete)**

FUNDAMENTELE MODULES	Module	Krediete
Navorsingsmetodologie in verpleegkunde (verpligtend)	NVRT7905	20
Verpleegdinamika (verpligtend)	VRT711	8
ELEKTIEWE MODULES	Module	Krediete
Mini-verhandeling in verpleegkunde	NRES7908	32
OF		
Vier opstelle oor verpleegkundige navorsing (faseer uit)	ESS792	32

KERNMODULES

Kandidate moet een van onderstaande gespesialiseerde rigtings in verpleegkunde kies:

Kritiekesorgverpleegkunde	Module	Krediete
Fisiologie vir intensiewesorgverpleegkundiges	FFB702	20
Kritiekesorgverpleegkunde	NKSV1716	24
Kritiekesorgverpleegkunde	NKSV1726	24
Kritiekesorgverpleegkunde (navorsing)	VRT758	20
Kritiekesorgverpleegkunde praktika (60% navorsing)	VRP717	100



Gemeenskapsverpleegkunde	Module	Krediete
Primêre kliniese gesondheidsorg-verpleegkunde	PKG716	24
Primêre kliniese gesondheidsorg-verpleegkunde	PKG726	24
Gemeenskapsverpleegkunde	VRT714	20
Gemeenskapsverpleegkunde	VRT724	20
Gemeenskapsverpleegkunde (navorsing)	VRT734	20
Gemeenskapsverpleegkunde praktika (60% navorsing)	VRP721	80

Verloskunde en neonatologie	Module	Krediete
Fisiologie vir verloskunde en neonatale verpleegkunde	FFB703	20
Verloskunde en neonatale verpleegkunde	NGVV1716	24
Verloskunde en neonatale verpleegkunde	NVNV1726	24
Verloskunde en neonatale verpleegkunde (navorsing)	VRT735	20
Verloskunde en neonatale verpleegkunde praktika (60% navorsing)	VRP722	100

Psigiatriese verpleegkunde	Module	Krediete
Fisiologie vir psigiatriese verpleegkunde	FFB704	20
Psigiatriese verpleegkunde	VRT716	24
Psigiatriese verpleegkunde	VRT726	24
Psigiatriese verpleegkunde (navorsing)	VRT736	20
Psigiatriese verpleegkunde praktika (60% navorsing)	VRP723	100

Kinderverpleegkunde	Module	Krediete
Fisiologie <i>Capita Selecta</i>	FFB705	20
Kinderverpleegkunde	NKDV1716	24
Kinderverpleegkunde	NKDV1726	24
Kinderverpleegkunde (navorsing)	VRT737	20
Kinderverpleegkunde praktika (60% navorsing)	VRP724	100

Ortopediese verpleegkunde	Module	Krediete
Fisiologie <i>Capita Selecta</i>	FFB706	20
Ortopediese verpleegkunde	NOTV1716	24
Ortopediese verpleegkunde	NTOV1726	24
Ortopediese verpleegkunde (navorsing)	VRT738	20
Ortopediese verpleegkunde praktika (60% navorsing)	VRP725	100



Gerontologiese verpleegkunde	Module	Krediete
Fisiologie <i>Capita Selecta</i>	FFB707	20
Gerontologiese verpleegkunde	GEV116	24
Gerontologiese verpleegkunde	GEV126	24
Gerontologiese verpleegkunde (navorsing)	VRT739	20
Gerontologiese verpleegkunde praktika (60% navorsing)	VRP726	100

Kinderpsigiatriese verpleegkunde	Module	Krediete
Fisiologie vir kinderpsigiatriese verpleegkunde	FFB708	20
Kinderpsigiatriese verpleegkunde	NKPV1716	24
Kinderpsigiatriese verpleegkunde	NKPV1726	24
Kinderpsigiatriese verpleegkunde (navorsing)	VRT759	20
Kinderpsigiatriese verpleegkunde praktika (60% navorsing)	VRP727	100

Primêre kliniese gesondheidsorg-verpleegkunde	Module	Krediete
Verloskunde en neonatale verpleegkunde	NGVV1716	24
Verloskunde en neonatale verpleegkunde	NVNV1726	24
Verloskunde en neonatale verpleegkunde praktika (40% navorsing)	VRP729	20
Primêre kliniese gesondheidsorg-verpleegkunde	PKG716	24
Primêre kliniese gesondheidsorg-verpleegkunde	PKG726	24
Primêre kliniese gesondheidsorg-verpleegkunde (navorsing)	VRT760	20
Primêre kliniese gesondheidsorg-verpleegkunde Praktika (60% navorsing)	VRP730	52

Alle relevante anatomie, mikrobiologie en farmakologie sal in die kernmodules van die spesialiteitsrigting geïntegreer word.

Reël VGH1.5 Kliniese praktika

Alle fasette van die kliniese praktika, insluitend die omvang daarvan en die rooster, word deur die hoof van die Skool vir Verpleegkunde vasgestel.

Verpleegkundige praktika moet uitgevoer word in kliniese instellings wat deur die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging vir die Skool geakkrediteer is vir die Skool.

Reël VGH1.6 Aanbieding van kliniese spesialiteitsrigtings

Die Skool vir Verpleegkunde behou die reg voor om sekere kliniese spesialiteitsrigtings vir 'n beperkte tydperk op te skort indien daar 'n tekort aan personeel met gespesialiseerde vaardighede is.

Die Skool vir Verpleegkunde mag opsies oorweeg om die aantal spesialiteitsrigtings uit te brei volgens gesondheidsorgbehoefte en die beskikbaarheid van personeel en infrastruktuur.



Reël VGH1.7 Assessering

OPSIE A

Om die verhandeling te slaag geld die vereistes soos in Algemene Reël A83.4 aangedui.

OPSIE B

Die eksamen bestaan uit 'n drie-uur geskrewe vraestel vir elke teoretiese module. Alle modules moet individueel geslaag word.

Reël VGH1.8 Slaag met lof

Sien Algemene Reëls A84

Leerinhoud

Modules en temas, eksamenvraestelle en krediete word in Tabel 3 beskryf.

TABEL 3: Modules, eenhede, eksamenvraestelle en krediete

MODULES EN EKSAMENVRAESTELLE	Eenhede	Krediete
Kritiekesorgverpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Fundamentele kritiekesorg (12) 2. Respiratoriese kritiekesorg (6) 3. Kardiovaskulêre kritiekesorg (6)	24
Kritiekesorgverpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Neurologiese en neuro- chirurgiese kritiekesorg (12) 2. Nefro-endokriene kritiekesorg (6) 3. Chirurgiese kritiekesorg (6)	24
Kritiekesorgverpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Kritiekesorgbestuur (4) 2. Etiek in kritiekesorg (2) 3. Wetgewing en wettige aspekte in kritiekesorg (2) 4. Nuwe navorsingsontwikkelinge in kritiekesorg (10) 5. Onderrig en ontwikkeling in kritiekesorg (2)	20
Gemeenskapsverpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Gesondheidsorgsisteme (4) 2. Gemeenskapsverpleegkunde (12) 3. Bestuur van gesondheidsorgsisteme (4)	20
Gemeenskapsverpleegkunde	1. Gesondheidsorgmodelle (4) 2. Individuele, gesins- en gemeenskapspatologie (12) 3. Gespesialiseerde verpleegsorg (4)	20
Gemeenskapsverpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Navorsingsmodaliteite in gemeenskapsverpleegkunde	20
Gerontologiese verpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Demografie van die bejaarde bevolking en die verouderingsproses (8) 2. Psigososiale aspekte van die verouderingsproses (8) 3. Geriatriese verplegingsvaardighede (8)	24



MODULES EN EKSAMENVRAESTELLE	Eenhede	Krediete
Gerontologiese verpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Gerontologiese dienste in SA en elders (4) 2. Rehabilitasie en tuisversorging, voeding (8) 3. Etiologie van geriatriese ongesteldhede, diagnostiese en behandelingsmetodes (12)	24
Gerontologiese verpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Navorsingsmodaliteite by gerontologiese verpleegkunde	20
Psigiatryse verpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Psigiatryse ongesteldhede volgens 'n erkende internasionale klassifikasiesistelsel (12) 2. Farmakoterapeutiese beginsels (4) 3. Berading en krisis (4) 4. Individuele psigoterapie (4)	24
Psigiatryse verpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Terapeutiese benadering tot groepe (4) 2. Gesinsterapie (8) 3. Gemeenskapspsigiatry en konsultasie (4) 4. Kinderpsigiatryse verpleegkunde (8)	24
Psigiatryse verpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Navorsingsmodaliteite in psigiatryse verpleegkunde	20
Gevorderde verloskunde en neonatale verpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Voorplantingsgesondheidsorg (8) 2. Normale swangerskap, baring, puerperium en die neonaat (16)	24
Gevorderde verloskunde en neonatale verpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Hoë risiko verloskunde (20) 2. Neonatologie (4)	24
Gevorderde verloskunde en neonatale verpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Navorsingsmodaliteite in gevorderde verloskunde en neonatologie	20
Kinderpsigiatryse verpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Algemene psigiatryse ongesteldhede by kinders (8) 2. Genetika en kinderpsigiatryse ongesteldhede (12) 3. Psigiatryse beraming van kinders en hul gesinne, toepaslike persoonlikheidsontwikkelings-teorieë (4)	24
Kinderpsigiatryse verpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Behandelingsmodaliteite	24
Kinderpsigiatryse verpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Navorsingsmodaliteite in kinderpsigiatryse verpleegkunde	20
Ortopediese verpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Rumatoïede siektes (8) 2. Tuberkulose: beeninfeksies, beennekrose (4) 3. Metabooliese en endokriene stoornisse met betrekking tot ortopediese vraagstukke (4)	24



MODULES EN EKSAMENVRAESTELLE	Eenhede	Krediete
	4. Disfasie: tumore, amputasies, neuro-vaskulêre siektes, perifere vaskulêre siektes (4) 5. Ortopediese verpleegvaardighede (4)	
Ortopediese verpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Ortopediese siektes van die verskillende liggaamsdele (8) 2. Trauma en ortopediese verpleegkunde (12) 3. Beserings van die onderste en boonste ledemate, nek en rug (4)	24
Ortopediese verpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Navorsingsmodaliteite in ortopediese verpleegkunde	20
Kinderverpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Algemene ontwikkeling van die kind. Die ontwikkeling, funksie en patofisiologie van die liggaamsdele van die kind (16) 2. Beraming van die gesondheidstatus van die kind Handhawing van die gesondheid van die kind (4) 3. Ontwikkelingsprobleme en hantering (4)	24
Kinderverpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Kinderverpleegkunde tydens kort- en langtermyn hospitalisasie (20) 2. Gemeenskapskinderverpleegkunde (4)	24
Kinderverpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Navorsingsmodalite in kinderverpleegkunde	20
Primêre kliniese gesondheidsorgverpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Sifting, beginsels van kliniese diagnoses en behandeling (8) 2. Oorsake, patologie, diagnose en behandeling/verwysing sowel as voorkoming en rehabilitasie van algemene siektes (alle ouderdomsgroepe) (14) 3. Wetgewing (2)	24
Primêre kliniese gesondheidsorgverpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Oorsake, patologie, diagnose en behandeling/verwysing sowel as voorkoming van algemene siektes (alle ouderdomsgroepe) (16) 2. Primêre moeder- en kindersorg (4) 3. Noodbehandeling (4)	24
Primêre kliniese gesondheidsorgverpleegkunde (Een drie-uur vraestel)	1. Navorsingsmodaliteite in primêre gesondheidsorgverpleegkunde	20



Reël VGH2**REËLS VIR DIE GRAAD PhD IN VERPLEEGKUNDE**

- (i) Die Algemene Reëls ten opsigte van doktorsgrade is *mutatis mutandis* van toepassing op hierdie Fakulteit.
- (ii) Om toegelaat te word om vir die graad PhD te registreer, moet 'n student voldoen aan die bepalings van die Algemene Reëls en in besit wees van die toepaslike meestersgraad van die betrokke departement of enige ander kwalifikasie wat deur die Senaat as toereikend beskou word.
- (iii) Voornemende studente moet 'n minimum van 65% in hul toepaslike meestersgraad program (NQF vlak 9 kwalifikasie) behaal het.
- (i) Studente word gekeur vir hierdie program.
- (ii) Dissipline-afkorting en modulekode: NVRT9100.

DSocSci IN VERPLEEGKUNDE**DSocSci (Verpleegkunde) (Dormant)****Studiekode 2900**

Reël VGH3**REËLS VIR DIE GRAAD DSocSci IN VERPLEEGKUNDE**

Die graad DSocSci (Verpleegkunde) kan toegeken word aan 'n gedoktoreerde wat oor 'n aansienlike tydperk omvangryke publikasies van besondere gehalte op sy/haar dissiplinegebied gelewer het.

Vir meer besonderhede kyk Algemene Reëls.

B IN GEVORDERDE VERPLEEGKUNDE**B Gevorderde Verpleegkunde (Dormant)****Studiekode 2540**

Reël VGH4**REËLS VIR B IN GEVORDERDE VERPLEEGKUNDE****Reël VGH4.1****Inligting**

Die B in Gevorderde Verpleegkunde is deel van die na-basiese program en word saamgestel uit fundamentele, kern- en elektiewe modules. 'n Keuse tussen nie-kliniese en kliniese spesialisasierigtings kan gemaak word. Spesialisasierigtings bestaan uit 'n teoretiese en praktiese komponent. Professionele registrasies kan ook met uittredes verwerf word (kyk Tabel 2). 'n Totaal van 360 krediete moet verwerf word alvorens die graad toegeken kan word.

Reël VGH4.2**Registrasie op nasionale kwalifikasieraamwerk**

Nasionale Kwalifikasieraamwerkvlak: 7 vir graad.

Nasionale Standaardveld: 09 Gesondheidswetenskappe en Welsynsdienste

Reël VGH4.3**Toelatingsvereistes en keuring**

- (i) Voornemende studente moet voor 30 September van elke jaar op die voorgeskrewe vorm by die Programdirekteur aansoek doen om tot 'n spesialiteitsarea toegelaat te word.
- (ii) 'n Generiese kwalifikasie of diploma in Verpleegkunde word vereis. Studente moet ook



as algemene verpleegkundiges by die SA Raad op Verpleging of 'n ander erkende raad as algemene verpleegkundige geregistreer wees.

- (iii) Die Skool vir Verpleegkunde behou die reg voor om inligting te vra of te bekom om sodoende te bepaal of studente voor toelating of tydens opleiding fisiek en psigies voldoende toegerus is om aan die eise van die program te voldoen, en pas in hierdie verband ook keuring toe.
- (iv) Indien 'n verpleegkundige wel 'n registrasie by die SA Raad op Verpleging vir hierdie kwalifikasie wil bekom, moet bewys van opbetaalde registrasie as algemene verpleegkundige by die SA Raad op Verpleging getoon word.
- (v) *Kinderpsigiatrisie Verpleegkunde*
Met die keuse van Kinderpsigiatrisie Verpleegkunde as spesialisasierigting, moet die student oor 'n nabasiese of basiese kwalifikasie in Psigiatrisie Verpleegkunde beskik en by die SA Raad op Verpleging of 'n ander erkende raad as Psigiatrisie Verpleegkundige geregistreer wees.
- (vi) *Gevorderde Verloskunde en Neonatologie*
Met die keuse van Gevorderde Verloskunde en Neonatologie as spesialisasierigting, moet die student oor 'n basiese of nabasiese kwalifikasie in Verloskunde beskik, en by die SA Raad op Verpleging of 'n ander erkende raad as Verloskundige geregistreer wees.

Om vir modules in hierdie spesialisasiearea te kan registreer moet voornemende studente 'n oriëntasieprogram wat deur die Skool vir Verpleegkunde goedgekeur is, deurloop en 'n toelatingstoets aflê waarvoor 'n gemiddeld van 50% vereis word.

- (vii) *Trauma en Noodverpleegkunde*
Voornemende studente moet 'n toelatingstoets aflê waarvoor 'n gemiddeld van 50% vereis word en moet gesertifiseerde bewys lewer van 900 uur per jaar praktykervaring binne die afgelope twee jaar, in die spesialiteitsarea waarvoor toelating versoek word.

Trauma en Noodverpleegkunde I (TAV116) is 'n voorvereiste om vir Trauma en Noodverpleegkunde II (TAV126) te kan registreer.

- (viii) *Operasieteaterverpleegkunde*
Voornemende studente moet 'n vaardigheidstoets aflê of 'n geldige bewys lewer dat hulle oor sekere sleutelvaardighede beskik en moet gesertifiseerde bewys lewer van 900 uur per jaar praktykervaring binne die afgelope twee jaar, in die spesialiteitsarea waarvoor toelating versoek word.
- (ix) *Verpleegonderwys*
Voornemende studente moet 'n subminimum van 60% vir 'n vorige hoër onderwys verpleegkunde-kwalifikasie behaal het.

Voornemende studente wat reeds verpleegonderwysposte beklee, sal na aanleiding van statutêre vereistes voorkeur geniet.

- x) *Kritiekesorgverpleegkunde*
Voornemende studente moet 'n toelatingstoets aflê waarvoor 'n gemiddeld van 50% vereis word en moet gesertifiseerde bewys lewer van 700 uur per jaar praktykervaring binne die afgelope twee jaar, in die spesialiteitsarea waarvoor toelating versoek word. 'n



Uitsondering kan gemaak word indien die student 'n gemiddeld van 65% in die vorige akademiese kwalifikasie behaal het.

(xi) *Primêre Kliniese Gesondheidsorg*

Voornemende studente moet oor 'n kwalifikasie in Gemeenskapsverpleegkunde beskik vir toelating tot registrasie in Primêre Kliniese Gesondheidsorg. Voornemende studente moet 'n toelatingstoets skryf waarvoor 'n gemiddeld van 50% behaal moet word en moet gesertifiseerde bewys lewer van huidige praktiese ondervinding in die gespesialiseerde area waarin hulle aansoek doen vir toelating. Toelating kan bekom word deur die suksesvolle voltooiing van 'n toepaslike kortleerprogram.

(xii) *Gesondheidsorgbestuur*

Voornemende studente moet gesertifiseerde bewys lewer van 700 uur per jaar praktykervaring binne die afgelope twee jaar, in die spesialiteitsarea waarvoor toelating versoek word.

Reël VGH4.4 Hertoelating en stuiting van student

UV Algemene Reël A3.11 en A6 is van toepassing.

- (i) Studente wat ná die minimum tydsduur vir die betrokke kwalifikasie plus twee jaar, gereken vanaf datum van eerste registrasie vir die betrokke kwalifikasie, nog nie die kwalifikasie behaal het nie, mag slegs met toestemming van die Dekaan toegelaat word om die studie te voltooi.
- (ii) Studente mag ook nie meer as twee keer vir dieselfde module registreer nie, behalwe met toestemming van die Dekaan.
- (iii) Indien 'n student erkenning vir vorige leer ontvang, geskied die berekening van die tydsduur op dieselfde beginsels soos in (i).

Reël VGH4.5 Toelating tot eksamens

Om toegelaat te word tot die amptelike eksamens, behalwe indien die Dekaan anders besluit, moet 'n minimum modulepunt van 40% behaal word vir die student om toegelaat te word om die amptelike eksamen te kan skryf – Reg A9.2 (a).

Reël VGH4.6 Slaagvereistes

- (i) Die slaagsyfer vir 'n module is 50%.
- (ii) 'n Modulesyfer word deur middel van formatiewe assessering verwerf, en behels 50% van die finale slaagsyfer.
- (iii) Die kliniese kernmodules bestaan uit Verpleegkunde (Teorie) en Verpleegkunde (Prakties) en moet afsonderlik geslaag word.
- (iv) Alhoewel alle demonstrasies en verpligte pasiëntkontakgeleenthede bygewoon moet word, word spesiale reëlings getref wanneer 'n student dit om aanvaarbare redes nie kan bywoon nie.
- (v) Promovering vind nie in Verpleegkunde kern-, fundamentele en elektiewe modules plaas nie.



- (vi) Slaagvereistes vir praktika is 50%.
- (vii) 'n Subminimum van 50% vir praktika geld in die eksamen.
- (viii) Indien 'n OSKA-eksamen (objektief gestruktureerde kliniese assessering) afgelê word, moet 'n subminimum van 40% per OSKA stasie behaal word.

Reël VGH4.7 Verpleegkunde praktika

Alle fasette van die praktika met inbegrip van die omvang en rooster, word deur die Hoof van die Skool vir Verpleegkunde gereël.

Verpleegkunde praktika moet in geakkrediteerde kliniese fasiliteite wat vir die Skool deur die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging geakkrediteer is, deurloop word.

Reël VGH4.8 Slaag met lof

Die B in Gevorderde Verpleegkunde word met lof toegeken indien:

- (i) In al die Verpleegkunde-modules 'n gesamentlike gemiddelde syfer van 75% behaal word.
- (ii) In enige 10 resterende modules 'n gesamentlike gemiddelde syfer van minstens 75% behaal word.
- (iii) Voltooi die kwalifikasie in die minimum tydperk en het nie enige modules gedruip of herhaal gedurende 'n bykomende eksamen behalwe vir die verbetering van 'n final punt.

Reël VGH4.9 Vrystelling en erkenning van modules en temas van modules

Erkenning van modules wat ooreenstem met modules in hierdie graadprogram word gegee op voorwaarde dat die aantal krediete waarvan die student erkenning verkry nie die helfte (180 krediete) van die graad se saamgestelde krediete oorskry nie.

Vrystelling van 'n tema van 'n module soos uiteengesit in die leerprogram (kurrikulum) kan gegee word, nadat die student aan die assesseringsvereistes van erkenning van vorige leer voldoen het. Die punt van die oorblywende temas wat verwerf word, word na 'n persentasie verwerk.

In Tabel 1 is modules van die volgende gevorderde universiteitsdiplomas wat vanaf 1994 tot 1999 deur die Skool vir Verpleegkunde aangebied is en wat nou aan modules in die B in Gevorderde Verpleegkunde gelykgestel word.

Gevorderde Universiteitsdiploma in Verpleegadministrasie (GDVA)

Gevorderde Universiteitsdiploma in Verpleegonderrig (GDVO)

